

SA Graan Grain



APRIL
2019



FENDT

KONGRES '19
NUWE VOETSPOR
BESPREEK

VERBOUING
FNUIK SCLEROTINIA
MET REGTE BESTUUR

GRAAN-FINALIS
AS BOER IN
JOU BLOED IS

Landini

7 REEKS

GEREED VIR DIE MODERNE LANDBOU-UITDAGINGS



LANDINI 7 REEKS ENJINS

Landini 7 Reeks	7-160	7-180	7-200	7-220	7-230
Maks. Enjinkrag (kW)	116	121	133	140	147


ARGO INDUSTRIAL (PTY) LTD.

VIR MEER INLIGTING KONTAK JOU NAASTE HANDELAAR: HOOFKANTOOR: (011) 914 1700
KAAPROVINSIE: (060) 987 0502 • LIMPOPO / MPUMALANGA: 079 211 2506 • VRYSTAAT / NOORDWES: 082 879 9550 • KWAZULU-NATAL / OOS-KAAP: 082 907 4336
www.argo.co.za • landini@argo.co.za

EIENAAR/UITGEWER

GRAAN SA
POSBUS 74087, LYNNWOOD RIDGE, 0040
Tel: 086 004 7246
www.grainsa.co.za

SUBSKRIPSIE EN VERSPREIDING

(ADRESVERANDERINGE): Marina Kleynhans
SA GRAAN/GRAIN, POSBUS 88, BOTHAVILLE, 9660
Tel: 086 004 7246
E-pos: marina@grainsa.co.za

REDAKSIE

Dr Dirk Strydom
BESTUURDER: GRAANEKONOMIE EN BEMARKING
Tel: 086 004 7246 • Sel: 082 852 4810
E-pos: dirks@grainsa.co.za

REDAKTEUR: Estie de Villiers
Tel: 081 236 0534 • Sel: 083 490 9449
E-pos: estie@infoworks.biz

BESTURENDE REDAKTEUR: Johan Smit
Tel: 018 468 2716 • Sel: 082 553 7806
E-pos: johan@infoworks.biz

REDAKSIONELE ASSISTENT: Elmiën Bosch
Tel: 018 468 2716 • E-pos: elmiën@infoworks.biz

GRAFIESE ONTWERP: Nadine Stork
Tel: 018 468 2716 • E-pos: nadine@infoworks.biz

DRUKWERK: Typo Print
Tel: 011 402 3468/9

MASSAVERSPREIDING: Prosource
Tel: 011 791 0410

SPOTPRENTEKENAAR: Frans Esterhuyse

ADVERTENSIEVERKOPE

KOLBE MEDIA – Kaapstad
Jurgen van Onselen – advertensiekoördineerder
Tel/faks: 021 976 4482 • Sel: 082 417 3874
E-pos: jurgen@kolbemediamedia.co.za

SCHMILTZ MARKETING – Johannesburg
Ruth Schultz – advertensiekoördineerder
Tel: 081 480 6413 • Sel: 083 583 5243
E-pos: ruth@schmiltz.co.za

GRAAN SA HOOFKANTOOR

Blok C, Aletti Office Park
Witherilstraat 457
Die Wilgers
Pretoria
0041

Tel: 086 004 7246
Faks: 012 807 3166



Besoek Graan SA by www.grainsa.co.za of skandeer dié QR-kode:



- Die menings van die skrywers van artikels in hierdie blad is hul eie en verteenwoordig nie noodwendig die mening van Graan SA nie.
- The opinions expressed by contributors are their own. They do not necessarily express the opinion of Grain SA.
- "Promosie-artikels" is betaalde artikels; terwyl "produkt-inligting"-artikels feite kan bevat oor kommersiële produkte.
- "Advertorials" are paid articles; while "product information" articles may contain facts on commercial products.

ALLE regte van reproduksie van alle berigte, foto's, tekeninge, advertensies en alle ander materiaal wat in hierdie tydskrif gepubliseer word, word hiermee uitdruklik voorbehou ingevolge die bepalinge van Artikel 12(7) van die Wet op Outeursreg Nr. 98 van 1978 en enige wysigings daarvan.

Voorpunt

Estie de Villiers, redakteur



"Vir elke mens het die pad van elke jaar 'n paar bakens wat vir hom van tyd tot tyd die aanduiding is van hoeveel hy al agter die rug het en hoeveel nog vorentoe lê. Op die plaas was hierdie bakens vir ons bedrywighede soos oestyd, skeertyd en die groot beeslag," skryf Alba Bouwer in haar skets *Tant Hanna kom hoed koop*. Mense in landbou is nou maar eenmaal vier seisoene-kinders. Vra jy enige plaaskind wanneer hulle see toe gaan, is die antwoord heel waarskynlik: "Sodra ons klaar geplant het." Net so gebeur dinge "eers ná die oes af is", "met die eerste ryp" of "as die botterblomme begin blom het".

Te midde van die hoëspoed uitdagings wat vandag se lewe bied, bly hunker ons nou maar eenmaal na gebeurtenisse as jaarringe van die bekende – beide negatief en positief. 'n Landboujoernalis se nota-boekie bevat dikwels aantekeninge van die "nege jaar-droogte" of die "droogste seisoen in 100 jaar". Aan die positiewe kant, verskyn daar gelukkig ook notas soos "elf dekades in landbou", "die grootste mielie-oes ooit," en "150 jaar van diens aan die landbou".

Van 150 jaar gepraat: Baie geluk aan Northmec wat vanjaar een en 'n halwe eeu van dienslewering aan Suid-Afrikaanse produsente vier. Voorwaar 'n spogprestasie! New Holland herdenk ook 'n 100 jaar sedert die bekendstelling van die eerste Fiat-trekker. Kyk gerus in ons kraakvars NAMPO-uitgawe watter verskaffers nog almal die jaar 100 jaar of ouer is.

'n Jaarlikse baken in die graanbedryf, is die Graan SA Kongres. In die uitgawe gee ons in diepte terugvoer oor wat by vanjaar se Kongres, met die tema "'n Kritiese refleksie vir 'n nuwe voetspoor", bespreek is – **bladsy 18**. Die sprekers het onder meer temas soos "Die politieke en ekonomiese

omgewing in Suid- en Suider-Afrika" (**bladsy 30**) en "Verskansing van graanpryse: Tien lesse te leer" (**bladsy 34**) – gedek.

Die werksgroepe van die onderskeie kommoditeite het opnuut die soeklig tydens die wegbreksessies op bedryfsaangeleenthede laat val (**bladsy 40**). En alhoewel die pryse van die kommoditeite steeds onder druk bly, het Graan SA se lede hul bydrae positief gelewer en is 'n baie mooi heffingsbedrag ontvang wat dui op die positiwiteit van produsente teenoor die organisasie (**bladsy 27**).

Erkenning is ook aan verskeie maatskappye gegee wat vanjaar hul 100ste en selfs 110ste bestaansjaar vier (**bladsy 26**). Voorwaar 'n mylpaal en baken vir dié besighede en hul klante!

'n Ander groot baken vir produsente is die Oesdag wat in Meimaand plaasvind. Saam met dié uitgawe word 'n aparte tydskrif wat net op NAMPO 2019 fokus, uitgegee. Buiten dat NAMPO die vertoonvenster van landbou in Suid-Afrika is, kan jy jou kom verkyk, vergaap of sommer net verstom oor wat beskikbaar is om jou werk op die plaas makliker, vinniger en meer doeltreffend te doen. Hier is al die nuutste werktuie, toerusting, tegnologie en nog vele meer gerieflik op een terrein byeen sodat jy produkte en dienste met mekaar kan vergelyk, vrae kan vra en produkkennis kan opdoen om ingeligte besluite in jou boerdery te neem.

Op die keper beskou, is 2019 'n saakmaak-jaar. In die 25ste jaar van demokrasie, vind die sesde algemene verkiesing op 8 Mei plaas. Voeg hierby die vierbare en herdenkbare mylpale in jou eie lewe en verseker dat hierdie seisoen tel.

Lekker lees tot aanstaande maand!

Estie



Op die voorblad

Die Fendt-trekkerreeks van 94 kW tot 380 kW, wat deur BHBW versprei word, ontsluit nuwe moontlikhede vir graanprodusente as dit kom by werkverrigting en brandstofbesparing. Twee jaar ná die bekendstelling van Fendt in Suid-Afrika, gaan dié tegnologiegevoerde trekkers van krag tot krag.



Inhoud | Contents

GRAAN SA GRAIN SA

- 12** The Corner Post: Dreams come true with motivation and support
- 14** Mentorskap kan jou lewe verander
- 15** Nuwe gesigte by Graan SA
- 16** Commitment enables progress towards sustainable land use

RUBRIEKE FEATURES

- 4** Ter sake | On the agenda
- 5** Uit die Woord
- 6** Hoofartikel: Bly kalm en hou kop
- 6** Editorial: Remain calm and keep a level head
- 8** Hoofstorie: Ontwyk Sclerotinia deur verbouingspraktyke reg te bestuur
- 83** Pêrels vir die Vrou: Is jy afgewonde oor die groot Oesdag?
- 84** E-posse aan Grootneef: Die fees van die opwekkers

TERUGBLIK OP KONGRES | REVIEW ON CONGRESS

- 18** Voetspore...reflekteer vandag oor joune, want dit is môre se nalatenskap
- 26** 100 jaar (of langer)-mylpale gevier
- 26** Dienslewering hul forte
- 27** Producente positief teenoor organisasie
- 28** Dis tyd vir vorentoe kyk en deelneem, sê Jaco Minnaar
- 30** An objective look at land reform
- 32** The power of relationships – a story of two game rangers
- 34** Grain commodities: Looking back and ahead
- 37** Graan SA se leierskorps soos op 7 Maart 2019
- 40** Wegbreekessies plaas bedryfsaangeleenthede onder die soeklig
- 46** Mei die louere wegstap
- 47** Borge van Graan SA Kongres

Geen kultivar is bestand teen Sclerotinia nie, maar 'n mens kan wel met plantdatum en 'n vinnige kultivar die siekte ontwyk.

Aanlyn | Online

Besoek ons aanlyn



www.grainsa.co.za



Joomag

Visit www.joomag.com for an e-version of SA Graan/Grain



Joyn


Grain SA's loyalty card app – find it on your app store

Telegram



Telegram

A messaging app for Grain SA members – available on your app store



OP PLAASVLAK


ON FARM LEVEL

- 48** Graanmark-oorsig: Gars en hawer: Hoe lyk die mark?
- 50** Inset-oorsig: Alles en nog meer oor diesel
- 52** Argentine no-till systems: Major elements, insights and challenges
- 55** As boer in jou bloed is
- 58** Carbon sequestration potential of Western Cape grain farming systems Part 2
- 62** Gevreesde VSA-onkruid nou ook in Suid-Afrika
- 64** Die plaagdoderetiket: Jou paspoort tot sukses en veiligheid
- 68** Oorwintering in 2019: Uitdagings en praktiese riglyne
- 72** Mielie-opkoms: Die groot impak van een dag
- 75** Data connectivity to revolutionise Africa's agricultural supply chain

AKTUEEL

RELEVANT

- 76** Klimaatverwagtings vir die vroeë winter
- 78** Grain SA/Sasol photo competition: Capturing #LoveFarming with animals
- 80** Boeredag in extravaganza omskep
- 82** Swart ekonomiese bemagtiging Deel 2: Gewysigde agri-SEB-sektorkode



Make sure to get your **FREE COPY** of SA Graan/Grain's annual NAMPO Harvest Day edition together with this issue.

Kyk uit vir...



Over the past years, the Farmer Development Programme has been very blessed by the support that has been received, not only from the Trusts, but also from companies in the broader

value chain. On **page 16 JANE MCPHERSON** (Grain SA) tells us about these commitments that enable progress towards improved and sustainable land use.



MARLEEN SMITH (SA Graan/Grain medewerker)

het by die Van Zyls van Marseilles tussen Tweespruit en Ladybrand in die Suidoos-Vrystaat gaan inloer. Dié finaliste in die Graanprodusent van die Jaar-toekenning vertel onder meer hoekom boer in hul bloed is, van die nuwe praktyk wat hulle beproef om skraalhanse te bekamp en gee hul mening oor groepsbedinging onder produsente. Meer op **bladsy 55**.



Winter is amper hier en die fokus skuif nou na die suidelike en suid-westelike gedeeltes van die land in terme van klimaatverwagtings, spesifiek reënval. Op **bladsy 76** kyk

COBUS OLIVIER (Suid-Afrikaanse Weerdiens) na die voorspellings vir die vroeë winter. Volgens hom wys die minimum temperature vir die somerreënvalstreke gedurende Maart tot Junie dat bo normale temperature verwag kan word en is die kans dus skraal dat daar vroeë ryp sal wees.

Uit die Graan SA-dagboek | From Grain SA's diary

» Graan SA se navorsingspan het in Februarie, in samewerking met die Universiteit van Stellenbosch (US), met hul **Wheat Breeding Platform** deelgeneem aan 'n uitstalling van die Departement van Wetenskap en Tegnologie in die parlement.

Hommeltuigtegnologie is besig om groot veranderinge in landbou te weeg te bring en kan gebruik word om inligting meer doeltreffend en vinniger in te samel. Die hommeltuie wat uitgestal is, word gebruik om inligting te versamel oor die status van gewasse.

» Die Johannesburgse Aandelebeurs (JSE) het aangekondig dat die **standaardkontrakgroottes** vir fisiese lewerings van **soetsorghum (SORG)** en **bittersorghum (SGBT)** van 100 ton na 30 ton verminder is. Dit kom ná 'n versoek van die bedryf – hoofsaaklik as gevolg van 'n afname in die plaaslike produksie van sorghum.



Miekie Human van Graan SA

Multimedia

» Grain SA on 28 March alerted producers to continue scouting for the presence of **herbivorous insect pests** in their fields. The impact it could have on certain herbivorous insect pests is important to consider, therefore, it is recommended that producers remain vigilant. Caterpillar feeding can cause damage to plants, especially young plant material. Early detection and identification is key to beat the pest before it becomes a major problem. Some economically important caterpillar pests of grain crops include African armyworm, African bollworm, African maize stem borer, Chilo borer, fall armyworm and false armyworm. Follow the QR code for information on identification of different caterpillar pests.



» Na afloop van Graan SA se Kongres op 6 en 7 Maart vanjaar, het **Jaco Minnaar**, voorsitter van Graan SA, 'n opsomming van sake gegee. Skandeer die QR-kode.



» **Jannie de Villiers**, uitvoerende hoofbestuurder van Graan SA, het op 27 Februarie met Moneyweb gesels oor die geskatte 10,5 miljoen ton mielies wat vanjaar verwag word en watter uitwerking dit op Suid-Afrika gaan hê.



Kortliks | In short

» Dr Hendrik Smith, bewaringslandboufasiliteerder by Graan SA, was in Februarie vanjaar een van die sprekers by die **bewaringslandbou-boeredag**, wat jaarliks deur die **Ascent Studiegroep** naby Vrede aangebied word. Die fokus van dié geleentheid was die rol van die veefaktor in bewaringslandbou. Volgens dr Smith is die drie beginsels waarop bewaringslandbou geskoei is, die beperking van bewerking tot die absolute minimum, die diversifisering van plante in die grond en 'n permanente deklaag op die grond.



Dr Hendrik Smith

» Die bekende aanbieder van **RSG Landbou** (ook bekend as Radio Elsenburg), **dr Chris Viljoen**, tree af. Sy loopbaan agter die mikrofoon wat aan landbou toegewy is, strek oor byna 50 jaar. Sedert hy begin het as omroeper op die destydse *Calling all farmers* het hy ononderbroke landbou radioreekse vervaardig en uitgesaai. Sy vasberadenheid en deursettingsvermoë om stories en sake van die dag wat die produsent raak, na te vors, op te neem en uit te saai, is wat die radioreeks uitsonderlik gemaak het. Eloise Preforius sal voortaan die program behartig.



Dr Chris Viljoen

» **Jub Jubelius**, eertydse voorsitter van die NAMPO Oesdagkomitee asook die SA Graan/Grain Redaksiekomitee, het op 16 Maart sy 70ste verjaarsdag gevier. Sy kinders het besluit om die viering se tema boerdery te maak en natuurlik het sy gunsteling tydskrif, SA Graan/Grain, deel gevorm van die tafelversierings. Jub en Lettie woon deesdae op Kroonstad.



Jub en Lettie Jubelius



Nuus | News

» Kundige Amerikaner leer by produsente

Tydens *Landbouweekblad* se herlewingslandboukongres wat in Maart saam met Graan SA en die Ottosdal-geenbewerkingsklub aangebied is, het **prof Buz Kloot** van die Universiteit van Suid-Carolina in Amerika gesê dat daar produsente in Suid-Afrika is wat aan die voorpunt van internasionale herlewingslandbou staan – veral danksy die wyse waarop hulle vee in die stelsel inbring. Hy het genoem dat hul Amerikaanse produsente ultrahoëdrukbeveiding wil toepas soos dit hier gedoen word. Die feit dat die veldtog om herlewingslandboupraktike in Suid-Afrika te vestig, deur produsente self aangevoer word – sonder hulp van die staat – het hom ook beïndruk.

» Groundnut harvest shrank

As a result of the drier weather conditions at the start of the planting season – October to December 2018 – and the late rain, groundnut plantings are far less than the 50 000 ha that was intended. This year's production is a **66% decrease from the average production** for South Africa of 56 300 ha. In the 2018/2019 production season only 19 200 ha were planted. This is the smallest planted area on record, according to Grain SA head economist, Luan van der Walt.

» SA kan tot 1 miljoen ton mielies invoer

Gegronde op verskeie markfaktore asook die oesskatting kan Suid-Afrika in die nuwe bemarkingsjaar tussen 600 000 ton en 1 miljoen ton geelmielies invoer, aldus **dr Werner Rossouw**, handelaar en direkteur van Silostrat.

» Five-year plan on government's table

A delegation of the agricultural value chain, of which Grain SA forms part, met with the Director General of the Department of Planning, Monitoring and Evaluation (DPME) in the Presidency as part of the on-going **Public Private Growth Initiative** (PPGI) highlighted in the 2019 SONA by President Ramaphosa. The purpose of the meeting was to submit five-year industry plans to DPME and relevant line departments of government; to start addressing the inhibitors of investment and growth impacting negatively on industries and to submit to government bankable and viable projects for implementation support.

» More planting means better sales

During February the Crop Estimates Committee (CEC) increased its estimate for South Africa's 2018/2019 summer grain and oilseed plantings by 3% from January 2019 to 3,7 million ha. South Africa's **agricultural machinery sales data** confirms the CEC's view of increased summer grain and oilseed plantings between January and February 2019 in the western parts of the country. The latest data shows that tractor sales are up by 36% and February sales of combine harvesters increased from four to 15 units – both numbers are still lower than 2018 and the long-term average of the corresponding month.

» Enough vitamin C available

The South African citrus industry is forecasting its second consecutive **record export crop** this year, with a pre-season estimate indicating that total volumes will rise 0,7% year-on-year to 137 million 15 kg-equivalent cartons.

Buite ons grense | Outside our borders




» Glyphosate given the green light

The Australian farming community can breathe a sigh of relief with news that glyphosate – an input for Australian farming systems – has been deemed **safe and not carcinogenic**, despite some claims. *The Australian Pesticides and Veterinary Medicines Authority* (APVMA) has also concluded that glyphosate does not pose a cancer risk. Crop protection products directly underpin more than AUD\$18 billion of Australia's crop production.

UIT DIE Woord

Ds Koos Kirsten



In die somersaaigebied begin die groeiseisoen nou einde se kant toe staan. Wat 'n seisoen was dit nie – met reën wat laat gekom het of glad nie gekom het nie! Nou hou sommige produsente weer asem op oor die datum van die eerste ryp.

Hierdie dinge en nog baie ander sake, soos die land en wêreld se ekonomie en klimaatsverandering, laat kundiges sê dat ons anders moet begin dink oor landbou en landboupraktike in die wêreld. Ons moet nuut begin dink.

Die Groot Kundige oor mense en hulle optrede, naamlik die Heilige Gees, sê dat ons nuut moet begin dink oor alles in die lewe. In Romeine 12:12 lees ons dat ons nie soos die wêreld mag dink en leef nie. Ons mag nie wêreldgelykvormig wees nie. Ons hele lewe en optrede moet daarvan getuig dat ons gelowiges is.

Die manier hoe ons ons plase en personeel bestuur en beheer moet wees soos God dit wil hê en nie soos ongelowiges dit doen nie.

Ons kan alleen vernuwe word in ons denke en gemoed deur die werking van die Woord en die Heilige Gees. Dit beteken dat die Bybel ons handboek van vernuwing moet wees. Die Bybel moet bepaal hoe ons oor alles dink en hoe ons in alle omstandighede optree.

*Ons hele lewe en
optrede moet
daarvan getuig dat
ons gelowiges is*

Ons word deur ons geloof aan Christus verbind. Hierdie band is so sterk dat die apostel Paulus in 2 Korintiërs 5:17 sê dat hy wat in Christus glo 'n nuwe mens is. As ons dan nuut is, moet ons optrede ook nuut wees. Om nuut op te tree, moet dit wat ons optrede bepaal, naamlik ons denke, nuut word.

Laat ons dan nou nuut word in ons denke en gemoed om nuut op te tree in die wêreld waarin ons leef en beweeg. ●

Bly kalm en hou kop

Ek het nogal baie kilometers die afgelope drie maande afgelê. Eers tydens die vakansie en toe met al die streeksvergaderings. Een verskynsel oral op ons land se paaie het my aan die dink gesit. Dit is daardie motors wat teen so 140 km/h op die afdraandes by 'n mens verbykom, om maar weer net teen 80 km/h teen die opdraandes vas te val.

As jy genoeg perdekrag het en jy ry op *cruise control* is dit regtig 'n pyn. Is dit nie maar so met mense ook nie? Hoe baie van ons vang nie net spoed as dinge goed en lekker gaan nie? Sodra die opdraandes kom, dan begin ons spoed verloor en blameer ons ander so maklik.

Ek dink nie die ouens wat spoed verloor se probleem lê noodwendig by die bestuurders nie, maar wel by dit wat onder die enjinkap aangaan. My wyse jong dogter het ook nogal opgemerk dat die hoeveelheid bagasie in die katebak, veral oor die verlede, ook baie keer ons spoed verminder.

As Graan SA spoed moet verloor elke keer as ons 'n vorm van teenspoed optel, moes ons al lankal langs die pad afgetrek en gestop het. Hoeveel spoed verloor jy as die moeilikheid kom? Graan SA bly in ons mensekapitaal belê om seker te maak dat alles klopdisselboom gaan. Hier gaan dit nie net oor kundigheid nie, maar ook oor die geestelike gesondheid van ons leiers en personeel.

Ek moet maar baie keer ook selfondersoek doen as daar 'n nuwe uitdaging kom of 'n slegte uitkoms is na 'n moeilike vergadering. Dit bly egter soos 'n paal bo water staan: Die helling van die bulte wat ons moet uit, moenie ons spoed beïnvloed nie. Dit is nie 'n slegte ding om gereeld jou bagasiebak na te gaan en dinge af te laai wat jy nie vorentoe gaan nodig hê nie.

Dit bly egter soos 'n paal bo water staan: Die helling van die bulte wat ons moet uit, moenie ons spoed beïnvloed nie

Die huidige bulte van gebrek aan winsgewendheid en die vyandigheid van 'n nasie vir wie ons daaglik van kos moet voorsien, is dinge wat 'n mens maklik kan

Remain calm and keep a level head

I have travelled many kilometres over the past three months. First during the holiday and then to all the regional meetings. One phenomenon everywhere on our country's roads has got me thinking. It is those cars that pass you at 140 km/h going downhill, only to get stuck again at 80 km/h going uphill.

If you have enough horsepower and you are driving on *cruise control* it is really frustrating. Isn't it the same with people too? How many of us speed up only when things are going well and without a hitch? As soon as things start going uphill again, we lose speed and then it is so easy to blame others.

I don't think the problem of the guys losing speed necessarily lies with the drivers, but rather with what is going on under the bonnet. My wise young daughter also remarked that the amount of luggage in the boot, particularly about the past, also often reduces our speed.

If Grain SA were to lose speed every time we encountered some form of setback, we should have stopped by the wayside long ago. How much speed do you lose when trouble starts? Grain SA remains invested in our human capital to make sure that everything goes well. Here we are not concerned only with expertise, but also with the mental health of our leaders and staff.

I also often have to do some soul searching if a new challenge appears or a difficult meeting has a poor outcome. However, it remains as plain as a pikestaff: The steepness of the hills we have to navigate should not affect our speed. It is not a bad thing to check your boot regularly and to unload things you won't need further on.

The current hills of lack of profitability and the animosity of a nation we have to provide with food every day, are things that can easily hold one back. Apathetic producers who only jump on the bandwagon and lie around on the social couches, grow beards and criticise without contributing a cent to organised agriculture do not sound like the type of engine I want under my bonnet.

What happened to the true-blue producers to have reached that level? It actually seems as if each little group is now establishing its own party, circling the wagons and thinking they will tame the Wild West on their own. In the process we see that those in the middle of the road are becoming increasingly fewer. This is actually



Jannie de Villiers
HUB/CEO
Graan SA/Grain SA
jannie@grainsa.co.za

terughou. Apatiese produsente wat net rugryers is en op die sosiale rusbanke lê, baarde groei en kritiseer sonder om 'n sent tot georganiseerde landbou by te dra, klink nie juis soos die tipe enjin wat ek onder my kap wil hê nie.

Wat het gebeur dat landbouers in murg en been op daardie tipe vlak gekom het? Dit wil komplete lyk of elke groepie nou 'n eie party stig, laer trek en dink hulle sal die Wilde Weste op eie houtjie tem. In die proses sien ons dat diegene in die middel van die pad al hoe minder word. Dit is juis dié groepie wat vir mense moet wys waar die pad is sodat hulle nie die hele tyd deur die dongas en slote hier aan die kant van die pad ry nie.

Die huidige jaar se rekordverbruiksyfers van bykans alle grane, is baie bemoedigend. Dit gaan beslis die voorraadvlakke laat daal

en verbeter die prysvooruitsigte vir die volgende seisoen. Dalk is daar weer 'n afdraande voor.

Die pad na die ware Suid-Afrika is 'n moeilike een, maar ons soek manne en vroue wat kan lei teen die opdraandes – almal vang spoed teen die afdraandes. Dit is juis nou wat ons dapper moet wees, kalm bly en kophou. Sterkte. ●



The group that has to show people where the road is so that they do not keep on hitting the dongas and ditches at the side of the road.

However, it remains as plain as a pikestaff: The steepness of the hills we have to navigate should not affect our speed

The current year's record consumption figures of virtually all grains are very encouraging. This will definitely allow the stock levels to drop and improve the price prospects for the next season. There may be another downhill phase ahead.

The road to the true South Africa is a difficult one, but we are looking for men and women who can lead going uphill – everyone can speed up going downhill. We have to be brave now, remain calm and keep a level head. All the best. ●

Ontwyk SCLEROTINIA deur verbouingspraktyke reg te bestuur



Wessel van Wyk,
akkerboukundige wat
spesialiseer in sojabone
en PNS-kontrakteur

Sclerotinia is tans, naas droogte, die grootste oorsaak van lae opbrengste in sekere seisoene in groot dele van Suid-Afrika waar sojabone verbou word. Dit is ongelukkig so dat dit beskou word as 'n "goeie produsent-siekte". Die sojabone van goeie produsente word gewoonlik onder optimale verbouingspraktyke aangeplant, wat lei tot welige plante wat gou die blaredak toemaak en geskoei is op vogbewaring en die maksimum gebruik van fotosintese vir goeie opbrengste.

Hierdie sogenaamde optimale groeitoestande is egter een van die hoofredes waarom Sclerotinia voorkom. Die mikroklimaat wat onder die blaredak vorm, is ideaal vir die ontwikkeling van die siekte met gevolglike besmetting en verlaging in opbrengs.

In goeie seisoene waartydens genoeg reën voorkom, is die siekte veral prominent in gronde waar dit in vorige seisoene al opgemerk is. Dit vang produsente dikwels onkant, aangesien 'n potensieële oes van oor die 3 t/ha in Februarie/Maart op droëland, skielik kan verander na 'n opbrengs van onder 1,5 t/ha.

Die voorkoms van Sclerotinia hou verder verband met die feit dat daar in goeie seisoene gewoonlik tye is waartydens reën daaglik voorkom met bewolkte weer wat temperature verlaag. Dit is voordelig vir die ontwikkeling van die siekte.

Sodra die simptome van Sclerotinia in 'n land opgemerk word, is dit reeds te laat om enigiets daaraan te doen. Die siekte het dan al versprei binne die plant en dit kan nie maklik raakgespuit word indien swamdoders gebruik word nie.

Proaktiewe beheermaatreëls

Sekere chemiese maatskappye maak daarop aanspraak dat hulle produkte wel die verspreiding van die siekte kan verminder, maar die feit bly staan dat daar dan reeds genoeg besmetting is om opbrengste drasties te verlaag. Proaktiewe maatreëls is noodsaaklik in 'n poging om die siekte te beheer.

Baie van die navorsing oor Sclerotinia het tot op hede veral daarop gefokus om swamdoders te ontwikkel wat die siekte beheer, kultivars te teel wat weerstandbiedend is en om verbouingsaspekte soos laer plantpopulasies, wyer rywydtes, later plantdatums en minder vatbare kultivars te gebruik. Die probleme met al hierdie pogings is egter dat die swamdoders (hoe goed ook al) nie toegedien kan word waar die siekte ontwikkel nie, want die digte blaredak van sojas veroorsaak dat die plek van besmetting – gewoonlik op die eerste twee nodes vanaf die grond – nie raakgespuit kan word nie.

Met teling vir weerstandbiedendheid is gevind dat multigene ter sprake is, wat dit baie moeilik maak om weerstandbiedende kultivars te teel. Die verbouingsaspekte wat voorgestel word, is in die meeste gevalle nie bydraend tot hoër opbrengste nie en dus sal daar in 'n seisoen waarin die siekte nie voorkom nie wel opbrengsverlagings wees as gevolg van suboptimale verbouingspraktyke.

*Met teling vir
weerstandbiedendheid is
gevind dat multigene ter
sprake is, wat dit baie moeilik
maak om weerstandbiedende
kultivars te teel*

Vatbaarheid

Daar word deesdae baie werk gedoen om bestaande kultivars se vatbaarheid vir Sclerotinia te "toets". Selfs dit is egter nie van veel waarde nie, aangesien hierdie navorsing in glashuise gedoen word en nie vergelykbaar is met wat onder veldtoestande gebeur nie. 🔄

1




2




3



1. Sclerotinia-besmetting op sojabone (links) – met geen besmetting op die vinnige groeier (regs van swart lyn).
2. Erge Sclerotinia-besmetting in die land. 3. Simptome van Sclerotinia op die stam van die plant.



Grafiek 1: Die persentasie Sclerotinia-besmetting en opbrengs van sojaboonproewe te Kinross in 2008/2009.



Grafiek 2: Die persentasie Sclerotinia-besmetting en opbrengs van agt kultivars te Kinross in 2009/2010.

Van die werk wat reeds gedoen is, wys dat sekere kultivars minder vatbaar is as ander. Navorsers wat jaarliks baie van die produsente besoek, weet egter dat sekere kultivars wat volgens die sogenaamde sifting baie vatbaar is of omgekeerd minder vatbaar is, nie in die veld so realiseer nie. Hierdie waarnemings is as gevolg van die feit dat kultivars in die glas-huise kunsmatig besmet word en nie die gedrag van die kultivar in die veld in ag neem nie.

Die hele idee agter die "ontwikking" van Sclerotinia is geskoel op die groeistadium van 'n sekere kultivar wanneer die toestande vir die ontwikkeling van die siekte optimaal is. Vir askospore om te ontkiem en die plant te besmet, is die teenwoordigheid van blomblaartjies wat begin droog word waar die peule vorm of waar blomme afgespeen word en daar dus 'n "wond" op die plant vorm, 'n vereiste.

Droë blomblaartjies dien as voedsel vir die spore om te ontkiem en sou daar reeds peule wees en geen blomme nie, is dit hoogs onwaarskynlik dat plante besmet sal raak.

Volwassenheidsgroep

Die bestuur van die plantdatum en die tipe volwassenheidsgroep waarbinne die kultivar val, is baie belangrik om Sclerotinia te vermy. Navorsing het gewys dat waar 'n MG-4.0- tot MG-4.5-kultivar onder "normale" plantdatums van middel Oktober tot einde November aangeplant word, dit reeds in die R5-stadium is (begin van peulvulling) en daar dus geen blomme op die plante teenwoordig is nie wanneer toestande gunstig raak vir Sclerotinia-besmetting.

Die feit dat 'n MG-4.0-kultivar baie vroeg blom (35 dae in matig tot warm gebiede en 40 dae tot 45 dae in kael gebiede), veroorsaak dat die plant dan nog relatief klein is en dat die blaredak nog nie volkome toe is nie. Dus is toestande nog nie gunstig vir sclerotia om te ontkiem en die plante te besmet nie.

Goeie navorsing is sedert 2008 tot 2013 op Kinross in Mpumalanga gedoen waar verskeie chemiese middels, biologiese middels, plantdatums en verskillende kultivars getoets is op 'n vinnige MG-4.0-kultivar (in hierdie geval LS 6162 wat later LS 6444 sou word).

Die resultate was verstommend (sien **Grafiek 1** en **Grafiek 2**) en produsente wat baie probleme met Sclerotinia ondervind het, het vroeë kultivars met groot welslae aangeplant om die siekte te ontwyk. Die groot probleem was en is nog steeds dat 'n mens nie net een kultivar kan aanplant nie, omdat strooptyd verleng moet word vir praktiese doeleindes. Dit is gewoonlik nie met een kultivar moontlik nie – veral as plantdatums ononderbroke is en die sojas dan almal op dieselfde tyd oesgereg is. Die ander probleem was dat dit net nie moontlik is vir 'n sojaboonkultivar met so 'n kort groeisyklus om te kompeteer met die opbrengste van langer groeiers nie. In jare waarin Sclerotinia nie 'n probleem was nie, het langer groeiers beter opbrengste gelever as die kort groeiers.

Biologiese middels

In 2008/2009 is drie biologiese middels (Eco-77, Eco-T en Sklerostop) en vyf chemiese middels (Benlate, Sumislex, Bellis, Abacus en Opera) wat op 'n langseisoenkultivar LS 6150 toegedien is, vergelyk met die kortseisoenkultivar LS 6162 (LS 6444) (sien uiteindellike persentasie van besmetting en opbrengs van die verskillende behandelings in Grafiek 1).

Die middels is almal toegedien volgens die aanduidings op die etiket en waar sekere middels moes ingewerk word, is dit gedoen. Die proef is aangeplant op 19 November 2008 en die vinnige kultivar het op 29 Desember (41 dae na plant) begin blom (R1-stadium).

Op 22 Januarie was LS 6162 in die R5-stadium en LS 6150 in die R2-stadium en Sclerotinia-besmetting het plek-plek op hierdie kultivars begin wys ten spyte van al die chemiese en biologiese middels wat toegedien is. Die eerste bespuitings van hierdie middels was op die R1-stadium op 15 Januarie en die tweede bespuiting het vier weke later op 11 Februarie plaasgevind. Op hierdie stadium was die besmetting baie swaar by al die behandelings behalwe by die vinnige kultivar waar geen Sclerotinia voorgekom het nie (sien **Foto 1** op bladsy 9).

Plantdatums

Op die produsent se land nie ver van die proef af nie, wat ook met LS 6162 beplant is op 10 Desember, is geringe besmetting waargeneem, aangesien die sojas in die R1- tot R2-stadium was. Die feit dat besmetting nie so drasties was nie, kan toegeskryf word daaraan dat die blaredak nog nie volkome gesluit was nie en dus was die mikroklimaat nie so gunstig vir die ontwikkeling van die siekte nie. Die produsent stroop uiteindelik 2,2 t/ha hier.

Op die land regoor die proefland plant die produsent op 21 Desember dieselfde



4a



4b

4a. 'n Sojaplant (lang groeier) wat in die R2- tot R3-groei stadium is en dus hoogs vatbaar vir Sclerotinia. 4b. 'n Kortseisoengroeier op dieselfde tyd stip wat reeds in die R6-stadium is en hoe genaamd nie meer vatbaar vir Sclerotinia is nie. Die twee foto's is op dieselfde dag geneem. 5. Dié foto wys dat die vinnige groeier reeds begin afgaan het sonder enige Sclerotinia. Die ander langer groeier kan nog besmet word. 6. 'n Kultivarproef verlede jaar by Gerrit Roos naby Wonderfontein. Die enigste kultivar wat nie Sclerotinia gekry het nie, is die een wat gemerk is met die pyl. Soos gesien kan word, is alle ander kultivars omtrent swart van die Sclerotinia. Die kultivar sonder swart kolle is 'n kort groeier wat Sclerotinia só omseil het.



5



6

kultivar nadat hy koring daar gestroop het en hier word weer eens geen Sclerotinia opgemerk nie. Hy stroop uiteindelik 2,8 t/ha hier.

Hierdie waarnemings is van onskatbare waarde, aangesien dit net weer eens bewys dat geen kultivar bestand is teen Sclerotinia nie, maar dat 'n mens wel met plantdatum en 'n vinnige kultivar die siekte kan ontwikkel. Die feit dat die laat geplante sojas ook nie Sclerotinia gekry het nie, is omdat die plante veel kleiner was en toestande vir die siekte nooit gunstig was om te ontwikkel nie.

Daar is in een seisoen bewys dat nie slegs die vinnige kultivar nie, maar ook die datum waarop dit geplant word, 'n reuserol speel in die ontwikkeling van Sclerotinia.

In die 2009/2010-seisoen is verskillende kultivars wat wissel tussen MG-4.0 en MG-7 op 22 Oktober aangeplant en met mekaar vergelyk (sien die uiteindelige persentasie van besmetting en opbrengs van die verskillende behandelings in Grafiek 2). Al die behandelings (behalwe die MG-4.0-behandelings) het Sclerotinia gekry – in sekere gevalle soveel as 'n 53%-besmetting en 'n opbrengs van 1,55 t/ha.

Navorsing

Navorsing is voortgesit met nuwe produkte in die daaropvolgende drie seisoene en in twee van hierdie seisoene was daar nie Sclerotinia nie as gevolg van droogtetoestande. Die produk Contans is ook die eerste keer in Suid-Afrika getoets. Ongelukkig is die navorsing gestaak in 2013 en kon die swamme nie "vermeerder" in slegs een

seisoen sodat hulle 'n uitwerking op die sclerotia van Sclerotinia kon hê nie.

Indien daar van beheer van Sclerotinia gepraat word, sal Contans die roete wees om te volg, aangesien dit die sclerotia vernietig. Hoe groter die populasie van Contans-swamme, hoe meer effektief sal die siekte beheer kan word.

Nuwe navorsing is hervat in 2018 nadat produsente geweldig skade gely het in die 2017/2018-seisoen. In kultivarproewe wat by sekere produsente aangeplant is, was dit slegs die MG-4.0-kultivars wat goeie opbrengste gelewer het. Trouens, die besmetting was so erg dat sekere kultivars minder as 250 kg/ha in opbrengs gelewer het.

Daar is tans nuwe MG-4.0-kultivars beskikbaar met ongelooflike opbrengspotensiaal. Indien produsente gebruik sou kon maak van opeenvolgende aanplantings, maar waar daar 'n aantal weke tussen plantdatums oopgelos word, kan daar miskien weggekrom word deur slegs hierdie tipe kultivars aan te plant sonder dat strooptyd belemmer word.

Die later aanplantings sal egter eers getoets moet word om te sien of die opbrengs nie soveel daal dat dit nie die moeite werd is nie. Daar sal ook gesien moet word of hierdie tipe kultivars wat dan in Februarie/Maart in blom gaan wees, nog steeds die Sclerotinia kan ontwikkel. ●

The Corner Post

Featuring: Paul Wiggill

Louise Kunz, Pula Invula editorial team



Dreams come true with motivation and support

Mr Jannie de Villiers, CEO of Grain SA, once said, 'A coach has his own game plan and tells you what to do to achieve his goals. A mentor, however, is a person that gives you advice on how to achieve your own goals and dreams.'

Mr Paul Wiggill firmly believes in the old Chinese proverb, 'Give a man a fish and you feed him for a day; teach a man to fish and you feed him for a lifetime.' To him sharing his expertise with developing farmers is a dream come true, as he knows development assistance can improve people's lives.

The Wiggill family are primarily traders and sheep farmers. Paul grew up on a sheep farm called Caledonia in the Free State on the border of Lesotho, not far from where he currently farms. The farm was very secluded with no access to it from the South African side. The only way the farm could be reached was from Lesotho and one also had to cross the Caledon river to get there.

Turning passion into purpose

Paul attended Weston Agricultural College in Mooi River, KwaZulu-Natal – an agricultural secondary school for boys. Here young men are educated through the integration of academic as well as practical farming principles.

Farming has always been his passion and he has made time, whenever possible, to assist others who share this passion. Therefore, he was very excited to learn about the Grain SA mentorship programme from his brother, Eric, who has been a mentor with Grain SA for longer than him. 'Eric inspired me to become a mentor and trainer as he knew of the passion I held to teach and assist others with agricultural practices. This is actually what we had done for many years on our farm in Lesotho,' he says.

He began his mentorship training in May 2016 and started mentoring in July 2016. Speaking Zulu, Sotho and Xhosa makes him a noteworthy mentor in the Bergville area – an area which includes Dukuza, Bethany and Zwelisha. In total, Paul mentors approximately 200 farmers who have been divided into five study groups with meetings being held on a weekly basis. All the mentees also receive personal visits to see first-hand how the practices are implemented.

Paul mentions that it has been very helpful having a brother who was part of the mentorship programme before him. 'I have been fortunate as Eric started with the programme before me and I have picked up many useful tips from him.' As they both enjoy working with people, they often discuss situations or problems that occur in their groups.

Bringing change through knowledge

Although all agricultural practices are covered by the mentorship programme's curriculum, he found the three most important practices that required attention in his area to be the following:

» **Application of lime:** The importance of applying lime and applying it correctly are crucial in maximising the yield potential of the soil and it is imperative that farmers learn how to look after their soil.

» **No-till practices:** Farmers have to learn what no-till entails and how advantageous it

can be. Understanding this practice is the key in this regard. The idea of not preparing the land before planting may not be a well-known practice, but once the advantages become apparent, more and more farmers are interested.

» Applying the correct amount of **seed and fertiliser**.


A rewarding programme for mentor and mentee

Paul thoroughly enjoys being part of the mentorship programme as it has given him the opportunity to fulfil a lifelong calling. Farming and teaching others about farming have always been part of who he is, so this programme fits him like a glove. Showing the ropes to those who are eager to learn and who appreciate the information conveyed, has made him even more eager to teach.

He applauds Grain SA for the insight to develop this programme and seeing the impact it has had in the lives of the farmers excites him. 'Agriculture is a language all on its own and is essentially rewarding to those who are practical,' he adds.

One of the highlights during Paul's first year as mentor was when he got a big hug from a gogo who said, 'Thank you for all your help. I could not have done it without you.' He says at that moment he realised that the Grain SA mentorship programme was making a big difference in people's lives and that he was truly blessed to be part of it. He had two finalists for the Subsistence Farmer of the Year in 2018, but to him the relationships he has built with all the farmers in his area stand out even more. As mentor he is making an impact on their lives, but unknowingly their lives are making an impact on his.

The English singer-songwriter, John Lennon said, 'A dream you dream alone is only a dream, but a dream you dream together is a reality'. Grain SA's mentorship programme makes it possible for mentors like Paul Wiggill to dream with emerging farmers and turn possibilities into realities. ●





ONS SPESIALISEER REEDS VIR 25 JAAR IN GRAANBEMARKING

Bester graanafdeling bestuur die bemarkings- en voorsieningsketting van graan, vanaf produksie tot verwerking, vir produsente en meulenaars in die menslike voedsel- en veevoersektor.

Wintergrane: Koring, Hawer, Gars, Canola, Korog en Lupiene asook Somergrane: Wit- en geelmielies, Sojabone en Sonneblomsaad.

Bester bied verskeie kontrakteringsopsies vir beide silolewering of plaaslaaibemarking van betrokke produkte:

- Opberging
- Verskansingstrategieë
- Unieke Bester bemarkingsplan
- Ons hou ons kliënte ingelig oor markte en prysbewegings



Kontak een van ons spesialiste by

Tel: +27 (0)21 809 2500 | E-pos: info@bester.co.za



BesterFeedAndGrain



besteragri

www.bester.co.za

Mentorskap kan jou lewe verander

Pietman Botha, SA Graan/Grain medewerker en
Liana Stroebel, ontwikkelingskoördineerder: Wes-Kaap, Graan SA

Grondhervorming is 'n realiteit. Daar is baie nuwe, onopgeleide boere wat boer en wat die raad, leiding en ondersteuning van 'n mentor nodig het. Dit is waar dat dit 'n uitdagende taak mag wees om as mentor vir hierdie nuwe toetreders tot die landbou op te tree, maar dit hoef nie so te wees nie.

Die vereistes wat aan 'n mentor en produsent gestel word, is hoog, maar die rendement op hierdie werk is nog hoër. Mentorskap bring 'n ander mate van doel en sin in 'n mens se lewe en kan baie bevredigend wees.

Onbaatsugtige deernis

Dit is verseker nie elke persoon wat vir hierdie taak uitgeknipt is nie. Mentorskap kan vergelyk word met die beginsel van ouerskap. Om 'n ouer te wees, verg onbaatsugtige deernis, liefde, geduld en dat jy jou kind bystaan, ondersteun en op die regte pad lei. Daar is tog niks so vervullend soos om jou kind te sien presteer en op sy eie bene staan nie. Mentorskap is 'n hartstak wat baie van 'n persoon vereis.

Mentors is persone wat 'n positiewe uitkyk op die lewe moet hê en wat bereid moet wees om hierdie uitkyk uit te leef. Dit beteken daar word aan hierdie persoon die veralste gestel om ten alle tye met integriteit, respek en wysheid op te tree. Vriendelikhed en die bereidwilligheid om mense te help, is voorvereistes.

Kommunikasie

Kommunikasie is die brug tussen partye. Die mentor moet 'n besonder goeie kommunikeerder wees. Elke kliënt is uniek met sy/haar eie persoonlikheid asook sterk- en swakpunte. Dit is uiters belangrik dat 'n mentor die taal en kultuur van die kliënt ken en verstaan, want begrippe asook die erns van sekere praktyke kan verlore gaan indien dit nie ten volle verstaan word nie. Die kliënt se agtergrond, vermoëns en hulpbronne moet ook in ag geneem word. Onthou, 'n produsent moet werk met wat hy/sy het en die beste daarvan maak.

Daar vorm 'n besondere band tussen mentor en hul kliënte. Hulle raak vriende en enige saak kan tussen hulle gedeel word. Van mentors word verwag om altyd kliënte se privaatheid te respekteer – hulle moet die persoonlike sake wat met hulle gedeel word as privaat beskou en mag dit slegs met die kliënt se medewete met kundiges deel. Die kliënte moet beseft en weet dat die mentors ten alle (redelike) tye beskikbaar is, al is dit slegs vir telefoniese raad en leiding.

Deursettingsvermoë

Om mense te oortuig om praktyke bykans oornag te verander, is 'n taak wat baie vereis. Mentors se deursettingsvermoë word op 'n gereelde basis getoets. As kliënte anders besluit en anders doen as wat ooreengekom is, kan dit moeilik raak. Indien die optrede tot skade aanleiding gee, moet die mentor met selfbeheersing en geduld optree.

Praktiese ervaring van boerdery en boerderyvertakkings is baie belangrik vir die mentor en sy kliënt. Die kliënt sal opkyk na die mentor vir hulp en raad – dit is hier waar die kennis tussen die mentor en die kliënt uitgeruil moet word. Die mentor moet die kliënt help en lei om die regte ding reg te doen en sodanig die kliënt se kennis uit te bou.

Uitdagings en bestuur

Uitdagings en die bestuur daarvan is deel van elke mentor se daaglikse take. Boerdery is nou maar eenmaal so – daar moet heeltyd oplossings gevind word, wat dikwels verg dat mentors onbaatsugtig moet optree. Dit het al in die verlede gebeur dat mentors van hul eie hulpbronne aangewend het om die groter taak te verrig – wat baie bewonderenswaardig is – maar dit kan oor die lang termyn probleme veroorsaak.

Soms is dit belangrik om, soos met 'n kind, die kliënt te los om foute te maak. Mentors moet oor die wysheid beskik om te weet wanneer om die kliënt te stop voordat daar te veel skade aangerig is. Daar moet ten alle tye onthou word dat die kliënt die finale keuse moet maak. Per slot van rekening is dit hy/sy wat die finale aanspreeklikheid het. As daar skuld terugbetaal moet word, is dit die kliënt se verantwoordelijkheid.

Vertroue

Vir 'n projek om te slaag, is dit belangrik dat alle partye mekaar moet vertrou en mekaar se belange op die hart moet dra. Die projek moet tot alle partye se voordeel wees en almal moet dit beseft en respekteer. Die mentor moet kan raaksien wanneer die kliënt nie volgens die reëls werk nie en daar moet dan daadwerklik teen hom/haar opgetree word.

In dieselfde asem is dit ook belangrik dat mentors gemonitor word om te verseker dat die kliënt se belange altyd vooropgestel word. Daar is al in die verlede van nuwe boere misbruik gemaak waar hulle op die verkeerde pad gelei is. Dit is ook nie aanvaarbaar nie. Professionele en etiese optrede deur beide partye is van uiterste belang.

*Vir 'n projek om te slaag,
is dit belangrik dat
alle partye mekaar moet
vertrou en mekaar se belange
op die hart moet dra*

Die projek se doelwitte moet in totaliteit deur alle partye verstaan en nagejaag word. Met dieselfde doelwitte voor oë kan die partye baie probleme die hoof bied. Daar moet ook ooreengekom word wanneer die kliënt se opleiding en mentorskap beëindig moet word en wanneer hy/sy op hul eie voete moet staan. Die kliënt moet beseft dat hy moet leer om op sy eie te kan aangaan.

Beplanning

'n Totale beplanning (finansieel, tegniese en opleiding ingesluit) moet aan die begin van die mentorproses opgestel word. Dit is baie belangrik dat albei partye saam die beplanning moet opstel en dat die doelwitte duidelik binne hierdie sessies uiteengesit moet word.

Daar moet oor die implementering van aksies ooreengestem word en die verantwoordelijkheid hiervoor moet uitgeklaar word. Dit help nie as alle take op die lang termyn deur kontrakteurs

gedoen word nie. Daar moet besef word dat die mentor die kliënt op 'n opleidingspad moet lei en dat laasgenoemde binne 'n sekere tyd 'n volwaardige selfstandige produsent kan word – hetsy op 1 ha of op 1 000 ha.

Tydigheid van aksies en die belangrikheid daarvan geld vir die opkomende boer net soos vir die kommersiële produsent. Die seisoen is ewe lank vir albei en daarom is dit van kardinale belang dat die mentor die kliënt moet help om alles binne die ideale tyd gedoen te kry. Kontrole van wat gedoen moet word en wanneer dit gedoen moet word, is 'n integrale taak vir die mentor.

Rekordhouding

Met rekords van die geskiedenis kan die toekoms voorspel word. Dit geld ook hier, daarom moet die mentor die kliënt leer om die nodige rekords in stand te hou en sin uit hierdie rekords te maak. Boerdery gaan nie net oor die fisiese werk nie, maar ook oor die keuse van strategieë en die implementering daarvan.

Die kuns is egter om te besluit watter strategie die beste sal werk – dit is hier waar beplanning 'n baie belangrike rol moet speel. Gegewe die strategie wat gekies is, moet daar lang- en korttermyn-doelwitte gestel word. Hierdie doelwitte moet op tyd gemeet word om die vordering te kan bepaal en om reaktiewe planne in plek te plaas. Hierdie strategieë moet ook in begrotings omgesit word, sodat die finansiële implikasies bekend kan wees.

Kliënte moet die belangrikheid van begrotings verstaan en dit implementeer met die doel om die winste van die besigheid te verhoog. Kliënte moet vir hulself doelwitte daarstel en dit najaag sodat hulle die voordele daarvan self kan ervaar.



Netwerk

Nog 'n belangrike aspek van mentorskap is om 'n nuwe boer oor tyd met die bedryf in kontak te bring. Net soos 'n kommersiële produsent het hierdie boere ook betroubare insetverskaffers nodig wat hulle op 'n gereelde en etiese wyse kan diens. Hierdie verhoudings moet gebou word sodat die nuwe produsent 'n sterk ondersteuningstelsel het wanneer die mentorskap tot 'n einde kom.

Persone wat al hierdie pad gestap het, getuig dat mentorskap hulle lewens en uitkyk op die lewe totaal en al verander het. Producente wat graag 'n verskil in hul gemeenskappe wil maak en bereid is om 'n ontwikkelende boer in hul area aan die hand te vat, is welkom om vir Graan SA of ander rolspelers in hul gebied te kontak. ●

NUWE GESIGTE by Graan SA

SA Graan/Grain redaksiespan

Balie welkom aan me Jean Adams en mnr Ruan Schutte by Graan SA.

Jean is aan die begin van November verlede jaar as sekretaresse: Graannavorsing en Beleidsentrum aangestel. Voor dit het sy vir 'n onafhanklike handelsmerken patentkonsultant gewerk. Sy is 'n gebore en getoë Pretorianer en die ma van 'n negejarige seun.

"Ek geniet bak, skeppende kuns en die beplanning van funksies in my vrye tyd. Ek is ook passievol daarvoor om van my tyd en talente

te gee aan ander en die gemeenskap. Misdaadstories en realiteits-televisieprogramme interesseer my. As ek myself in een woord moet beskryf, sal dit optimisties wees: Oor die lewe, liefde en die toekoms. Familie en gesinswaardes is vir my van die uiterste belang en ek is dus bly om deel van die Graan SA-familie te wees," sê sy.

Ruan, die nuwe junior landbou-ekonoom en bemarker van Graan SA, is sedert Februarie vanjaar in diens van die organisasie. Hy het, nadat hy aan die Hoërskool Generaal Hertzog gematrikuleer het, landbou by die Universiteit van die Vrystaat studeer. Na die voltooiing van sy BAgric-graad, is hy as navorsingsassistent by die universiteit aangestel en in die tyd wat hy daar gewerk het, het hy 'n honneursgraad in landboubestuur behaal. Hy is daarna as landboukundige by Overberg Agri aangestel.

"Hier het ek ontsaglik baie geleer en wonderlike mense ontmoet. Met Hermanus net om die draai, het ek gedink ek is in die hemel, totdat ek die voorreg gehad het om by die Graan SA-span aan te sluit. Met die Paarl nou as my tuiste, sien ek daarna uit om my volle gewig by Graan SA in te gooi," het hy gesê. ●

Jean Adams

Ruan Schutte



Commitment enables progress towards sustainable land use

Jane McPherson, programme manager: Farmer Development, Grain SA

South Africa is facing many challenges on a number of different fronts – not least of all, successful transformation in the agricultural sector. Change is often uncomfortable and it can be slow. As development is a process, this all takes time – hence the programme of Grain SA that is working towards transformation in the sector, optimal use of resources, increased and improved land use and rural development.

Although the programme has been running for many years now, there is still a lot of work remaining. The concept of a commercial producer is subject to interpretation, and so our target is to achieve commercial yields on the arable land, as if a commercial producer was farming on the land.

Funding

In past years, the funding for the programme came from the grain and oilseeds trusts, namely the Maize Trust, the Winter Cereal Trust, the Oil and Protein Seeds Trust and the Sorghum Trust. For years, they have been committed to the vision of a united and prosperous sector. Our entire programme owes its existence to the generous funding by these trusts. Times change, and again, although the change is not always comfortable, it is necessary for progress – we cannot continue to do the same thing while expecting a different result.

Challenges

Through the years, we have discovered the many challenges facing developing farmers. These include knowledge, experience and skills as well as access to modern inputs, mechanisation and money. In some deep rural areas, the access to markets can also be challenging once the levels of production increase beyond the needs of the immediate community.

Interestingly enough, we have not found that land is a limiting factor – people have access to a lot of land that they cannot use for the reasons mentioned above. Another factor that adds complexity

is the various forms of land tenure that we have in South Africa – freehold (ownership and hired land) versus the intricate communal land tenure system that is difficult to comprehend if you are not part of that traditional system.

The developing sector is further complicated by the differences between farmers. Some live on communal land – they grow their own food and if they produce too much to eat, they will sell a little. There are other, slightly larger farmers, also mostly in the communal areas who are moving towards production on a larger scale. These farmers supply not only the local markets but also the more commercial markets.

The commitment of the team members as well as the commitment of the donors are enabling progress towards improved and sustainable land use

At the other end of the picture are those who are on large farms and who are truly commercial (or planning to be fully commercial). The larger the farmer, the more challenges there are to overcome – higher technology, greater need for mechanisation and larger budgets for the production inputs.

The variance in the farmers has required that they be dealt with differently – through study groups, through individual service on the farms, training courses on different subjects at different levels and access to information in an appropriate language of choice.





Scan the QR-codes for articles that appeared in SA Graan/Grain on the Jobs Fund.

Offices

Servicing farmers in the rural areas requires funding. We have a system whereby there are development offices in the areas where we serve the farmers – currently we have full offices in Paarl, Lichtenburg, Ladybrand, Nelspruit, Dundee, Kokstad and Mthatha and a virtual office in Maclear. From these offices we are in contact with more than 14 000 farmers at all the different levels. Needless to say, to run these offices, as well as the office in Bloemfontein (from where the programme is managed), costs a lot of money.

Support

Over the past three years, we have been very blessed by the support that we have received, not only from the Maize Trust, the Winter Cereal Trust and the Oil and Protein Seeds Trust (working through the Grain Farmer Development Association [GFADA]), but also from companies in the broader value chain. Monsanto (now Bayer) has been very generous in their funding – helping us to keep three full offices operational. We are also very grateful to Afgrï, Corteva (Pioneer and Pannar), Grain SA, Omnia and Silostrat, whose contributions have made it possible for the full programme to continue.

The AgriSETA has always contributed funding towards our training courses as well as the schools programme – in fact, they were so satisfied with our performance that we won their competition for the best governed project. We are pleased to get this recognition as it shows that apart from doing good work in the field, our governance and financial management are reliable, accountable and transparent.

Apart from the direct funding from the above-mentioned donors, we have also been involved in other projects – the Jobs Fund Project (called From Subsistence to Abundance), a project with the Department of Science and Technology which has included small-scale mechanisation for the farmers in the Jobs Fund Project, training on basic nutrition, training on the cultivation of dry beans as well as the development of and training on nixtamalization.

Nixtamalization is a process for the preparation of maize (or other grains) in which the maize is soaked and cooked in an alkaline solution (lime water), washed and hulled (the outer covering of the maize is softened in the process and it can be washed off). The benefits of nixtamalization are as follows:

- The phytic acid is reduced in the maize (which prevents humans from absorbing all the nutrition available in the maize).
- The mycotoxins are removed (cancer causing toxins).
- The nutritional value is increased (making Niacin [Vitamin B3] and the amino acid Tryptophan available so as to prevent malnourishment – particularly pellagra).
- More calcium, iron, copper and zinc become available.
- The starch granules are easier to digest.
- The maize is more easily ground.
- The flavour is improved.
- The masa (maize after the process) can form a dough.

The people who have been exposed to this process are very excited and they have adopted it into their diets – one of the greatest direct

advantages is that the maize is sufficiently soft to allow the making of mealie bread all year round.

Partnership

In addition to the other partnerships, we have embarked on a partnership with the Department of Agriculture and Rural Development (DRDAR) in the Eastern Cape where we are developing, training, equipping and using small black contractors to assist their fellow farmers in the deep rural areas.

This project has been very rewarding, and while travelling through the Eastern Cape, you can 'spot the plot' where good work has been done (a combination of the DRDAR and the Jobs Fund). The sustainability of commercial production has been a challenge in the past and we believe that through the development of small local contractors, we will overcome at least one of the challenges.

We have been fortunate this year to collaborate with AB InBev for the funding of some farmers. AB InBev is developing farmers who will produce non-GMO maize for its breweries. In order to build and capacitate farmers, we have managed production loans for some farmers so that they get the opportunity to 'practice' their farming on various crops before they become producers of the non-GMO maize.

The project has faced quite a few challenges this year because of the drought, but we believe that it will continue. Through this funding, the farmers are able to use their previously unused land.

Commitment

The commitment of the team members (more than 100 persons) as well as the commitment of the donors are enabling progress towards improved and sustainable land use. Although we continue to thank our donors, we again would like to give recognition to the contribution made by all the partners, and also to the team that is working in the fields with the farmers.

'We cannot seek achievement for ourselves and forget about progress and prosperity for our community...Our ambitions must be broad enough to include the aspirations and needs of others, for their sakes and for our own.' – Cesar Chavez ●

VOETSPORE...reflekteer vandag oor joune, want dit is môre se nalatenskap

Alzena Gomes, skakelbeampte, Graan SA en foto's deur Estie de Villiers, redakteur, SA Graan/Grain en Karina Muller, SA Graan/Grain medewerker

Ná groot onsekerheid die afgelope jaar moes Graan SA krities reflekteer en beslissende stappe doen om 'n nuwe voetspoor vir boerdery en plaaslike voedselproduksie te skep. Die organisasie het homself daartoe verbind om steeds belanghebbendes van die regering en landbou te betrek in sy pogings om volhoubare graanproduksie en nasionale voedselsekerheid te verseker.

Met die jaarlikse Kongres op 6 en 7 Maart het Graan SA-lede, produsente, regeringsamptenare, rolspelers, akademici, vennote en ander belanghebbendes op NAMPO Park byeengekom om dié jaar se tema " 'n Kritiese refleksie vir 'n nuwe voetspoor/A critical reflection for a new footprint" te bespreek. Dié tema wou onder meer die klem plaas op hoe die voetspoor lyk wat in landbou gelaat word – en vasstel wie presies nou die stewels gaan dra, die weg gaan wys en voetspoor van waarde gaan agterlaat, aangesien niemand presies weet wat agter die buil wag nie.

Seer sekerlik dié belangrikste doel van 'n kritiese refleksie is om eienaarskap te neem. Graan SA het bo en behalwe om na sy eie voetspoor te kyk, kongresgangers aangemoedig om doelgerigte besluite te neem en die pad saam met die organisasie te stap.

Die agenda het onder meer temas soos "Die politieke en ekonomiese omgewing in Suid- en Suider-Afrika" gelei deur mnr Malcolm Ferguson (afgetrede ambassadeur) en "Verskansing van graanpryse: Tien lesse te leer" gelei deur dr Werner Rossouw (Silostrat), gedek. Kongresgangers se interaktiewe deelname is aangemoedig om sodoende besprekingsgeleenthede te bevorder. Die herinstelling van die elektroniese stemtoestelle het die weg gebaan vir konstruktiewe terugvoer na elke sessie en die geleentheid geskep om belangrike insette en opinies van lede in te win.

Tydens die verkiesing is Graan SA-voorsitter, Jaco Minnaar, onbestrede herkies en hy word deur die visevoorsitters, mnr

Derek Mathews en Ramodisa Monaisa, ondersteun. Dié span is saam gereed vir die uitdagings wat voorlê, waarvan die belangrikste sekerlik is om die saak van die graanprodusent te beklemtoon, te beskerm en te bevorder te midde van die konstante veranderinge en uitdagings in die landbou-omgewing.

In die oudiovisuele voorsittersverslag het Jaco en mnr Jannie de Villiers (uitvoerende hoofbestuurder, Graan SA) die uitdagings van 2018 aangespreek. Vanuit 'n produsente-oogpunt was die afgelope jaar met groot onsekerheid gevul en Graan SA moes diep delf om oplossings vir die uitdagings te vind.

Onteiening sonder vergoeding was weer eens op sigself uitdagend, die weerstoestande was uiteenlopend en dit was van uiterste belang dat die onderskeie prosesse op die korrekte wyse benader en aktief bestuur moes word. Graan SA het geleenthede vir gesprek met die adjunk-president en tydens die Bela-Bela-konferensie ten volle benut.

Tog het die organisasie nie fokus verloor rakende die vele ander faktore wat die volhoubaarheid van graan- en oliesadeproduksie beïnvloed nie. Winsgewendheid, volhoubaarheid, titelaktes, navorsing en versekering was ook in die kollig die afgelope jaar.


Toekomsblik

Graan SA het bevestig dat al sy pogings en verbintenisse met tersaaklike rolspelers versterk sal word om die dringende behoefte aan 'n gesubsidieerde oesversekering vir graanprodusente te beklemtoon. Kommersiële graanproduksie is blootgestel aan geweldige risiko's, met hael-, droogte- en vloedskade sowel as uitbrake van siektes, wat ware en konstante bedreigings bly. Daarbenewens het byna geen van die kleinboere in Suid-Afrika oesversekering nie as gevolg van die kostes daaraan verbonde – wat hulle kwesbaar maak en ook aan verskeie risiko's blootstel. ➔



1. Die leierskorps wat Graan SA se Kongres vanjaar gelei het: Preline Swart (visevoorsitter), Nico Vermaak (bestuurder: Korporatiewe Dienste), Jaco Minnaar (voorsitter), Jannie de Villiers (uitvoerende hoofbestuurder) en Derek Mathews (visevoorsitter). 2. 2019 se Kongres in sitting.





3. Graan SA-personeel het die registrasie van die afgevaardigdes behartig. Voor: Graeme Engelbrecht en Luke Collier. Agter: Jerry Mthombothi, Liana Stroebel en Sinelizwi Fakade. 4. Van die Landbou-ontwikkelingsprogram se personeel wat daar was: Jurie Mentz, dr Willie Kotzé, Johan Kriel, Jane McPherson en Du Toit van der Westhuizen. 5. Ikagang Maluketa en Stefan Links van Graan SA help Dirk Daling (Bela-Bela) en Willem Groothof (hoofbestuurslid vir Streek 13) om te registreer. 6. Michiel van Straten, Pieter-Renier Niewoudt en Danie Jacobs – almal van Schweizer-Reneke. 7. Dr Jan Dreyer (voorheen van LNR-Graangewasse), Deon van der Westhuizen (Bethal), Nico Hawkins (Suid-Afrikaanse Graan Inligtingsdiens [SAGIS]), Gerhard Keun (Olie- en Proteïensade Ontwikkelings-trust) en Gert Heyns (Suid-Afrikaanse Kultivar- en Tegnologie-agentskap [SACTA]), geniet 'n vroegoggendkoffie voor Kongres begin. 8. Dr Abongile Balarane (Nasionale Landboubeoordelingsraad), Heidi Phahlane en Bongeka Mdeleleni (albei van die Departement van Landbou, Bosbou en Visserye) asook Zama Xalisa (Nasionale Landboubeoordelingsraad). 9. Reg vir Kongres. Voor: Shadrack Mbele (Harrismith), Johannes Setshego (Theunissen) en Isaac Mokgatla (Vanderbijlpark). Agter: President Mabaso (Bothaville) en Johannes Motlhabane (Hertzogville). 10. Wiana Louw (SA Graanlaboratorium), Nico Hawkins, Rona Beukes (Departement van Landbou, Bosbou en Visserye) en Gerhard Keun het die Kongres bygewoon. Wiana en Nico is ook die onafhanklike derdepartylede van die verkiesingskomitee.



Acceleron[®] – die saadbehandelingspakket wat help om die prestasiepotensiaal van die **DEKALB**[®]-saad wat jy plant van meet af aan te vergroot. Deur jou saad vroeg in die seisoen teen 'n verskeidenheid van nematodes, insekte en grondgedraagde siektes te beskerm, optimaliseer **Acceleron**[®] vroeg in die seisoen reeds plantestand, eenvormigheid en groeikragtigheid vir verhoogde opbrengspotensiaal.

Acceleron[®] die eksklusiewe saadbehandelingspakket. Voordelig vanaf dag een.



DEKALB[®] en Acceleron[®] is geregistreerde handelsname van Monsanto Technology LLC. Monsanto Suid-Afrika (Edms) Bpk, Posbus 69933, Bryanston, 2021

VOETSPORE...reflekteer vandag oor joune, want dit is môre se nalatenskap



11. Ook gesien by SA Graan Kongres 2019 – Jaco Strauss, Colin Schubach (albei van Vaalharts) en Jan Jacobs (Makwassie). 12. Afgevaardigdes kon vanjaar hul stemme uitbring en menings lug met behulp van 'n spesiale stemtoestel.

Die organisasie sal verder streef na meer staatsinvestering in navorsing. Sonder navorsing sal boerderypraktyke, opbrengs, winsgewendheid, en uiteindelik voedselsekerheid, kwyn. Laastens, met die klem op finansieringsmodelle vir graanprodusente, sal Graan SA poog om steunstelsels vir produsente wat tans skuld diens, te vestig, ten einde volhoubaarheid te ondersteun. Daar sal ook veral gefokus word daarop om nuwe produsente, wat tans nie in staat is om toegang tot finansieringstelsels te verkry nie, hierby in te sluit.

Verder is georganiseerde landbou die een of ander vorm van oplossing aan sy lede verskuldig om sodoende die uitwerking van die droogte in graanproduksie te versag. Dus is die implementering van die aanbevelings deur die Minister van Landbou, Bosbou en Visserie van die Seksie 7-komitee baie bemoedigend en word dit met afwagting dopgehou.

Terugblik Grondhervorming

Die probleme ten opsigte van onteiening sonder vergoeding was regdeur 'n besprekingspunt. Graan SA het op die volhoubaarheid van produksie gefokus en handhaaf sy pogings om te verseker dat produsente wat nuwe plase ontvang, ook titelaktes van die grond kry.

Graan SA het wye ervaring in die ontwikkeling van produsente tot kommersiële status – 'n noodsaaklikheid om aan grondhervorming deel te neem sonder om voedselsekerheid te benadeel. Die effektiewe bestuur van hierdie proses was belangrik en Graan SA het sy teenwoordigheid verseker by die In-Transformasie-inisiatief Indaba asook die onteieningsdebatte in die parlement. Daarbenewens het die organisasie openbare verhore bygewoon, goeie gesprekke met die regerende party gehad en was hy relatief gemaklik met veranderinge aan die wetsontwerp op onteiening in sy voorgestelde vorm.

Landbou-ontwikkeling

Graan SA se Landbou-ontwikkelingsprogram is steeds die maatstaf in die landbousektor en het twee toonaangewende toekennings ontvang tydens die jaarlikse AgriSETA Uitnemendheidstoekenningsseremonie. Die program het erkenning ontvang as 'n toonaangewende kommoditeitsorganisasie en is ook as die besbestuurde landelike ontwikkelingsprojek gekroon. Die ontwikkelingsprogram het voortgegaan om saam met strategiese vennootskappe 'n verskil aan nasionale en huishoudelike voedselsekerheidsvlakke te maak deur die vestiging van lewensvatbare graanboerdery-ondernemings.

Daar word ook groot moeite gedoen om die unieke uitdagings wat ontwikkelende boere ondervind, op te los. Dit gaan hier hoofsaaklik oor die toegang tot en die ontsluiting van finansieringsopsies.

Winsgewendheid

Winsgewendheid – steeds 'n groot bron van kommer in die graanbedryf – het Graan SA genoodsaak om meedoënloos vir die afskaffing van die 10%-invoertarif op kanolasaad te onderhandel. Die organisasie se deurlopende monitering van insetkoste en -kwaliteit het ook gelei tot 'n aansoek vir die verwydering van die 20%-invoertarif op sekere trekkebande, sowel as uitgebreide bydraes tot die regering se voorgestelde nuwe dieselmotorkorfingstelsel. Graan SA het verder bygedra tot die instelling van 'n teling-en-tegnologieheffing vir sojabone, koring, gars en hawer. Dan was daar ook die organisasie se bydrae tot die veranderinge in die koringprysverskille en die verbetering van die koringgradering, wat ongetwyfeld op die wintergraanprodusente die grootste impak gehad het.

Graan SA het voortgegaan om alternatiewe binnelandse en internasionale markte vir mielies te ondersoek, met spesifieke fokus op Iran en suksesvolle mielie-uitvoere na Viëtnam. Besprekings met China gaan voort ten opsigte van mielies en sojabone as alternatief vir verskeie graanprodukte in uitvoerjare, wat voortgesette plaaslike produksie moontlik sal maak.

In terme van bedryfsinligting het Graan SA ingetree om die integriteit en deursigtigheid van fundamentele nasionale stelsels te verseker. Net so is die probleme rondom invoer- en uitvoerinligting suksesvol aangepak. Graan SA het voortdurend gestreef na die beskikbaarheid van tydige en relevante markinligting, wat die publikasie van die invoer- en uitvoerdata van mielies tot gevolg gehad het, met die verwagting dat koring, sojabone, sonneblom en soja-oliekoek ook gepubliseer sal word. Die organisasie het die instelling van 'n liggingsdifferensiaal op sojabone suksesvol verhoed en het verder, met sukses, 'n volledige ondersoek deur 'n onafhanklike deskundige rakende die JSE se plaaslike differensiese stelsel, geïnisieer.

Verder het Graan SA daarin geslaag om alternatiewe gewasse vir die wintergraanareas te ondersoek en na kanolasaadkwaliteit en -beskikbaarheid te kyk. 'n Lewensvatbaarheidstudie rondom sorghum is ook geloods om sodoende dié graan se lewensvatbaarheid te verhoog.

As rolspelers in die wêreldwye sojaboonmark, is toegang tot die nutste saadtegnologie noodsaaklik vir plaaslike produsente om mededingendheid te verseker. ▶

◉ **VOETSPORE...**reflekteer vandag oor joune, want dit is môre se nalatenskap



13. Jannie de Villiers by een van illustreerder Nicolene Louw van Vishoek se unieke grafiese uitbeeldings van gebeure by Kongres 2019. 14. Meyer Ludwig (TWK Agri) by Remo Reinstorf en Heinz Rodewald (albei van Piet Retief). 15. Druk in gesprek – Ramodisa Monaisa (visevoorsitter: Graan SA) en Maseli Letuka (Kestell). 16. Dr Hendrik Smith (bewaringslandboufasiliteerder, Graan SA) gesels met Dirk Laas van Ottosdal oor bewaringslandbou. 17. Graan SA se Lianna Stroebel by Andries van der Poll (Riebeeck-Wes) en Whernit Dirks (Piketberg). Whernit was Agri SA en Toyota SA se Nuwelingboer van die Jaar 2018. 18. Johan Groenewald (Clocolan), Stephan Nel (Excelsior) en Hennie Vermaak (Clocolan), is ook by die Kongres raakgeloop. 19. Dapney Marabe (Departement van Landbou, Bosbou en Visserye), Ramoso Pholo (Lichtenburg) en Alfreda Mars (Swartland) geniet 'n koppie tee saam.



20. Maleshoane Mokgoetsi laat haar boodskap op die vraag "Waarom boer?" terwyl Maletsatsi Moate toekyk. Albei vroue is van Ventersdorp. 21. Al die pad van Warden af: Mynhardt van Deventer, DPR Coetzee en Pieter Oosthuysen. 22. Die knap span van NWU se Taaldirekoraat het gesorg dat elke afgevaardigde en gas met gelyktydige vertaling in die taal van sy of haar keuse aangespreek is. Sowat 20 mense kon verrigtinge in Setswana en Sesotho aanhoor, terwyl sowat 30 dit in Engels kon hoor. Hulle is Saul Keketsi, Johan Zerwick en Johan Blaauw sr. Die ander lid van die span was Johan Blaauw jr. 23. Neil Rossouw, Jannie Breytenbach en George Steyn is Ottosdallers wat Kongres bygewoon het. 24. Graan SA-personeel was ook daar. Voor: Ikageng Malukete en Lydia Kasumba. Agter: Toit Wessels en Dirk Kotzé. 25. Thabo van Zyl en Chris Schoonwinkel (albei van Wesselsbron) asook Jacques van Zyl en Le Roux Erasmus (albei van Hoopstad). 26. Jacob van der Westhuizen (Parys), Kobus van Heerden (Standerton) en Danie Claassen (Sasolburg). ➤

◉ **VOETSPORE...** reflekteer vandag oor joune, want dit is môre se nalatenskap



27. Zovuyo Ngejane (Mbali Landelike Ontwikkeling, Kokstad) en dr Abongile Balarane by Kongres op NAMPO Park. 28. Satbatha Mthethwa (Newcastle) en Mapiidi Monoto (Lichtenburg). 29. Japie Grobler (Vierfontein) en Annette Steyn (DA se skadumister van Landbou, Bosbou en Visserie) drink 'n koppie boere-troos tydens Kongres. 30. Graan SA het as deel van sy "People like us do things like this"-inisiatief, 'n skoensprojek geloods en afgevaardigdes en gaste is gevra om nuwe of liggebruikte skoene tydens Kongres aan die projek te skenk. Meer as 500 pare skoene is tydens die twee dae ingesamel en is na afloop van die geleentheid eweredig aan vier instansies in die Bothaville-distrik verdeel. Hier is Jannie de Villiers, Derek Mathews en Jaco Minnaar by ds Jan Els van Tweeriviere (tweede van regs). 31. *Walk a mile in my shoes...* Albert Makoae (produsent van Ladybrand) by Lerato Maleka en Modiehi Togo (albei van Tshehetso Primary School), Preline Swart, Alzena Gomes (skakelbeampte, Graan SA) en Jacobeth Simila en John Lesoetsa (albei van Mophate Secondary School) wat skool-, kinder- en grootmensskoene in ontvangs geneem het. NAMPO-skool, die laaste begunstigde, was afwesig tydens die oorhandiging.



32. Dr Toi Tsilo (LNR-Kleingraan) en dr Kingstone Mashingaidze (LNR-Graangewasse) het die Landbounavorsingsraad by Kongres verteenwoordig.

33. Tydens die Mieliewerkgroepwegbreekessie het Jaco Minnaar namens Graan SA erkenning aan dr Tom Drinkwater oorhandig vir sy lewenslange bydrae tot die mieliebedryf. Dr Drinkwater het ook 'n kopie van sy boek *Insekplae van mielies in Suid-Afrika* aan Jaco gegee.



Navorsing

Navorsing het 'n belangrike fokuspunt gebly. Strategiese vennootskappe is aktief gesoek om alternatiewe navorsing- en befondsingsplatforms te vind weens die ongelukkige gebreke van 'n ou stelsel. Graan SA het vir hierdie doel verskeie konsortiums geskep om die beste persone op die mees ekonomiese manier te vind om spesifieke navorsing te doen.

Met die verkryging van eksterne befonding, word fondse binne die konsortiums geplaas vir die bevordering van navorsing, met gewasverbetering en -beskerming as twee hooffokusareas. Die biosekuriteit van ons land bly van kardinale belang tesame met klimaatsverandering en bewaringslandbou. Hierdie oorhoofse temas sluit koringteling, grondgedraagde siektes en gewasbeskerming in.

Oesfinansiering vir die "ontbrekende middel"

In Graan SA se deurlopende ontleding van sy Landbou-ontwikkelingsprogram wat fokus daarop om nuwe swart boere op 'n volhoubare wyse suksesvol te vestig, is opgemerk dat vordering met kleiner boere van 1 ha veel beter is as die vordering van diegene wat groter plase bewerk (die sogenaamde "ontbrekende middel").

Laasgenoemde is boere met toegang tot groter stukke grond wat die potensiaal het om kommersiële produsente te word. Die grootste struikelblok wat hierdie boere egter het, is toegang tot finansiering. Hulle kwalifiseer nie vir produksielenings nie, want hulle kan nie sekuriteit aan die banke bied nie: Hulle bewerk grond in staatsbesit sonder enige titelaktes.

Die uiteindelige oplossing en uiteraard die beste plan vir dié boere is om titelaktes van die grond te bekom: Óf deur die aankoop daarvan deur middel van gunstige langtermynlenings óf die regering moet 'n waarborg opstel wat deur die finansiële instelling as sekuriteit gebruik kan word om 'n lening te bewerkstellig. Die Landbousektorplan (2019 - 2024) het bogenoemde voorgestel, naamlik 'n Landbou-ontwikkelingsagentskap (ADA). Dit is in die vooruitsig gestel dat dit 'n vennootskap tussen die regering en die private sektor sal wees en daar word hard gewerk aan die vestiging van so 'n entiteit.

Alle faktore in ag genome, het die Graan SA-leierskap besluit om 'n eie inisiatief te loods om sodoende die "ontbrekende middel" in die komende seisoen by te staan. Alhoewel dit nie op dieselfde skaal sal kan geskied nie, sal dit op die verwagte ADA-basis geskoei word. Graan SA sal 'n geoordeelde bedrag uit sy landbou-ontwikkelingsfonds by 'n kommersiële bank (Standard Bank) belê. Dit sal dan kan dien as 'n waarborg, tesame met 'n mate van befonding van Standard Bank, wat as sekuriteit sal dien vir "ontbrekende middel"-lede om aansoek vir lenings te doen.

Met al die nodige prosedures en korporatiewe bestuur in plek om aan die wetlike en regulatoriese vereistes van Suid-Afrika te voldoen, sal begunstigdes ook gevra word om bydraes te lewer. Tesame met die betrekking van Graan SA se insetverskaffersvennote kan die inisiatief groot hoogtes bereik.

Vennootskappe

Graan SA het ook tydens Kongres klem geplaas op die belangrikheid van vennootskappe – veral in die landbousektor – en met NAMPO was die sukses van sulke inisiatiewe duidelik. Die NAMPO-handelsmerk is in die Wes-Kaap geloods, met die eerste, uiters suksesvolle NAMPO Kaap-skou te Bredasdorp Park.

Deur middel van effektiewe bestuur en kommersieel suksesvolle gebeure soos NAMPO, sal Graan SA voortgaan om sy basis as die onafhanklike stem van die Suid-Afrikaanse graanprodusent te laat groei.

Voetspore

Om stappe te doen om sodoende 'n stewige nuwe voetspoor te skep vir graan- en voedselproduksie, was noodsaaklik. Die besluite wat vandag gemaak word, is van kritiese belang om 'n veilige en volhoubare toekoms vir almal te verseker.

Ons almal laat voetspore soos ons deur die lewe reis – maak seker joune is die moeite werd om te volg. ●

100 JAAR (OF LANGER)- MYLPALE GEVIER

SA Graan/Grain redaksiespan

Verskeie landboubesighede vier vanjaar hul eeuwording of selfs langer in die landboubedryf. Graan SA het tydens Kongres erkenning aan die volgende maatskappye gegee wat vanjaar 100 jaar oud is: BKB, Landbouweekblad, OVK, Overberg Agri, Santam en VKB. NWK, Senwes en Suidwes is hierdie jaar reeds 110 jaar oud! ●



Voor: Richard Krige (Overberg Agri), Hansie Viljoen (Suidwes), Preline Swart (visevoorsitter van Graan SA), Zac Rossouw (BKB) en Derek Mathews (visevoorsitter van Graan SA).
Agter: Chris Burgess (Landbouweekblad), Stéfán Oberholzer (OVK), Jaco Minnaar (voorsitter van Graan SA), Danie Minnaar (Senwes), Theo Rabe (NWK), André Odendaal (VKB) en Hanlie Kroese (Santam).

DIENSLEWERING HUL FORTE

SA Graan/Grain redaksiespan



1. SiQ en GeoTerraImage het erkenning ontvang vir hulle diens aan die graan- en oliesade-bedryf, met uitsonderlike bydraes om hoëkwaliteitdata vir akkurate oesskattings te verseker. By die geleentheid was: Tharien en Jackie Jacobs (dogter en seun van oorlede John Jacobs), Daisy Roux, Eugene du Preez (hoof uitvoerende beampte van SiQ), Pieter Roux (Daisy en Pieter is die ouers van oorlede Pero Roux), Jaco Minnaar (voorsitter van Graan SA), Preline Swart en Derek Mathews (visevoorsitters van Graan SA), Carl Visagie (SiQ), Fanie Ferreira (direkteur van GeoTerraImage) en Eddie Viljoen (direkteur van SiQ). 2. Erkenning is ook aan Infoworks Media Publishing gegee vir 18 jaar diens aan Graan SA. Dié besigheid is sedert 2001 by Graan SA betrokke as onder meer uitgewer van die SA Graan/Grain-tydskrif en Graan SA-jaarverslag. Voor: Trudie en Johan Smit (eienaars van Infoworks). Agter: Jaco Minnaar, Derek Mathews en Preline Swart. ●

Produsente POSITIEF teenoor organisasie

Toit Wessels, assistentbestuurder: NAMPO en Bemaking, Graan SA

Graan SA het tydens die afgelope Kongres terugvoer aan lede oor die resultaat van die heffingsinkomste vir die 2018/2019-seisoen verskaf.

Mnr Ralf Küssel (nuutverkose voorsitter van die Bemakingswerkgroep) het gesê dat alhoewel die pryse van die kommoditeite steeds onder druk bly, die lede hul bydrae positief gelewer het. Die bale moel heffingsbedrag wat ontvang is, dui die positiwiteit van produsente teenoor Graan SA aan.

Die 2018/2019-seisoen het net 'n normale oes in die binneland opgelewer, met 'n goeie oes in die Wes-Kaap, maar 'n ampse misoes in dele van die Suid-Kaap. Die ongekende droogte- en hitte-toestande wat dele van ons produksiegebiede beleef het, het beslis baie produsente se oesgrootte beïnvloed.

Inkomste

Graan SA het 'n heffingsinkomste van R19,5 miljoen gerapporteer, wat bykans R3 miljoen meer is as waarvoor daar begroot is. Hierdie inkomste bo begroting kan toegeskryf word aan eerstens meer hektare geplant as waarvoor daar begroot is tydens 2018 se Kongres, maar beslis ook aan die harde werk deur die Hoofbestuurslede en die bemakingspan van die organisasie.

Agente

Die steeds groeiende mark met meer kopers, bly beslis 'n uitdaging vir die bemakingspan. Die vestiging van vennootskappe met al die kopers en handelaars van graan, bly 'n deurlopende projek. Die getal agente wat Graan SA help met die invordering van die heffingsgelde het die afgelope jaar met ses vermeerder.

Ralf het 'n woord van dank teenoor die agente wat die invordering van die heffing deur hul kanale bewerkstellig het, uitgespreek. Hy het weer eens beklemtoon dat hierdie funksie, wat die agente vir Graan SA lewer, van onskatbare waarde is.

Ledetal

Graan SA se fokus bly daarop om ons lede van diens te wees. Dit is verblydend om te kan rapporteer dat die getal lede min of meer

dieselfde gebly het, ten spyte van die feit dat produsente plase verlaat en die groter eenhede die kleintjies oorneem. Die toename van nuwe era-boere (uitgesluit studlegroepgelde) is vir Graan SA baie positief.

Heffings

Graan SA Kongres het besluit om by die gedifferensieerde heffings op verskillende gewasse te bly. Die heffings in **Tabel 1** toon die nuwe heffingsbedrag per kommoditeit soos vanaf 1 Maart vanjaar. Die studlegroepgede bly R50.

Dankie

Graan SA is en bly 'n produsente-organisasie. Die heffingsinkomste is die hartklop van die instansie en verseker dat Graan SA sy werksaamhede kan voorsit. Ralf het sy dank uitgespreek teenoor lede vir hul getroue bydrae tot die organisasie en hulle die nodige gerusstelling gegee dat die fokus steeds daarop is om graanprodusente in Suid-Afrika van diens te wees.

Hy het genoem dat Graan SA sonder hierdie inkomste nie die bedryf in totaliteit só sou kan bestuur nie. Hy het die Kongres ook meegedeel dat daar streke is wat nie hul deel bydra nie en dat die bemakingspan tesame met die Hoofbestuurslede veral op hierdie streke vir die komende jaar sal fokus.

Ralf het afgesluit deur te noem dat die insette, betrokkenheid en deelname van Graan SA-personeel op grondvlak – hetsy by boerdade/boereverenigings of Graan SA-dae – definitief 'n rol gespeel het tot genoemde bedrag en dat dit nie ongesiens verbygegaan het nie. Hy het hul daarvoor bedank. ●

Ralf Küssel het die agente bedank wat die invordering van die heffing deur hul kanale bewerkstellig.



1 DIE GRAAN SA-BEDRYFSHEFFING VIR 2019.

GEWAS	HEFFING
Mielies	R3,00
Sajabone	R6,00
Sonneblom	R6,00
Sorghum	R3,00
Grondbone	R11,50
Koring	R3,50
Kanola	R4,70
Gars	R3,50
Alle ander grane	R3,50

Dis tyd vir **VORENTOE** kyk en deelneem, sê Jaco Minnaar

Marleen Smith, SA Graan/Grain medewerker

Kyk vorentoe en neem deel om 'n nuwe era vir Suid-Afrika en sy landbou te laat aanbreek. Die sogenaamde "nege verlore jare" (onder oudpresident Jacob Zuma) is verby en agter die rug. Apatie en onbetrokkenheid gaan nie die soort erfenis skep wat jy aan jou kinders verskuldig is nie.

Dit was mnr Jaco Minnaar, voorsitter van Graan SA, se boodskap aan afgevaardigdes op die produsente-organisasie se 2019-kongres.

"Die verkiesing en reaksies op al die verskillende kommissies (waar die georganiseerde landbou insette help lewer) en die inwerkingstelling van herstelplanne sal die toekoms van hierdie land bepaal. Maar ons kan nie net toeskouers hierin wees nie. Ons is deel van die land se toekoms en ons moet aktief deel van hierdie proses wees.

"Graan SA sal daar wees om sy stem te laat hoor oor die toekoms van landbou en die land, maar ons het julle steun nodig. Ons het jul betrokkenheid by hierdie organisasie nodig, sowel as jul betrokkenheid by die gemeenskappe waarin julle woon.

"Ons moet seker maak dat hierdie mooi land sy volle potensiaal bereik. Ons moet die hoop en die visie skep dat ons saam hierin kan slaag, en die geleenthede vir ons kinders skep om hier te leef en te floreer. Ons skuld hulle dit," het Jaco gesê.

In sy samevattende slotboodskap het hy een spreker aangehaal wat 'n uitdagende gestel het aan almal wat daaraan toegewy is om Suid-Afrika beter te maak: Gaan koop vir jou 'n Suid-Afrikaanse vlag as simbool hiervan en hys hom voor jou huis om te wys jy glo in 'n nuwe Suid-Afrika.

"Begin by die klein take: Nooi mense na jou vergaderings toe uit, besoek jou buurman en ontwikkel begrip vir sy behoeftes. Ons het 'n verenigde landbou en verenigde Suid-Afrika nodig.

"Moenie vir ander wag om ons Kanaän te skep nie; skep dit self."

Kommer oor winsgewendheid

In 'n jaar waarin produsente oor die land heen vuisvoos is en party al so lank as sewe jaar droogte trotseer, het Jaco gesê dit sal Graan SA se hoofokus bly om graanprodusente se winsgewendheid en volhoubaarheid te help verseker.

By die dag verloor die land graanprodusente – hulle word omtrent met die helfte minder elke 15 jaar. Die uitwerking hiervan spoel oor na landelike gemeenskappe, wat onder meer skole en kerke insluit. 'n Verdere uitwerking is die kommerwekkende groei in landboukskuld, veral oorlaatskuld.

Die graanproduksiebedryf is onder geweldige finansiële druk en nie volhoubaar as daar maar net op die gebruikelike trant aangegaan word nie.

"Ons moet op verskeie maniere aanpas en oplossings vir die beperkings vind.

"Droogte was nog altyd met ons en sal ook in die toekoms wees. Beoordeel self jou boerdery en maak die nodige aanpassings, hetsy dit alternatiewe gewasse, ruslandstelsels, bewaringsbewerking of die vergroting van jou veevertakking is. Let wel dat hierdie praktyke nie noodwendig vir almal werk en oral inpas nie, so doen jou huiswerk om te verhoed dat jy nie dalk risiko's verhoog nie.

"Introspeksie is altyd noodsaaklik."

Oorlaatskuld en regeringshulp

Klimaat is een van die voorste faktore wat landbouproduksie in Suid-Afrika beïnvloed en die wisselende en bykans onvoorspelbare toestande die afgelope tyd het volhoubaarheid erg benadeel.

Graan SA praat gedurig met handelsbanke en landboumaatskappye, beide op formele en informele vlak, om die graanprodusent se saak te stel en bystand, ondersteuning en kalmte te vra. Met insetverskaffers het die organisasie ook vergader en daar is reeds ondersteuning vanaf hul kant in die vorm van uitgestelde betalings en ingeperkte verhogings.

In die gesprekke met finansiers is die groot mate van oordrag-skuld wat jaarliks opbou, egter 'n groot probleem. Daarom het Graan SA via Agri SA staatshulp in die vorm van 'n soort waarborgstelsel vir graanprodusente gevra, maar weens die benarde stand van die staatskas plaas hulle nie veel hoop op hierdie alternatief nie, het Jaco gesê.

'n Droogteplan

Graan SA is ook deel van 'n droogtekomitee van die Nasionale Bemarkingsraad.

Dié komitee het vier voorstelle gemaak wat die Minister van Landbou, Bosbou en Visserie aanvaar het om rampe en droogterisiko's te verlig sodat hulp verleen kan word – met bydraes vanaf beide die regering en die private sektor, wat produsente insluit.

Hierdie voorstelle sluit 'n ramp-en-droogtefonds in waartoe beide produsente en die regering bydra.

'n Tweede voorstel is vennootskappe tussen die regering en private sektor wat help om daadwerklike ingrypings te bewerkstellig om die uitwerking van rampe en droogtes in die landbou te verlig.

Wat die medium en lang termyn betref, word gevra vir verskeringsprodukte wat allesomvattend is en waartoe die regering gedeeltelik moet bydra. Koördinasie van vroeë waarskuwingstelsels is ook nodig sodat besluitneming en optrede betyds en doeltreffender kan wees.

Graan SA is hard aan die werk om te help sorg dat hierdie voorgestelde strategie uitgevoer word, sê Jaco.

Liggingsdifferensiaal

Oor die gewraakte liggingsdifferensiaal het Jaco gesê Graan SA beywer hom vir 'n gelyke speelveld waarin daar genoeg inligting beskikbaar is sodat produsente in 'n wisselvallige politieke en ekonomiese omgewing die regte bemarkingsbesluite kan neem.

Hulle het die afgelope jaar opnuut baie tyd bestee aan die kwessie van liggingsdifferensiale en wag vir die uitslag van 'n ondersoek daarna deur die Amerikaanse kenner, dr Matt Roberts. Sy voorstelle sal oorweeg word en so gou moontlik haalbaar geïmplementeer word.



Daarna sal Graan SA egter sy fokus verskuif om markinligting deursigtiger te maak, soos die deurlopende bekendmaking van pryspremie wat in die mark beskikbaar is.

Die uiteindelijke doelwit is 'n webtuiste, wat 'n produsent wat graan wil verkoop of 'n aankoper wat graan wil koop, kan besoek en waarop pryse wat op 'n bepaalde plek aangebied of gevra word daagliks gepubliseer word. Hy het 'n beroep op alle belanghebendes gedoen om hieraan deel te neem om te help om 'n deursigtige kontantmark te vestig.

"Ons het reeds informele gesprekke met handelaars en kopers hieroor gehad en verwag dat hulle eersdaags hierdie inligting op die web gaan publiseer."

Voorts besef Graan SA dat die vraag na graanprodukte in die markplek uiters noodsaaklik is en word baie aandag daaraan geskenk om na nuwe markte te gaan kyk, binnelandse verbruik te verhoog en Suid-Afrikaanse grane en oliesade se gehalte-standaarde op 'n punt te kry waar dit vergelykbaar is met graan wat ingevoer word.

"Hierdie aksies het reeds vrugte afgewerp en ons sien uit na nog voordele wat kom."

Navorsing

Besteding aan en doeltreffendheid van navorsing is van die uiterste belang vir enige land wat mededingend en volhoubaar aan die wêreldmark wil deelneem. Daarom is Graan SA uiters bekommerd oor die merkbare agteruitgang hiervan in Suid-Afrika die afgelope dekade, het Jaco gesê.

Die organisasie het dus 'n afdeling vir navorsingskoördinasie binne eie geledere tot stand gebring. Hierdie afdeling vaar net al hoe beter in die vestiging van verskeie navorsingskonsortiums, in vennootskap met belanghebendes in die bedryf, navorsingsinstellings en die regering.

Meer finansiering is egter nodig en Graan SA gaan soek selfs buite die landsgrense hierna.

Bedryfsheffings

Ten spyte van die droogte het Graan SA vanjaar baie meer heffings ingevorder as waarvoor begroot is – bykans R20 miljoen, het Jaco gesê. Hierdie nuus kom midde-in 'n tydperk waarin Suid-Afrikaneers al hoe meer langtand raak om belasting aan die regering te betaal.

Jaco het gesê hulle sien veral 'n sterk neiging in sekere streke dat die bydraes van heelparty lede en hul totale bydrae groei.

"Dit bevestig vir ons dat Graan SA wel waarde tot jul boerderye en besighede toevoeg. Vrywillige bydraes is 'n kultuur wat aansteeklik is."

Hy het 'n beroep op produsente gedoen om meer lede van die waarde van Graan SA te oortuig, sodat die organisasie nóg meer vir produsente kan verrig.

Ministers steun plan vir die platteland

Saam met AgBiz en Agri SA was Graan SA ten nouste betrokke by die opstel van 'n landbouplan, waarvoor daar in middel 2018 uit die presidensie gevra is. Dié plan het ten doel om die landbou en die landelike ekonomie te stimuleer en te laat groei.

Die voorgestelde plan is aan 17 kabinetsministers voorgelê en uiteindelik is dele daarvan in 2019 se staatsrede en begrotingsrede verva.

"Ons glo dat die staat dit daadwerklik steun en dat dié plan die toekoms van landbou sal bepaal," het Jaco gesê. ●

Boerontwikkeling

Graan SA het op Kongres aangekondig dat die organisasie R5 miljoen uit eie fondse vir boerontwikkeling gaan beskikbaar stel as 'n waarborg vir finansiers om opkomende boere wat deur Graan SA aanbeveel word, se produksielenings te help finansier.

Hierdie aanbevelings vir aanvanklike oorweging sal volgens streng reëls geskied.

Dit behoort R40 miljoen se lenings te ontsluit aan verdienstelike ontwikkelende boere wat óf geen kollateraal óf nie genoeg daarvan het nie. Hierdie boere is semikommersiële, maar kan weens die gebrek aan eienaarskap en finansiering nie na 'n kommersiële vlak vorder nie.

Hulle besef dit is 'n druppel in die emmer om die 286 boere in hul ontwikkelingsprogram te help, het Jaco Minnaar gesê, maar hopelik motiveer dit ander instellings om dieselfde te doen.

Graan SA se diensrekord wys steeds dat dié organisasie die voorloper in die vestiging en ondersteuning van nuwe boere in die bedryf is.

Jaco Minnaar en Jannie de Villiers: Ons bly toegewyd tot inklusiwiteit en eenheid in landbou en die breër gemeenskap.

Jaco meen egter hierdie program moet nou tot 'n volgende vlak gedryf word.

"Ons het baie lede wat deur die program is en vir wie daar genoeg grond beskikbaar is (vir kommersiële boerdery), maar wat geen kollateraal het om lenings te bekom om 'n kommersiële produsent te word nie.

Daar word op hierdie stadium na 'n wen-wen-situasie gesoek. Tans doen die Olesade Verwerkers Vereniging 'n studie oor die huidige situasie en hoe daar gewerk kan word na 'n beter struktuur om die verskillende kwaliteite reg te verpak. Daar word ook verder gekyk na die uitlae van die SAGL teenoor die kwaliteit wat verwerkers in die industrie ervaar.

Liggingsdifferensiaal op sojabone

Corné gee terugvoer oor dr Matt Roberts se besoek om die werking van liggingsdifferensiale te ondersoek. Dr Roberts is van mening dat 'n liggingsdifferensiaal bepalend is vir die optimale funksionering van die sojaboonmark. Hy het spesifiek verwys na die groot hoeveelheid sojabone wat op Safex vanuit afgeleë silo's herlewer word. Die wegbreekessie is van mening dat daar steeds nie 'n liggingsdifferensiaal op die Safex-sojaboonkontrak moet wees nie.

Sojaboonbedryf- strategiese werkwinkel

Corné rapporteer oor 'n sojaboonbedryfswerkwinkel wat einde verlede jaar gehou is ten einde uitdaginge in die bedryf te bespreek. Volgens die groot veevoervoerders is die tekort aan 'n konstante kwaliteit teen 'n konstante hoeveelheid plaaslike oliekoek, die rede hoekom hulle steeds sojaboonoliekoek moet invoer.



Sonneblom en sorghum

Mnr Willem Groothof (voorsitter: Sorghumwerkgroep) tree as voorsitter op.

Sonneblom Sonneblomolie

Volgens me Wiana Louw is 2017/2018 die sesde jaar waarin sonneblomkwaliteitsanalises gedoen is. Die data op nasionale en streeksvlak wys dat die laaste drie seisoene se olie-inhoud laer is as ses jaar gelede, maar dat die plaaslike sonneblomolie-inhoud van gemiddeld 40% relatief goed is. Die wegbreeksessie voel dat die afgelope paar seisoene se laer olie-inhoud moontlik kan wees as gevolg van die later aanplantings weens droogtetoestande.

Plantdatums

Dr Safiah Ma'alli, van die LNR-Graangewasse, het 'n voorlegging gedoen oor die impak van sonneblomplantdatums op olie-inhoud, saad asook olie-opbrengs na aanleiding van veldproewe wat gedoen is. Sy adviseer produsente om sonneblom in November en nie later as einde Desember aan te plant nie ten einde meer as 2 t/ha te bereik.

Siektes

Tydens 'n voorlegging het me Miekie Human (navorsingsassistent, Graan SA) produsente oor die Suid-Afrikaanse Sclerotinia Navorsings-netwerk (SASRN) ingelig. 'n Navorsingsprojek word tans onderneem op sonneblomme oor die genotipiese en fenotipiese sifting van sonneblomkultivars om bronne van verdraagsaamheid te identifiseer.

Monsternemingsapparaat

Me Petru Fourie (navorsingskoördineerder en produksiekostenanalisis, Graan SA) noem dat produsente bekommerd was oor die monsternemingsproses van sonneblom. SAGL het 'n versoek van Agbiz Graan 'n studie gedoen en verskillende monsternemingsinstrumente getoets en met mekaar vergelyk. Sy sal 'n artikel oor haar resultate skryf.

Opbrengs

Volgens mnr Willem van der Walt het sonneblomopbrengste die afgelope paar jaar sywaarts beweeg en is daar 'n behoefte aan produksiepraktyknavorsing (soos bemesting en plantdatums).

Dowwe pitte by sonneblom

Na aanleiding van produsente se ervaring van dowwe pitte sal Petru 'n artikel hieroor deur dr André Nel aan produsente stuur.

In- en uitvoerrapportering

Me Ikageng Maluleke (landbou-ekonomies, Graan SA) meld daar is versoek dat die voornemens vir in- en uitvoere van sonneblom, agt weke voor die fisieke lewering daarvan plaasvind, aan die mark bekend gemaak moet word, soos dit reeds die geval met mielies is.

Sorghum Markuitbreiding

Willem meld dat die sorghummark stagneer en dat die verbruik vir die vervaardiging van sorghumbier na die meelmark verskuif het. Slegs 'n klein persentasie van die plaaslike sorghumproduksie word vir dierevoeding gebruik en nuwe markte moet gesoek word. Hy

meld ook dat Graan SA verlede jaar die vernaamste sorghumverwerkers besoek het.

BTW op sorghum

Graan SA het in 2018 weer aansoek gedoen dat BTW op sorghum geskrap moet word, maar dit is weer eens afgekeur.

Safex-kontrakte

Ikageng wys daarop dat verlede jaar se Kongres besluit het om die sorghum-Safex-kontrak te verwyder. Graan SA het egter aan die bedryfen die JSE voorgestel dat die sorghumkontrak kleiner gemaak moet word en dit is verminder van 100 ton tot 30 ton. Produsente het positief gereageer en verhandelinge is gestimuleer.

Pannar se sorghumteelprogram

Willem sê dat Pannar moontlik hulle plaaslike sorghumteelprogram gaan staak en dat dit dringend met Pannar opgeneem sal word.

Kweleabeheer

Die Departement van Klimaatverandering en Rampbestuur sê dat daar min aanmeldings was as gevolg van laer reënval en 'n afname in sorghumhektare. Dr Marinda Visser sê dat Graan SA 'n vergadering met die departement gehad het waar langtermynbeplanning vir kweleabeheer bespreek is. ●



Met die louere wegstap

SA Graan/Grain redaksiespan



1a. Die media wat Kongres bywoon, wys jaarliks die beste spreker van die vloer af aan. Vanjaar het dié trofee aan Herman Meiring van Streek 20 gegaan. Herman het 'n mosie van dank ingedien aan die landbouleiers vir die werk wat hulle vir die bedryf doen.

1b. Anton Botha (voormalige hoofbestuurslid vir Streek 20), middel, het die trofee namens Herman in ontvangs geneem. Johan Smit (besturende redakteur: SA Graan/Grain) het die trofee-oorhandiging namens die Landboukrywers gedoen. By hulle is Jaco Minnaar (voorsitter van Graan SA).



2. Die Koster-skill (en 'n bottel "versterkwater") word aan die skrywer van die beste reeks artikels in SA Graan/Grain oorhandig en vanjaar het die eer vir Kleinneef van die gewilde rubriek "E-posse aan Grootneef" te beurt geval. Nico Vermaak (bestuurder: Korporatiewe Dienste), links, het vir Kleinneef, wat èrens op reis in die Vrystaat was, ingestaan. Sarel Haasbroek (hoofbestuurslid vir Streek 7) en Jaco Minnaar wens hom geluk.

3

The **INEFFICIENT** producer?

Questioning the South African wheat value chain's core competitiveness

3. Die Redaksiekomitee stem jaarliks vir die beste artikel in SA Graan/Grain en vanjaar is Michael Day van die Universiteit van Stellenbosch se artikel "The inefficient producer? Questioning the South African wheat value chain's core competitiveness" as die wenartikel aangewys. Michael kon ongelukkig nie die oorhandiging bywoon nie. ●

JHB TRACTOR SPARES®

Specialists in replacement parts for

FORD, FIAT, NEW HOLLAND and MASSEY

Tel: (011) 615-6421/677-2100 • Fax: (011) 622-4311/616-5144
 Email: jhbtrac@icon.co.za • www.jhbtractorspares.co.za

SA Graan/Grain dekking van Kongres 2019

Die SA Graan/Grain redaksie bring hierdie samevatting oor vanjaar se Graan SA Kongres (soos uiteengesit op bladsy 18 tot bladsy 47) aan ons lesers en lede van die organisasie wat nie persoonlik Kongres bygewoon het nie. Dit moet egter geensins geag word as 'n genotuleerde weergawe van Kongres of kongresverrigtinge nie, aangesien laasgenoemde in die amptelike notule weergegee word. ●

BIG 5 SPONSORS GROOT 5 BORGE



Standard Bank

SPONSORS BORGE

BRONZE/BRONS



SUPPORTER/ONDERSTEUNER



DONOR/DONATEUR



Grain SA expresses its heartfelt thanks to these companies who made Congress 2019 possible
 Graan SA spreek sy opregte dank uit teenoor hierdie maatskappye wat Kongres 2019 moontlik gemaak het

22|03|2019

Gars en hawer: Hoe lyk die mark?


Luan van der Walt

 Landbou-ekonomiese, Graan SA, luan@grainsa.co.za
Ruan Schutte

 Junior landbou-ekonomiese en bemarker, Graan SA, ruan@grainsa.co.za

In die Wes-Kaap speel gars en hawer 'n belangrike rol in die wisselboustelsels van die wintergraanstreke. Dit dien ook 'n doel rakende die diversifisering van gewasse vir die produsent, asook ten opsigte van die verspreiding van prys- en produksierisiko's. Verder word dit ook benut as 'n voedingsbron vir mens en dier.

Die produksie van die gewasse vervul 'n belangrike skakel, nie net in die streek nie, maar ook in die totale voedselketting in Suid-Afrika.

Alhoewel daar gedurende die afgelope 20 jaar 'n toename in die verbouing van die gewasse (oppervlakte- en opbrengsgewys) was, is die groei steeds nie voldoende om aan die behoefte van die plaaslike mark te voorsien nie. Die tekort in die mark skep geleenthede vir potensiële produsente om tot die mark toe te tree, asook vir bestaande produsente om produksie uit te brei.

Beide gewasse hou uitdagings asook potensiaal tot produksiegroei vir produsente in.

Hoe lyk die garsmark?

Internasionale oorsig

Suid-Afrika voer gars vanuit internasionale markte in om aan die plaaslike behoefte te voorsien. Die gemiddelde invoere oor die afgelope tien jaar was 59 000 ton per jaar vanaf lande soos Argentinië, Australië, België, Frankryk en die Oekraïne. Die feit dat Suid-Afrika op 'n jaarlikse basis steeds gars invoer om aan die plaaslike behoefte te voldoen, dui daarop dat daar steeds heelwat spasie is vir verdere uitbreiding van die plaaslike produksie.

Dit is positief vir produsente in veral die winterreënvalstreek aangesien dit meer geleentheid bied vir diversifisering van aanplantings.

Plaaslike mark

Alhoewel die afgelope drie jaar se droogte in die Wes-Kaap opbrengs en produksie benadeel het, is garsproduksie die minste geraak in terme van opbrengs. Die teling wat gedoen word op die onderskeie garskultivars is van hoogstaande gehalte en baie aandag word geskenk aan die ontwikkeling van droogtetolerante kultivars.

Gars kan daarom dien as 'n goeie buffer en verder speel dit 'n baie belangrike rol in die verspreiding van risiko in droogtejare. Gars se winsgewendheid, indien dit aan moutgars se graderingsvereistes voldoen, is ook beter in vergelyking met die marges van ander wintergrane.

Grafiek 1 is 'n grafiese voorstelling van die plaaslike produksie en verbruikstendense van gars sedert die 1998/1999-seisoen. Daar kan gesien word dat die plaaslike produksie nie voldoen aan die plaaslike vraag nie. Dit dui ook die tekort aan wat deur invoere aangevul moet word om aan die binnelandse behoefte te kan voldoen.

Hoewel die plaaslike produksie in die meeste van die jare nie voldoen aan die binnelandse vraag nie, gebeur dit wel soms dat daar 'n oorproduksie is. In so 'n geval voer Suid-Afrika gars uit na onder meer Namibië.

Dit is wel duidelik dat die plaaslike produksie die afgelope paar jaar skerp toegeneem het en nader aan die plaaslike vraag is. Dit veroorsaak reeds dat die invoere begin afneem het. Hierdie situasie bring weer ander uitdagings na die plaaslike mark, aangesien produsente dan met die oorskot gars in ander markte as die moutgars moet meeding.

Hoe lyk die mark vir hawer?

Internasionale oorsig

Hawer toon 'n groot ooreenkoms met gars ten opsigte van die binnelandse behoefte en tekorte. Die verbruik in Suid-Afrika van hawer is groter as die plaaslike produksie daarvan.

Suid-Afrika is ook 'n invoerder van hawer. Lande soos Australië, België, Brasilië, Kanada, Chili, Portugal, Swede, die Oekraïne, Uruguay en Finland verskaf hawer aan Suid-Afrika. Oor 'n tienjaargemiddeld voer Suid-Afrika 24 000 ton hawer per jaar in om aan die plaaslike behoefte te voorsien. Suid-Afrika voer ook, van tyd tot tyd indien daar 'n surplus is, uit na lande soos Japan en Zimbabwe.

Plaaslike mark

Grafiek 2 is 'n grafiese voorstelling van die plaaslike produksie,

Graan SA/Sasol fotokompetisie



invoere en verbruik van hawer sedert die 1997/1998-seisoen. In die grafiek kan daar duidelik gesien word dat die plaaslike produksie meestal laer as die plaaslike verbruik is. Dit beteken dat Suid-Afrika in die meeste van die jare in 'n tekortsituasie is wat hawervoorraad betref en dat invoere moet plaasvind om die tekorte aan te vul.

Hawer dien as voedingsbron vir mens en dier. 'n Duidelike toename kan waargeneem word ten opsigte van die behoefte aan en gebruik van die gewas in die binnelandse mark.

Vir menslike verbruiksdoeleindes word 43 000 ton per jaar gemiddeld gedurende die afgelope tien jaar gebruik, terwyl 7 000 ton per jaar oor dieselfde tydperk vir dieregebruik aangewend is. In Suid-Afrika is die binnelandse behoefte ongeveer 60 000 ton per jaar, terwyl daar plaaslik gemiddeld slegs 39 000 ton geproduseer word. Daar word oor 'n tienjaargemiddeld 24 000 ton hawer per jaar ingevoer na Suid-Afrika toe.

Wat verder waargeneem kan word in Grafiek 2 is dat, soos die behoefte aan hawer groei, daar ook 'n toename in die plaaslike verbouing van die gewas was. Ten spyte van die wisselvalligheid van die plaaslike produksie, was daar wel goeie groei in die produksie oor tyd. Dit dui op gesonde markomstandighede wat as positief beskou kan word.

Risiko-elemente met betrekking tot die verbouing van gars en hawer

Alhoewel daar baie voordele is aangaande die verbouing van die gewasse en daar 'n duidelike behoefte bestaan om meer te produseer in Suid-Afrika, is daar ook risiko's verbonde aan gars- en hawerverbouing, net soos wat daar risiko's bestaan ten opsigte van die verbouing van enige ander landbougewas.

Van al die wintergrane wat verbou word, is gars die winsgewendste, maar die risiko in 'n nat oestyd om uitloopskade op te doen, is ook die grootste. Dit belemmer die gradering van gars negatief, aangesien die vermoetingsaanlegte nie uitgeloopte gars kan vermoet nie. Dit moet dan noodgedwonge as voergars gelewer word wat derhalwe die winsgewendheid van die lewering van die gewas belemmer.

Die grootste risiko rakende hawer in die oestyd is windskaide. Wanneer hawer ryp is, word dit maklik deur sterk wind uit die are gewaai. Die saad het ook die geneigdheid om maklik uit die are te val. Hierdie proses word dan deur die wind aangehelp.

Samevatting

Suid-Afrika voer gars en hawer in, alhoewel die potensiaal bestaan om self genoeg te

produseer om aan die plaaslike markvraag te voldoen. Die gewasse bied die geleentheid vir produsente om prys- en opbrengsrisiko te versprei en 'n meer volhoubare boerderyomgewing te skep.


Daar is risiko's verbonde aan die verbouing van die gewasse, maar die winsgewendheid daarvan kompenseer vir die risiko. Dit bied dus 'n geleentheid vir bestaande en gevestigde produsente om verbouing uit te brei. Dit bied egter ook aan nuwe produsente 'n gaping om die mark te betree op 'n gebied wat minder kompetierend is omdat daar binnelands 'n tekort bestaan.

Die konstante groei in Suid-Afrika se bevolking bring ook 'n groei in die aanvraag na hawer en gars mee. Die groei in aanvraag na die gewasse, asook die uitvoeremoont-

likhede na van Suid-Afrika se buurlande, het 'n positiewe invloed op die volhoubare winsgewendheid en potensiele marksegmentgroei wat die gewasse inhou. ●


Vrywaring

Sover moontlik is alles gedoen om die akkuraatheid van hierdie inligting te verseker. Graan SA aanvaar egter geen verantwoordelikheid vir enige skade of verliese wat gelyk word as gevolg van die gebruik van hierdie inligting nie.



Grafiek 1: Grafiese voorstelling van die vraag en aanbod van gars in Suid-Afrika.

Bron: SAGIS



Grafiek 2: Grafiese voorstelling van die vraag en aanbod van hawer in Suid-Afrika.

Bron: SAGIS



Corné Louw
Senior ekonoom, Graan SA
come@grainsa.co.za

Alles en nog meer oor diesel

Diesel maak ongeveer 12% van 'n graan- en oliesadeprodusent se lopende produksiekoste uit. Die prys van diesel is belangrik, maar die kwaliteit van diesel raak deesdae al hoe belangriker. Heelwat nuwe rolspelers het die dieselmak betree en bied aantreklike pryse vir produsente aan.

Vir die koste van 'n vrug diesel en die skade wat swakkwaliteitsdiesel aan peperduur voertuie kan aanrig, kan dit dalk die moeite werd wees om gereeld die kwaliteit te toets.

Prys van diesel

Die groothandelprys van diesel het in Maart vanjaar op R14,06/liter gestaan – 'n uitermatige 16,2% hoër as die R12,10/liter van verlede jaar dieselfde tyd. As daar na die samestelling van die dieselprys gekyk word, blyk dit dat 51,8% uit die werklike brandstofkoste (invoerprys van diesel) bestaan, terwyl die heffings en belastings 48,2% van die prys uitmaak. Die grootste gedeelte (76%) van die heffings en belastings bestaan uit die algemene brandstofbelasting en die Padongelukfondsheffing.

Heffings en belasting wat die groothandelprys opmaak in Suid-Afrika, word gereguleer. **Grafiek 1** toon die samestelling van die groothandelprys van diesel in Maart vanjaar aan. Die Minister van Finansies het verder in sy begroting aangedui dat belasting op diesel in April met 'n verdere 15c/liter gaan styg, terwyl die Padongelukfondsheffing met 5c/liter gaan toeneem. In Junie gaan daar ook 'n bykomende 10c/liter vir koolstofbelasting gehef word.

Die dieselerabat vanaf April 2019

Die dieselerabat waarvoor produsente kwalifiseer, bestaan uit 40% van die algemene brandstofbelasting en 100% van die Padongelukfondsheffing. Vir Maart het die dieselerabat 23% van die groothandelprys van diesel uitgemaak.

Soos reeds genoem, het die Minister van Finansies in Februarie vanjaar aangekondig dat die algemene brandstofheffing en die Padongelukfondsheffing in April met 15c/liter en 5c/liter onderskeidelik gaan toeneem. Dit bring mee dat die dieselerabat vanaf 321,8c/liter na 332,8c/liter in April gaan toeneem – vir 80% van regmatige gebruik. **Grafiek 2** toon hoe die dieselerabat oor tyd toegeneem het.

Verhoging in dieselerabat gaan met verantwoordelikheid gepaard

Uit die artikel is dit duidelik dat ondanks die feit dat heffings en belastings toeneem, die dieselerabat 'n noemenswaardige deel daarvan uitmaak. Dit alles spel uit dat ons in die landboubedryf die dieselerabat met die nodige



Vir meer inligting oor die hantering van die dieselerabat en aktiwiteite wat kwalifiseer vir die dieselerabat, besoek (Skedule 6 deel 3) <http://www.sars.gov.za/AllDocs/LegalDoclib/SCEA1964/LAPD-LPrim-Tariff-2012-19%20-%20Schedule%20No%206.pdf>

Planter Monitor

- Seed per 100m per row, seed population
- Hectares worked and much more
- Easy to install and maintain
- Fertiliser and turning of axles
- Can be applied to most planters
- Real tough, rust and water resistant



Proudly Made in South Africa



Cut losses with PRECISION Plant with VISION



Process Monitor for Air Seeders

- Area
- Speed
- Tacho up to 4 axles
- Alarm on each function
- Easy to install
- Bin / Tank full
- Bin / Tank empty

Tel: 012 345 3193

Fax: 012 345 6763

Web: www.electrolee.co.za

Email: info@electrolee.co.za

Sales: sales@electrolee.co.za

omsigtigheid moet hanteer en ten alle tye moet beskerm – dit is een van die min ondersteuningsmaatreëls wat produsente ontvang.

Wenke vir dieselrabat

- » Eis die dieselrabat op grond van verbruik en nie op aankope nie.
- » Hou volledig boek van dieselgebruik op die plaas (vanaf die hoofverspreidingspunte):
 - » Datum van diesel ingegooi
 - » Hoeveelheid diesel ingegooi
 - » Beskrywing van voertuig
 - » Rede waarvoor diesel aangewend is (moet duidelik beskryf word)

Toets vir die kwaliteit van diesel


Daar is verskeie bronne wat gebruik kan word om dieselmotorkwaliteit te laat toets. Indien vermoed word dat daar probleme is met dieselmotorkwaliteit, veral in gevalle van moontlike dieselmotorkontaminasie, kan die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SAID) geskakel word vir die toets daarvan:

Russell Allison van SAID by 021 943 7778 of rallison@sars.gov.za.


Indien produsente self hulle diesel wil toets, kan die webblad www.dieselfesting.co.za besoek word of 087 575 3568 gekontak word vir die aankoop van toetsinstrumente.

Nog 'n opsie is om diesel in 'n laboratorium te laat toets. Die volgende laboratoriums is al deur lede gebruik:

- » Wearcheck by 011 392 6322 of support@wearcheck.co.za. Of besoek www.wearcheck.co.za.
- » Tribology Laboratory by 012 420 2475 of Philip.devaal@up.ac.za. ●



Grafiek 1: Samestelling van die groothandelprys van diesel in Maart 2019.



Grafiek 2: Die dieselrabat oor die jare.



SILOWAREHOUSE
(PTY) LTD.

YOUR GRAIN STORAGE SOLUTION

New Grain Cooling Technology • Eco Friendly Storage
Huge savings on fumigation costs



- Silos
- Bucket Elevators

012 332 1463

info@silowarehouse.co.za

[silowarehouse](https://www.facebook.com/silowarehouse)

www.silowarehouse.co.za

ARGENTINE NO-TILL SYSTEMS: Major elements, insights and challenges



Dr Hendrik Smith,
conservation agriculture
facilitator, Grain SA



Stephano Haarhoff,
PhD student, Depart-
ment of Agronomy,
Stellenbosch University

Since converting from conventional tillage to no-tillage, the functionality of cropping systems across Argentina has changed considerably. The newly introduced agronomic management practices have unlocked unused potential of the soil-crop system while simultaneously enhancing sustainable crop production.

In turn, cropping systems have become more stable over long-term periods and have enabled producers to plan each season according to prevailing climate conditions and on-farm needs.

Cropping systems

Soybean, maize and wheat are the main crops produced across the Argentine Pampas, accounting for 78% of the 32 million ha used for crop production. Depending on climate conditions, producers plant a single (full-season) soybean or maize crop annually with the double-cropping system implemented where soil water levels are adequate (Table 1).

In the double-cropping system, wheat is drilled into crop residues directly after the summer crop harvest is completed. The crop residues protect the soil against strong winds occurring throughout the winter season and decrease evaporation losses from the soil surface.

Seasonal rainfall variability makes crop production in the Argentine Pampas challenging, ranging

from droughts to extreme wet weather. In some years, high rainfall continues until late in May. This causes the germination of soybean seeds in the pods prior to harvest, resulting in severe crop losses. More recently, producers have been forced to establish soybean and maize later in the season (December) due to the delayed arrival of rainfall.

This has resulted in a prolonged fallow period prior to planting and subsequently more herbicide applications. To avoid this, cover crops are established after harvest, introducing a green fallow period to protect and improve the soil and outcompete weeds. However, low soil water levels are the main constraint on this practice, especially in the semi-arid region of Argentina. Ongoing on-farm and research trials are currently investigating potential management practices to overcome this challenge.

Weed management

In the former conventional tillage systems, weed control was one of the major challenges producers encountered year-round. As soils were frequently disturbed, weed seeds were constantly brought to the soil surface initiating germination due to favourable soil temperatures. In addition, weeds established during fallow periods exhausted soil water and nutrients. This highlighted the need for alternative weed control approaches to eliminate the inefficient facets of the cropping systems.

1 A SUMMARY OF THE GRAIN CROP PRODUCTION CYCLE FOLLOWED IN THE ARGENTINE PAMPAS.

MONTHS	CROP PRODUCTION CYCLE
September	Maize planting in the northern region begins and proceeds to the south
October	Maize planting at a peak Full-season soybean planting begins
November	Soybean planting at a peak Wheat harvest begins
December	Final maize and soybean planting Wheat harvest at a peak
January	Wheat harvest completed Double-cropping soybean planting begins
February	Early maize harvest begins
March	Maize harvest at a peak Early maturing full-season soybean harvest begins
April	Maize harvest completed Full-season soybean harvest at a peak; winter small grains planted
May	Full-season soybean harvest completed Double-cropping soybean harvest begins Winter small grain planting at a peak
June to August	Planting of winter small grains ends Double-cropping soybean harvest completed Planting of winter cover crops


The adoption of no-tillage provided the tools for new approaches. Minimal soil disturbance and herbicides were initially an effective weed control strategy. However, new challenges emerged as time passed. High volumes of glyphosate were used annually with Roundup Ready soybean and maize, resulting in resistant weeds. Again, long-term sustainable approaches were needed.

When converting from a conventional tillage to a no-tillage system, the spectrum and occurrence of weed species change. To combat this, Argentine producers are aiming to follow approaches which are sustainable over longer periods:

- Soil mulch cover is a priority (primarily for weed control and soil protection). A great amount of sunlight is intercepted by the mulch cover resulting in low soil temperatures. In this way, seed germination is suppressed and weed establishment is largely side-stepped. The success of this cooling effect lies in the fact that the minimum soil temperature stays unaffected, but that the maximum temperature the soil will reach is reduced, thus preventing seed germination. To achieve this, a minimum mulch cover of 6 t/ha dry matter is needed. There is a strong belief in Argentina that if you maintain 80% of shadow provided by a mulch cover, up to 80% of weed suppression is possible.
- Growing crops on a continuous basis provides additional weed suppression methods, as leaf canopies influence the plant-soil system alternatively. Although this practice does increase the competition for soil water and nutrients, the crop leaf canopy intercepts incoming sunlight with only scattered and low energy sunlight reaching the soil surface. Again, lower soil temperatures are expected, but not to such an extent as caused by a mulch cover. Suboptimal soil temperatures lead to very low germination and seedling growth rates and ultimately result in seedling failure and reduced weed establishment.
- Finally, crop rotation is implemented as it provides several tools producers can use to their advantage to control weeds. The difference in root systems, leaf canopy structure, nutritional differences and growth cycles between different crops (e.g. sunflowers, soybean, maize and cover crops) provide a new set of challenging growing conditions for weeds each year. Also, interannual change in type of herbicide usage may prolong the development of herbicide resistance in weeds.


Cover crops

In the humid Pampas, the wet season peaks during March and provides the option to establish cover crops after the soybean or maize harvest. Current research is investigating several cover crop species to increase mulch cover build-up, promote crop diversification and the provision of cattle forage during the dry season. 🔄




Graph 1: Soybean yields of a long-term crop rotation and soil tillage trial in the Argentine Pampas.

CT: Conventional tillage; NT: No-tillage; Sy: Soybean; Mz: Maize; CC: Cover crop (triticale)
The cover crop was grown between the two subsequent summer crops
Source: Modified from Basanta and Álvarez (2015)



Graph 2: Maize yields of a long-term crop rotation and soil tillage trial in the Argentine Pampas.

CT: Conventional tillage; NT: No-tillage; Sy: Soybean; Mz: Maize; CC: Cover crop (triticale)
The cover crop was grown between the two subsequent summer crops
Source: Modified from Basanta and Álvarez (2015)



Graph 3: The above-ground biomass production of triticale as a cover crop in the different crop rotation systems in the Argentine Pampas over eight cropping years.

Source: National Agricultural Technology Institute (INTA)

ON FARM LEVEL

Conservation agriculture

ARGENTINE NO-TILL SYSTEMS



1. Wheat residues of the previous crop combined with this year's maize residues provide a good soil mulch cover. **2.** Wheat seedlings emerging from soybean stubble. **3.** Wheat is planted immediately after the maize harvest in the double-cropping system.



◀ The choice of winter cover crop species is important due to the variation in growth cycles and resource demands. For example, vetch may provide nitrogen to the cropping system (nitrogen fixator), but its initial growth rate is very low and consequently controls autumn weeds poorly.

Grass species, such as triticale and oats, compete strongly with weeds by maintaining high growth rates. Weeds may be present in these grassy type cover crop stands (without any herbicide applications), but their growth is poor and they have little effect. It is important to acknowledge that grass species have a high water demand and may exhaust available soil water.

A 23-year long-term trial has investigated the effects of integrating a cover crop (triticale) in a maize/soybean cropping system in the Argentine Pampas. In the grain-only system (without a cover crop), soybean yields were approximately 9% lower than the same rotational system with a cover crop included over 23 years (**Graph 1** on page 53).

Also, the soybean yield under no-tillage and in rotation with maize was approximately 1 t/ha higher compared to monoculture soybean under conventional tillage, highlighting the impact of agronomic management factors on crop yields. On average, the soybean-maize plus cover crop system yielded only 18% lower compared to a no-cover crop system over 23 years (**Graph 2** on page 53). These lower maize yields were attributed to lower soil nitrogen levels following the cover crop.

It is important to acknowledge the contribution of a cover crop to the functioning

of the cropping system. Instead of a fallow period with very low soil cover, the growing cover crop provide valuable grazing material, through which value is added to the livestock. The live roots during the winter season provide carbon sources for soil microbes, which may enhance organic matter build-up over several years.

The soil surface is protected from direct sunlight and wind erosion, while good cover is present at the offset of the rainy season and planting season. In regions where mulch cover build-up is a challenge, cover crops can be used as a tool to enhance this critical factor, as illustrated in **Graph 3** on page 53. The average contribution in biomass production (in addition to crop residues of the previous summer crop) by triticale was 3,1 t/ha and 2,3 t/ha in the soybean-maize and soybean-soybean crop rotation, respectively.

Integrated pest management

Integrated pest management is a control method of combining several agronomic management practices to control pests over the long term. Information regarding the growth stages of pests, biological cycles of crops and the relationship between pests and crops are critical in making management decisions.

In the Argentine Pampas, main pests include fall army worm (*Spodoptera frugiperda*), sugarcane borer (*Diatraea saccharalis*), stem borer (*Scirpophaga incertulas*) and cutworms.

Tools for integrated pest management in the Argentine Pampas include:

- » Chemical control;
- » crop rotation;

- » tolerant hybrids; and
- » planting dates.

By combining these management tools and applying them in accordance with pest growth cycles, crop losses may be lowered. As an example, cutworms' life cycle finishes close to the time of maize planting in the Argentine Pampas. Therefore, producers extend maize planting dates in combination with chemical control to lower potential damage to maize seedlings.

Final remarks

The challenges faced within a cropping system need to be addressed by using a unique set of management tools available to the producer. By investigating climate conditions and the soil water and fertility status, producers can gather information to consider possible management strategies.

Using this as a point of departure, soils and plants can be managed accordingly, using multi-ecosystem services as a way to produce crops in a profitable and sustainable manner in the long run. ●

Reference

- ¹ Basanta, M., and Alvarez, C. (2015). Sustainable management of agricultural systems in the central region of Córdoba: a long-term experience at INTA EEA Manfredi. ESTUARY. Agricultural Research Journal, 41 (2), 215 - 222.

As BOER in jou BLOED is



Marleen Smith,
SA Graan/Grain
medewerker

Vir die Van Zyls van Marseilles tussen Tweespruit en Ladybrand in die Suidoos-Vrystaat was daar nog nooit juis 'n kwesie hieroor nie: Hulle is produsente.

Theo sr (72) se pa, wat ook in die omgewing geboer het, is skielik oorlede toe hy nog 'n kleuter was en sy kleinboet enkele dae oud. Sy wyle ma, Ella, het koshuismoeder by die eertydse Huishoudskool Anna Scheepers op Tweespruit geword om die pot aan die kook te hou. Sy het Theo belooft sy sal sorg en al die geld wat sy kon afknyp, gespaar om vir haar seun 'n plaas te koop.

Sy het dit reggekry en die resultaat was Prairie – vandag hul familieplaas. Hier boer Theo sr en sy twee seuns, Theo jr en Cobus, in 'n gebied met marginale grond en uiters wisselvallige klimaat van jaar tot jaar vooruit, waarskynlik danksy hierdie oorgeërfde werkywer en passie vir boer.

Die aanvanklike plaas wat ouma Ella gekoop het, was 250 ha groot. Deur die jare het Theo sr, wat ná matriek gaan boer het, nog grond rondom bygekoop en net die pa en seuns se saaiery is vandag ongeveer 1 800 ha groot. Dit is benewens 'n beesboerdery op oesreste, groenvoer en veldweiding met *Eragrostis* en waarvan al die kalwers in hul eie voerkraal, met hul eie kontantgewasse (meestal mielie-meel) afgerond word.

Cobus behartig meestal die saaiery en Theo jr die beesboerdery. Tussendeur hou hul pa, wat hulle omtrent alles van boerdery geleer het, 'n wakende oog.

"Al my boerderyondervinding is eerstehands opgedoen in praktyk, hier op die plaas, te danke aan my pa wat sy kennis op 'n daaglikse basis met my deel.

Daarvoor is ek baie dankbaar," sê Cobus, wat in 2001 amptelik begin boer het nadat hy die nasionale sertifikaat (N3) voltooi het.

Hy sê hulle beleid is om so ver moontlik al die werk self te doen, asook die weeklikse beplanning van onder meer die aankope van onkruidodders, kunsmis, saad en diesel.

Die Van Zyls plant alles op droëland en op lande met 'n medium opbrengspotensiaal op beide eie en huurgrond. Hiervan is sowat 700 ha gewoonlik mielies, 700 ha Clearfield-sonneblom en ongeveer 400 ha sojabone, in wisselbou.

Hulle behaal 'n gemiddelde opbrengs van 4,8 t/ha mielies, 2 t/ha vir die sonneblom en 1 t/ha vir die sojabone. Vir die mielies en sonneblom word met NPK bemes, maar nie vir die sojabone nie. 500 ha hawer word ook jaarliks as groenvoer aangeplant, wat teen 0,5 ha/bees benut word.

Die sojabone en sonneblom, wat penwortels het, word met minimumbewerking geplant. Vir die mielies vind hulle dat 'n ribbewerking die opbrengs verbeter. 2 ton dolomitiese kalk word per hektaar in 'n siklus van vier jaar op sowat 400 ha per jaar toegedien.

Wat kultivars betref, plant hulle dié wat bewys het dat hulle in beide nat en droë jare 'n stabiele opbrengs lewer. Voorts voeg hulle jaarliks ook een nuwe kultivar by om sy potensiaal te toets.

Onkruid

Die saaiery behels 'n redelike druk program – winter en somer. Onkruidbeheer is vir hulle 'n voorste prioriteit. Die hardnekkigste onkruid wat hulle jaarliks bestry, is skraalhanse en kweek. ☘



1

1. Jaco Minnaar (voorsitter, Graan SA) saam met Cobus en Chantelle van Zyl, Paulette en Theo jr van Zyl en Abraham Vermeulen (besturende direkteur, Syngenta) tydens die toekenningsgeleentheid in Oktober verlede jaar. Foto: Helenus Kruger

As BOER in jou BLOED is

3 In die winter, ná stroop of nadat die vee die lande beweë het, begin hulle beheer toepas met 'n kontrasnyeg (*offset-ripper*) op die kweekkolle, om die wortels bo die grond te kry sodat die ryp dit kan laat vrek. Dit is gewoonlik dieselfde tyd as wanneer hulle die lande rip en kalk strooi vir die komende jaar se mielies. Onkruid word ook in hierdie tyd gespuit, afhangend van die onkruiddruk.

Sodra dit genoeg gereën het en die onkruid nie meer danksy droogte onderdruk word nie, doen hulle 'n algemene chemiese bespuiting, wat gewoonlik middel Oktober plaasvind.

'n Nuwe praktyk wat hulle nou begin beproef het, is om die skraalhanse vanuit 'n vliegtuig met onkruiddoder te spuit nog voordat die mielies gestroop is en die klein skraalhansplantjies nog plat op die grond groei waar dit tussen die mielies opgekom het

'n Nuwe praktyk wat hulle nou begin beproef het, is om die skraalhanse vanuit 'n vliegtuig met onkruiddoder te spuit nog voordat die mielies gestroop is en die klein skraalhansplantjies nog plat op die grond groei waar dit tussen die mielies opgekom het.

Voor die aanplanting van al drie kontantgewasse word vooropkomsbespuitings ook gedoen. Bespuiting word na gelang van die korrekte plantstadium gedoen, soos wat die chemiese maatskappye aanbeveel.

Bespuitings word met 'n hoogloopspuit gedoen, heitsy as 'n algemene bespuiting of met valarm-pypies. Op die mielies, wat 'n groot blaaroppervlakte het, gebruik hulle meestal die valarm-pypies om tussen die rye toe te dien sodat die chemiese beheermiddel doeltreffender op die grond beland. Die liter per hektaar water wat

saam met die gif toegedien word, word volgens die hitte van die dag aangepas.

Plaaigbeheer

Ander plaag wat hulle teister, is *Sclerotinia* op die sonneblom, wat soms vir groot oesverliese sorg. Springhaasrotte grawe ook in plant-tyd saad uit. Teen die *Sclerotinia* kan hulle nog geen doeltreffende beheerstrategie vind nie, omdat daar nog bitter min navorsing gedoen is waarmee suksesvolle beheermetodes teen dié swam gevind is, sê Cobus.

Die springhaasrotte beheer hulle deur lokaas in hul gate te strooi.

Geldsake

Wat finansiële beplanning betref, vind hulle dit werk goed om rekord te hou deur alles neer te skryf van wat gedoen of gebruik word op die plaas. Dit dien dan as baie goeie beplanning vir die volgende seisoen.

Hulle skryf hul finansiële sukses toe aan 'n konstante dryf om heersende boerderypraktyke te verbeter. Hulle vergader ook twee tot drie keer per jaar met hul boekhouer om kontantvloei en belasting te beplan.

Saamwerk vir die toekoms

Cobus is 'n sterk voorstander van groepsbedinging onder produsente, omdat dit die produsent meer koopkrag gee en geweldig kan help om insetkoste te verminder. Hulle is tans met 'n paar ander produsente in gesprek hieroor en dit is deel van hul toekomsbeplanning.

Die werksmag op Prairie is opmerklik klein gegewe die omvang van die boerdery en al die take wat daagliks verrig word. Net 7% van die boerdery se omset word aan lone en salarisse bestee, waarskynlik omdat pa en broers skouer aan skouer met die werkers 'n groot deel van die plaaswerk self doen.

Hul werkers se lojaliteit is ook opmerklik. Ten minste een van hulle is al oor die 37 jaar op die plaas (Cobus is self nog nie eens 37 jaar oud nie). Cobus praat vlot Sesotho met hulle, want dis 'n taal waarmee hy kleintyd grootgeword het.

Daar is geen deeltydse werkers in diens nie en in die afgelope vyf jaar het nog net een van hul werkers bedank.

Cobus meen die heersende minimum loon is aanvaarbaar. Hy voeg by dit is vir hulle nog altyd belangrik om hulle werkers behoorlik

2



3





vir hul diens te vergoed. Minimumloonverhogings speel geen beduidende rol in hul boerdery nie.

Wat van die toekoms? Die politieke onstuimigheid en dreigemente ten spyte, voel Cobus geen noodigheid om elders in Suid-Afrika of in die buiteland te gaan boer nie. Hy glo dit sal oorwaai.

Die veeboerdery

Hul beesboerdery het drie vertakkings – twee stoete en 'n kommersiële kudde. Dit sluit in 'n Sussex-stoet van 230 vroulike diere met kalwers en tussen 70 en 80 vervangingsverse. Van dié stoet se bul-kalfgroep word ten minste 50 bulle grootgemaak en op twee jaar verkoop. Die uitskotbulkalwers rond hulle in die voerkraal op die plaas af.

In die Boran-stoet is daar 110 vroulike diere met kalwers, 30 vervangingsverse en 20 bulle tussen een en drie jaar oud, wat ook as bulle bemark word. Hierdie stoet se uitskot word ook in die voerkraal afgerond.

Die kommersiële kudde bestaan uit 160 F1-koeie, wat kruisings tussen Sussex en Boran is, asook 30 vervangingsverse. Die koeie word met 'n Sussex-bul gepaar vir terminale kruising. Alle kalwers word in hul voerkraal afgerond.

Nadat die kalwers in April gespeen is, word hulle op die hawer gehou sodat verse op twaalf maande oud gepaar kan word en manlike uitskotdiere in die voerkraal afgerond kan word. Alle verse wat gekalf het, word op die hawer gehou totdat die somerveld voldoende is.

Sewe van die boerdery se 13 heeltydse werkers word in die veeboerdery ingespan en die ander ses in die saaiery. ●



2. Theo van Zyl sr saam met sy skoonogter en seun, Chantelle en Cobus, in hul plaashuis op Prairie. Theo sr se eggenote, Gerda, was nie by toe die foto geneem is nie. Die opgestopte kop met die neusring agter is van 'n besonder geliefde bul uit hul Sussex-stoet.

3. Sny- en skeurbewerking met 'n Equalizer op 'n land van die Van Zyls. In die trekkerkajuit, saam met die drywer, Poppie, sit klein FJ van Zyl. Hy is vermoen volgens sy pa se doopname, Frederik Jacobus van Zyl. Cobus sê dit gaan maar bars om FJ so twee of drie dae van die week om te praat om kleuterskool toe op die dorp te gaan, want as 'n trekker, spuit of stroper op die plaas begin dreun, wil hy net inspring.

4. Boer op Prairie. Die drywer agter is Poppie, langs hom sit FJ, langs hom staan Cobus en heel voor buite staan Rasta.

5. 'n Deel van die Van Zyl-boerdery se werkspan. Van links is Kgotso (wat al 37 jaar deel van die Van Zyl-boerdery is, terwyl Cobus nog net 35 jaar oud is), Rasta, Cobus, Poppie en Tswimpie.

6. Theo van Zyl sr was destyds een van die heel eerste produsente wat sojabone in die omgewing, tussen Tweespruit en Ladybrand, begin beproef het. Vandag vind hulle dit 'n waardevolle gewas in hul droëlandwisselbouprogram, al is dit party jare net om gratis ekstra stikstof uit die atmosfeer vir die opvolgende mieliekontantoes te bind.

CARBON SEQUESTRATION POTENTIAL of Western Cape grain farming systems

Part 2



Lorren de Kock,
former associate
practitioner: Blue North
Sustainability



Dr Hendrik Smith,
conservation agriculture
facilitator, Grain SA

Phase 2 of the overarching winter grain carbon footprint project involved the determination of the carbon sequestration potential of different farming and cropping systems, taking into account the crop rotations, tillage regimes and organic matter inputs. In Part 1 (January 2019) the carbon emissions of grain farming in the Western Cape were assessed. The carbon footprint project is funded by the Winter Cereal Trust.

Soil carbon sequestration, according to Paustian *et al.* (2000), is a reduction in atmospheric carbon (C) or greenhouse gasses via the process of photosynthesis in plants into the different soil organic carbon pools. The loss of soil organic carbon through tillage has been the main source of C into the atmosphere (Ingram and Fernandes, 2001).

Conversion to conservation agriculture (CA) enhances the restoration of the soil organic carbon pools, improves soil health and productivity and thereby ensures food security (Lal, 2011). CA, which includes both minimum and no-tillage, crop diversification, permanent organic soil cover, living roots and livestock integration, has been found to increase soil C sequestration and soil productivity and thereby also contributes to the role of soil as a C sink (Sombbrero and De Benito, 2010).

It has been considered important to identify and quantify the effect of different management systems (e.g. crop rotation, tillage) on soil C levels to help prevent C losses leading to soil degradation in the Western Cape grain regions.

The carbon sequestration methodology and results in this study can therefore be used within the grain industry as an adaptive management tool to facilitate the adaptation of production systems, to minimise emissions and optimise carbon sequestration potential in view of long-term sustainability and climate resilience.

Project scope and methodology

The scope of Phase 2 included specific activities (cropping, tillage practices and soil inputs) at the two experimental farming entities in each of the regions, Swartland (Langgewens) and Southern Cape (Tygerhoek) as presented in **Figure 1** to determine the carbon sequestration potential per hectare.

All results were determined firstly at farm level, then at a regional level for each farming system (conventional, current CA and future CA) and finally for the current scenario (taking into account 10% of yields are under conventional practices and 90% under current CA) and the future scenario (20% of total regional hectares will be under current CA practices and 80% under future CA).

One of the main methodologies used to determine the carbon sequestration potential for winter grain farming in this project was the International Panel on Climate Change (IPCC) Good Practice Guidance for Land Use and Land Use Change and Forestry (IPCC, 2003). This article only covers the findings from this methodology.

Data and inventory

In order to calculate the carbon sequestration potential using the methodologies discussed, data was gathered from literature and industry experts. The following data was required for the calculations:

- » Soil forms at various farms (Smith, 2014; Cooper, 2017).
- » Reference carbon stocks of these soils under native vegetation (renosterbos and fynbos).
- » Crop rotations of different commodities (personal communication, Dr Johann Strauss).
- » Farming systems at each site (conventional, current CA, future CA).

Currently there are four systems (personal communication Dr Johan Labuschagne) in operation at the experimental farms. The farming systems included in this study are as follows:

- » Future CA: No or zero till, almost 0% soil disturbance (using a disc seeder).
- » Current CA: No or minimum till, < 20% soil disturbance (using mostly tine planters).
- » Conventional till: Some form of soil disturbance (tillage), no or little residues on surface after tillage.
- » Organic matter inputs into soil per farming and cropping system [e.g. crop residues, green manures] (personal communication Dr Labuschagne and Dr Strauss).

The carbon sequestration methodology with data inputs and outputs can be seen in **Figure 1**.

The inventory for the experimental farms Langgewens and Tygerhoek had crop rotations and farming systems as presented in **Table 1**.

Results

The results are presented in tC/ha/year and tCO₂/ha/year for the different systems over a 20-year period:

- » At the two experimental farms per farming system (conventional, current CA and future CA) and crop rotation;
- » for the regions Swartland and Southern Cape; and
- » for the current scenario (where 10% of total hectares under grain is farmed conventionally and 90% under current CA) as well as a future scenario (based on the prediction that 20% of hectares under grain will be farmed as current CA and 80% under future CA) for the region. 📍

1 CROPS PER FARMING SYSTEM PER REGION INCLUDED IN STUDY.

REGION	SUB-REGION	FARMING SYSTEM	CROP ROTATIONS
Swartland	Middle Swartland	Conventional	Wheat – wheat – wheat – wheat
			Wheat – medics – wheat – medics
			Wheat – canola – wheat – lupin
		Current CA	Wheat – wheat – wheat – wheat
			Wheat – medics – wheat – medics
			Wheat – canola – wheat – lupin
		Future CA	Wheat – wheat – wheat – wheat
			Wheat – medics – wheat – medics
			Wheat – canola – wheat – lupin
Southern Cape (Rûens)	Western Rûens	Conventional	Wheat – wheat – wheat – wheat
			Wheat – medics – wheat – medics
			Wheat – canola – wheat – lupin
		Current CA	Wheat – wheat – wheat – wheat
			Wheat – medics – wheat – medics
			Wheat – canola – wheat – lupin
		Future CA	Wheat – wheat – wheat – wheat
			Wheat – medics – wheat – medics
			Wheat – canola – wheat – lupin
		Future CA	Lucerne – lucerne – lucerne – lucerne – lucerne – lucerne – wheat – barley – lupin – wheat – barley – canola

2 CO₂ SEQUESTERED POTENTIAL OF CURRENT AND FUTURE SCENARIO IN TCO₂E/HA/YR.

REGIONS	CURRENT SCENARIO [TCO ₂]	FUTURE SCENARIO [TCO ₂]
Swartland	-2,27	-3,81
Southern Cape	-2,64	-3,78




Figure 1: Data collection process map for carbon sequestration methodology including crop rotations: Wheat – wheat – wheat – wheat (W-W-W-W), wheat – medics – wheat – medics (W-M-W-M), wheat – canola – wheat – lupines (W-C-W-L), lucerne over six years (Lx6) and wheat – barley – lupines – wheat – barley – canola (W-B-L-W-B-C).

ON FARM LEVEL

Conservation agriculture

CARBON SEQUESTRATION POTENTIAL of Western Cape grain farming systems

Carbon sequestration results for experimental farms

The C stock (content) changes per hectare for Langgewens and Tygerhoek experimental farms showed a 166% and 132% increase respectively from the conventional to future CA farming system over a 20-year period. The cropping systems under the future CA system that accumulated the highest C stock annually was the wheat – medics – wheat – medics (W-M-W-M) at Langgewens and the wheat – wheat – wheat – wheat [W-W-W-W] at Tygerhoek due to the higher biomass output of these crops and the high organic inputs allocated to medics from livestock grazing.

Graph 1 and Graph 2 graphically present the results for Langgewens and Graph 3 and Graph 4 for Tygerhoek.

The tC accumulated annually is converted to tCO₂ by multiplying by the factor 44/12. The CO₂ sequestered is a carbon sink which is reported as a negative value.

At Tygerhoek the future CA crop rotation with lucerne (six years) followed by wheat – barley – lupines – wheat – barley – canola (W-B-L-W-B-C) had the lowest carbon stock change under the future CA system due to all the lucerne biomass being harvested (grazing or baling) with no residues remaining on the field.

Carbon sequestration results extrapolated to winter grain regions and scenarios


The average carbon stock results per farming system for the sub-regions Western Rûens and Middle Swartland are presented in Graph 5 and these results once again illustrate the rising annual C stock accumulation from conventional to future CA systems.

Looking at the current and future scenarios, where a combination of the farming systems will be practised, the difference in the results per region are significant as presented in Graph 6.


The extrapolated results indicate a 67% and 44% increase in C stock accumulation per hectare from the conventional to the future scenario in the Swartland and Southern Cape regions respectively. The corresponding potential CO₂ sequestered per ha per year for the current and future scenarios is presented in Table 2 (on page 59).

Conclusion


The results obtained using this higher level, coarse IPCC methodology support the hypothesis that the future CA regime across all crop rotations yields the highest annual




Graph 1: Carbon stock change per year for each rotation and farming system at Langgewens.




Graph 2: Tonnes CO₂ sequestered for cropping and farming system combinations at Langgewens.




Graph 3: Carbon stock change per year per crop rotation and farming system at Tygerhoek.



Graph 4: Tonnes CO₂ sequestered per ha per year for the crop and farming system combinations at Tygerhoek.



Graph 5: Average annual C stock change for each farming regime per site.



Graph 6: Annual C stock change for current and future scenario in winter grain regions.

C stock accumulation (or sequestration) in the system. Specific combinations in farming system and crop rotation practices made the greatest contribution to the annual change in C stocks and CO₂ sequestration.

These results were extrapolated to the winter grain regions for the current (conventional and current CA) and future (current CA and future CA) scenarios and followed the same pattern of increased C stock and CO₂ sequestration for the future scenario.

Note that the results from these high-level methodologies give an indication of potential C stock changes and CO₂ sequestration and not accurate site specific results. In order to obtain site specific results, other more detailed methodologies, specifically using the Environmental Policy Integrated Climate (EPIC) model, were also tested and the results are available in the annual report.

References

- Cooper, GD. 2017. Long-term effect of tillage and crop rotation practices on soil C and N in the Swartland, Western Cape South Africa.
- Ingram, JSI and Fernandes, ECM. 2001. Managing carbon sequestration in soils: concepts and terminology. *Agriculture, Ecosystems and Environment*, 87:111 - 117. Available: https://doi.org/10.1016/S0167686901001451-main.pdf?_id=b039187f-be3b-49e9-be80-2e7ec78f3a4caandaadna=f1525250127_2b84bdd068ea8b631491521d4d488d17 [2018, May 02].
- IPCC. 2003. *Intergovernmental panel on climate change good practice guidance for land use, land-use change and forestry* edited by, V. 177. DOI: citeulike-article-id:1260638.
- Lal, R. 2004. Soil carbon sequestration impacts on global climate change and food security. *Science (New York, N.Y.)*, 304(5677):1623-7. DOI: 10.1126/science.1097396.
- Lal, R. 2011. Sequestering carbon in soils of agro-ecosystems. *Food Policy*, 36:S33 - S39.
- Paustian, K, Six, J, Elliott, T and Hunt, H. 2000. Management options for reducing CO₂ emissions from agricultural soils. *Biogeochemistry*, 48:147 - 168.
- Smith, JDV. 2014. The effect of long-term no-till and crop rotation practices on the soil organic matter functional pools.
- Sombrero, A and De Benito, A. 2010. Carbon accumulation in soil. Ten-year study of conservation tillage and crop rotation in a semi-arid area of Castile-Leon, Spain. *Soil and Tillage Research*, 107:64 - 70. ●

GEVREESDE VSA-onkruid nou ook in Suid-Afrika



Dr Maryke Craven,
LNR-Graangewasse,
Potchefstroom



Prof Charlie Reinhardt,
South African Herbicide
Resistance Initiative
(SAHRI), Universiteit
van Pretoria

'n Mens hoor gereeld hoe klein die wêreld geword het en hoe maklik dit nou is om van een kontinent na 'n ander te reis binne 'n kwessie van 'n dag of twee. Ongelukkig geld hierdie gerief ook vir peste en plae, met Suid-Afrika wat gedurende 2018 'n nuwe *Amaranthus*-spesie ryker geword het.

Anders as die alombekende *Amaranthus*-spesies, soos die gewone misbredie (*A. hybridus*), doringmisbredie (*A. spinosus*) en rooismisbredie (*A. thunbergii*) waarmee produsente in Suid-Afrika vertrou is, is Palmer amarant (*Amaranthus palmeri*) egter 'n perd van 'n ander kleur.

Palmer amarant (*A. palmeri*) is 'n eenjarige, breëblaar-, someronkruidsoort wat inheems voorkom in die noordelike dele van Mexiko asook die suidwestelike dele van Amerika. Dit het hierdie onkruid net 'n bietjie meer as 20 jaar geneem om te vorder van 'n relatief onbekende onkruid tot een van die mees wydverspreide, moeilik-beheerbare onkruid wat die meeste ekonomiese skade aanrig in al die belangrikste gewasverbouingsstreke van die VSA.

Sy vinnige groeitempo, hoë voortplantingstempo, genetiese diversiteit en uitstekende aanpassingsvermoë onder ongunstige toestande is 'n paar van die faktore wat tot sy dominante en moeilik-beheerbare status bygedra het. Teen 2014 was Palmer amarant een van die mees problematiese en ekonomies belangrike onkruidspesies in mielies, katoen en sojabone in die VSA.

Weens sy negatiewe uitwerking op veral hierdie gewasse, is hierdie onkruid tot 'n onwettige, skadelike onkruid in verskeie state in die VSA verklaar. Gedurende Februarie/Maart 2018, is Palmer amarant vir die eerste keer positief in Suid-Afrika in die Douglas-omgewing (Noord-Kaap) geïdentifiseer.

Palmer amarant se vinnige groeitempo (lengtetoe-nome van ± 5 cm per dag) en die vermoë om groot hoeveelhede biomassa te akkumuleer, maak van hom 'n uiters kompeterende onkruid. As gevolg van sy aggressiewe groeitempo is die tydigte toediening van onkruidodders 'n baie groot uitdaging. Onder optimale groeitoestande kan 'n enkele vroulike plant tot 600 000 klein (1 mm - 2 mm), glad en ronde (of diskusvormige) sade produseer.

Saadverspreiding vind plaas deur besproeiing of ander vorme van watervloei, asook deur landboupraktieke soos grondbewerking en oes. Die vermoë van die saad om vir lang periodes in die grond te kan oorleef, word tans nog debatteer. Minder as 50%-lewenskragtigheid is gerapporteer by saad wat vir 'n jaar lank by 'n 10 cm-grondtepte gelê het. Sommige saad kon vir lang tydperke oorleef, veral by 40 cm en dieper. Dit is dus moontlik dat hierdie saad 'n bron kan wees van nuwe besmetting sou dit na die oppervlak gebring word deur bewerking.



1. Die blaarsteel van Palmer amarant is dieselfde lengte of langer as die blaarskylf. Foto: Dr Maryke Craven

2. 'n Verlengde blaarsteel van die eerste ware blare van die Palmer amarant-plant. Foto: Dr Maryke Craven

Verskeie internasionale publikasies verwys na die nadelige effek wat die onkruid op opbrengs het. 'n 11%-opbrengsverlies is by mielies waargeneem waar 0,66 Palmer amarant-plant/m² teenwoordig was. Met 10,5 plante/m² het die opbrengsverlies verhoog na 91%.

In katoen is opbrengsverliese van onderskeidelik 11% en 59% aangeteken met 0,11 onkruidplante/m² en 1,1 plante/m², terwyl 17% en 79% onderskeidelik verkry is in sojabone met 0,33 plante/m² en 10,5 plante/m².

Palmer amarant het nie slegs 'n invloed op opbrengste nie, maar kan ook die oesproses van gewasse soos katoen bemoeilik. Die groot hoeveelhede biomassa wat deur die onkruid geproduseer word, veroorsaak

dat daar gereeld gestop moet word tydens die oesproses om blokkasies te verwyder. Die onkruid dien ook as gasheer vir verskeie aalwurmspesies, met studies wat getoon het dat dit 'n matige gasheer is vir onder meer *Meloidogyne incognita*.

Grootste uitdaging

Een van die grootste uitdagings tans verbonde aan Palmer amarant is sy merkwaardige vermoë om weerstand te ontwikkel teen onkruid-doders. Hierdie inherente vermoë word toegeskryf aan die feit dat die spesie onderskeidelik manlike en vroulike plante het (tweehuisig). Dit maak van die plant 'n verpligte uitkruiser, wat verbastering tot gevolg het.

Ander *Amaranthus*-spesies soos die gewone misbredie, doringmisbredie en rooimisbredie is eenhuisig, met beide manlike en vroulike reprodusieorgane op dieselfde plant. Tans is daar internasionaal weerstand teen ses groepe meganismes van werking aangemeld: ALS-inhibeerders (Groep B), inhibeerders van fotosisteme (PSII – Groep C1), PPO-inhibeerders (Groep E), HPPD-inhibeerders (F2), EPSPS-inhibeerders (Groep G) en inhibisie van mikrotobule samevoeging (Groep K1).

Een van die grootste uitdagings tans verbonde aan Palmer amarant is sy merkwaardige vermoë om weerstand te ontwikkel teen onkruid-doders

Gegewe dat diep- en tussenry-bewerking gesien word as potensiële oplossings vir die beheer van weerstandige Palmer amarant-populasies, hou die evolusie van veral glifosaat-weerstandige populasies (EPSPS-inhibeerders) 'n baie groot bedreiging in vir bewaringsbewerking, waar daar groot afhanklikheid van glifosaat bestaan.

Identifiserende eienskappe van Palmer amarant

Palmer amarant is 'n hoë, regop-groeiende, breëblaaronkruid van tot 2 m hoog, met laterale vertakking. Die blare wat afwisselend op die stam gerangskik is, is haarloos en lansvormig in jong plante. In volwasse plante is die blare eivormig.

Die groeiwyse van die onkruid is so gestruktureer dat die plant die meeste maandelike sonlig kan opneem, wat dit 'n rosetvormige voorkoms gee wanneer van bo-af gesien word. Die blaarsteel van die eerste ware blaartjies (die ouer blare wat aan die onderste deel van die stam geleë is) is baie verleng. Wanneer die blaarsteeltjie teruggevou word oor die blaarskyf, is dit met Palmer amarant net so lank of langer as die blaarskyf (**Foto 1** en **Foto 2**).

Met gewone (Kaapse) misbredie, is die blaarsteel dieselfde lengte of korter as die blaarskyf. Sommige Palmer amarant-plante se blare bevat 'n wit V-vormige vlek of watermerk (**Foto 3**). Verder kan sommige plante se eerste twee of drie blare ook 'n enkele haar (amper doringagtig) op die punt van die blaar hê (**Foto 4**). Nog 'n spesie met hierdie eienskap is *Amaranthus viridus* wat algemeen in Suid-Afrika voorkom.

Die blomme van Palmer amarant groepeer saam om 'n silindriese bloeiwyse op die eindpunt van die blomsteel te vorm. Die manlike en vroulike bloeiwyse is baie dieselfde, maar kan tog van mekaar onderskei word. Die manlike bloeiwyse is sagter, terwyl die vroulike bloeiwyse harder en stekelriger is (**Foto 5a** en **Foto 5b** op bladsy 65). Die manlike bloeiwyse kan ook onderskei word vanweë sy heldergeel stuifmeelsakkies en stuifmeel.

Die meeste van die genoemde eienskappe kan help om die identiteit van Palmer amarant te bevestig, maar produsente moet kennis neem dat sekere eienskappe – soos die blaarvorm, die wa-



3. Blare van sommige Palmer amarant-plante het 'n wit V-vormige watermerk. Foto: Dr Maryke Craven **4.** Sommige Palmer amarant-blaare het 'n enkele haar op die blaarpunt van die eerste twee of drie ware blare. Foto: Dr Maryke Craven

termerk en die haar op die blaarpunt – baie varieer binne dieselfde spesie. 'n Kundige moet dus genader word om die spesie te bevestig.

Internasionale beheerstrategieë

Daar is tans nog onsekerheid teen watter groepe onkruid-doders (meganismes van werking) die Suid-Afrikaanse populasie by Douglas weerstand het. Die South African Herbicide Resistance Initiative (SAHRI) by die Universiteit van Pretoria is tans besig met navorsing hieroor en sal spoedig rapporteer in hierdie verband. Pogings word tans ook aangewend om vas te stel of die onkruid beperk is tot die omgewing waar dit waargeneem is en of dit verder versprei het.

Kundiges is dit eens dat die effektiwste strategie teen hierdie onkruid is om dit heeltemal met behulp van grondbewerking te beheer, reeds voordat daar geplant word. Diep skoffel en tussenry-bewerking kan die saad wat in die saadbank teenwoordig is, verminder asook saailinge van weerstandige populasies beheer. Studies het getoon dat saad meer gereedelik ontkiem by 2,5 cm en vlakker as byvoorbeeld by 5 cm.

Die klein saadgrootte vereis dus 'n vlak posisionering in die grondprofiel om suksesvol te vestig. Diep ploeg moet egter nie te gereeld gedoen word nie, omdat dormante saad wat diep geplaas is met 'n vroeëre bewerking na die oppervlak gebring kan word en weer kan ontkiem. ➔

DIE PLAAGDODERETIKET:

Jou paspoort tot sukses en veiligheid



Dr Gerhard H Verdoorn, bedryfs- en rentmeesterskapbestuurder, CropLife Suid-Afrika

Alle plaagdoders wat in Suid-Afrika verkoop word, is onderworpe aan die Wet op Misstawwe, Veevoedsel, Landboumiddels en Veevoedsel, 1947 (Wet Nr. 36 van 1947) wat streng vereistes neerlê:

- » Plaagdoders moet onder die Wet geregistreer wees.
- » Dit moet in stewige, goedgekeurde houers wees wat nie lek as die plaagdoder oorgegiet word nie.
- » Die samestelling en fisiese eienskappe moet wees soos goedgekeur.
- » Dit moet die gewenste uitwerking hê soos op die etiket aangedui.
- » Dit moet van 'n goedgekeurde etiket voorsien wees.

Plaagdoderetikette is gelykstaande aan die voorskryfte in medisyneverpakkings wat die gebruiker op die risiko's, positiewe eienskappe en gebruike daarvan wys. Die etiket is die belangrikste deel van die plaagdoder – daarsonder kan die produk nie effektief of veilig gebruik word nie.

Komponente van die plaagdoderetiket

Die etiket word onderverdeel in drie dele, naamlik die hoof- of verkoopspaneel, die waarskuwings en voorkomingsmaatreëls asook die gebruiksaanwysings. Sommige etikette is eenvoudig genoeg dat alles op een blad inpas, terwyl ander weer soos 'n klein brosjure saamgestel is vanweë al die tegniese inligting oor gewasse, toepassings, doserings, spesiale aanwysings en mengbaarheid.

Die hoofpaneel

Dit is die deel van die etiket wat 'n mens se oog tref, want die registrasiehouer se besonderhede en kenteken is gewoonlik baie prominent daarop. Ingevolge die regulasies van Wet Nr. 36 van 1947 moet die volgende items op die hoofpaneel wees:

Handelsnaam van die plaagdoder en sy handelsmerk of die handelsmerk van die registrasiehouer of verspreider, byvoorbeeld "Piet se Plantluisdoder".

Algemene doel van die plaagdoder, soos byvoorbeeld "suspensiekonsentraat-insekdoder vir die beheer van plantluise op groentegewasse soos aangedui".

Aktiewe bestanddeel en klassifikasie (hetsy chemies of biologies) met die konsentrasie daarvan in die formulering, byvoorbeeld "sipermetrien (piretroïed) 200 gram per liter".

Registrasienumer van die plaagdoder en **verwysing na Wet Nr. 36 van 1947**. Die registrasienumer vir plaagdoders begin altyd met 'n hoofletter L gevolg deur vier of vyf syfers, byvoorbeeld "L12485, Wet Nr. 36 van 1947".

Weerstandsgroepering met verwysing na die spesifieke weerstandskomitee, naamlik IRAC (vir in-

sekte), FRAC (vir swamme) en HRAC (vir onkruid), byvoorbeeld "IRAC 2A". Dit is vir die gebruiker se toekomsbeplanning sodat dieselfde weerstandsgroep-plaagdoders nie herhaaldelik na mekaar gebruik word en daar dan weerstand daarteen ontwikkel word nie. 'n Beskrywing van die weerstandsgroepe is beskikbaar op gratis slimfoontoepassings.

Registrasiehouerbesonderhede moet altyd aangedui word, ongeag of die maatskappy self die produk bemark en of dit deur 'n ander maatskappy bemark word, byvoorbeeld "Piet Poggenpoel cc, Marquardstraat 45, Kamieskroon, 8015, registrasienumer 2019/210010/40, telefoonnummer 028 333 4444".

Verspreidersbesonderhede mag nodig wees as 'n ander maatskappy die verspreidingsregte vir die plaagdoder het, byvoorbeeld "Versprei deur Sarel Tuin, Privaat sak X001, Port Nolloth, 8045, telefoonnummer 028 333 5555".

Die etiket is amper belangriker as die plaagdoder; daarsonder kan die plaagdoder nie veilig of effektief aangewend word nie

Lotnummer, vervaardigingsdatum en/of vervaldatum. Die meeste registrasiehouers plaas hierdie besonderhede op die houer self omdat etikette in groot maat gedruk word en lotnummers sowel as vervaardigingsdatums dus mag verskil, byvoorbeeld "Lotnummer 2.02/02/2019, vervaardigingsdatum Jan 2012". Die lotnummer en vervaardigingsdatum mag nie dieselfde wees nie. Wet Nr. 36 van 1947 sê dat plaagdoders 'n raklewe van twee jaar na vervaardigingsdatum het, tensy dit korter of langer as twee jaar is en dan moet daar ook 'n vervaardigingsdatum aangedui word.


Noodnummer is vir noodgevallen soos vergiftigings en stortings, byvoorbeeld "In geval van nood, kontak Griffon Giftligtingsentrum 082 446 8946 (24 uur)".

Kliëntediensnommer is die hulplyn vir tegniese navrae, byvoorbeeld "Kliëntnavrae 028 333 4455".

UN-nommer is die gevaarlikheidsklassifikasie ingevolge die Verenigde Nasies se riglyne wat bepaal hoe die plaagdoder verpak en hoeveel daarvan vervoer mag word in terme van die vervoer van gevaarhoudende stowwe, byvoorbeeld "UN-nommer 3077".

Die kleurband en piktogramme is die waarskuwingsgedeelte van die hoofpaneel (**Figuur 1** op bladsy 66). Kleure word aan plaagdoders toegeken na gelang van hul akute giftigheid. ➤

GEVREESDE VSA-onkruid nou ook in Suid-Afrika



5. Manlike (a) en vroulike (b) bloeiwyse van Palmer amarant.
Foto: Prof Charlie Reinhardt

➊ Verder word geregistreerde, nie-selektiewe (*burndown*) onkruidodders soos dié van Groep D (parakwat) internasionaal gebruik om die onkruid te beheer. Daar is tans verskeie doders geregistreer vir *Amaranthus* spp., maar dit sluit die spesifieke beheer van Palmer amarant uit.

Internasionaal is daar gevind dat tenkingsels bestaande uit minstens twee onkruidodders met verskillende meganismes van werking wat na-opkoms toegedien word, die beste beheer verleen. Produsente moet egter kennis neem dat weens die vinnige groeitempo van die onkruid, daar 'n baie nou (kort) toedieningsperiode of -tydperk is.

Verder moet produsente ook in gedagte hou dat deur gewasrotasie toe te pas, toegang verkry kan word tot 'n groter verskeidenheid onkruidodders met verskillende meganismes van werking.

Verbouingspraktyke wat ongunstige toestande skep vir ontkieming en groei van die onkruid sal ook bydra tot die beheer daarvan. Enige praktyke wat dus die gewas 'n kompeterende voordeel gee, terwyl die sonlig wat die oppervlak bereik beperk word, moet oorweeg word. Vervroegde plantdatums stel die gewas in staat om vinniger te vestig, wat dit 'n kompeterende voordeel sal gee. Deur vroeg te plant, kan die gewas se blaredak vinniger vorm, met die gevolg dat ongunstige toestande vir die ontkieming en groei van die onkruid geskep word. Nouer rywydtes en optimale plantestand kan ook ingespan word vir hierdie doel.

Dekgewasse kan verder nie net die onkruid onderdruk deur sonlig te weerhou nie, maar meng ook op fisiese wyse in met die groei en ontwikkeling daarvan. Die allelopatiese eienskappe van dekgewasse kan ook 'n addisionele voordeel inhou rakende die onderdrukking van die onkruid.

Alhoewel dit baie duur is, moet handskoffel deel vorm van beheer- en uitwissingprogramme, veral in die vroeë stadia van besmetting wanneer daar nog min onkruidplante teenwoordig is. Verder moet besmette lande laaste geoes word, waarna die stropers deeglik skoongemaak moet word. Onthou dat die water wat gebruik is om sulke apparaat af te spuit, ook kan bydra tot die verspreiding van die saad. Die ideaal is dus om sulke water op te vang en op 'n verantwoordelike manier te verwerk of daarvan onslae te maak. Internasionaal word sulke water "verbrand" (*incinerated*).

Laastens moet die kante van lande, slote en waterweë gereeld verken word om seker te maak dat alle Palmer amarantplante wat voorkom, uitgeroei word. ●

Kontak dr Maryke Craven by 018 299 6100 of CravenM@arc.agric.za of prof Charlie Reinhardt by 083 442 3427 of dr.charlie.reinhardt@gmail.com.

Om aktiewe bestanddele na 'n spesifieke teikengebied op gewasse te lewer, is noodsaaklik vir die doeltreffendheid en effektiwiteit van landbouprodukte. MBFI het 'n wye reeks van byvoegmiddels wat bestaan uit 'n benattings- en smeerbaarheidsmiddel, anti-verdampingsmiddel, drif-verminderingstechnologie sowel as waterbuffer- en maskeermiddels. Ons byvoegmiddel-produkreeks sal jou help om die gewenste uitslae in jou lande te bereik.



Twister™
Max357™
MProve Oil™



No 144, 2nd Avenue, Modder East Orchards, Delmas, 2210

Max357 - L9664 Act No. 36 of 1947 / Ai: 37,08% Diethylene Triamine Penta (Methylene Phosphonic Acid) 11,63% Amino Tri (Methylene Phosphonic Acid)
Twister - L9666 Act No. 36 of 1947 / Ai: Methylated ester from vegetable oils
MProve Oil - L9668 Act No. 36 of 1947 / Ai: Soybean oil 1830 g/L

hardnekkig genoeg is om die plaagdoder te fnuik en dan sal dit nie as teikenspesie gelys word nie.

Die gewas waarvoor die plaagdoders geregistreer is

Plaagdoders word op bepaalde gewasse vir effektiwiteit teen die teikenorganismes getoets, maar ook om te bepaal of dit met die gewasse versoenbaar is. 'n Ander baie belangrike toets is om te bepaal wat die onttrekkingsperiode moet wees ten einde te verseker dat die residuvlakke binne die maksimum residulimiet is, soos vasgestel deur die Departement van Gesondheid. Plaagdoders moet onder geen omstandighede gebruik word vir gewasse wat nie op die etiket aangedui is nie. Kyk ook veral na kultivars: Suikermielies word dikwels uitgesluit by die gebruik van sommige plaagdoders omdat dit heftemal anders as gewone mielies is.

Die dosis waarteen die plaagdoder aangewend moet word

'n Groot fout wat produsente dikwels maak, is om die dosisaanwysings te ignoreer. Dit kan lei tot swak resultate, gewasskade of weerstandontwikkeling. Soms is dosering 'n kopseer – veral as 'n onkundige persoon gekonfronteer word met 'n instruksie wat bepaal dat 'n sekere aantal liters per hektaar aangewend moet word en hy dit op 'n klein kolletjie met 'n rugsakspuit wil toedien. Die beste is dan om die registrasiehouer te kontak en uit te vind hoeveel van die plaagdoder per liter water gemeng moet word.

Akkurate dosering is natuurlik onlosmaaklik gekoppel aan die kalibrasie van spuittoerusting, maar dit is 'n artikel op sy eie. Kyk veral by voor-opkoms- en na-opkoms-onkruidmiddels wat op die grond aangewend word na die aanduidings vir dosis gegrond op die klei-inhoud.

Klei het 'n groot impak op die beskikbaarstelling van onkruid-dodermolekules. Hoe meer klei daar in die grond is, hoe minder onkruid-doder is beskikbaar en die dosering moet dan opwaarts aangepas word.

Toedieningstechnologie

Metodes van toediening en tegnologie word ook op die gebruiksaanwysings aangedui. Dit is byvoorbeeld belangrik dat 'n plaagdoder slegs vir lugbespuiting op 'n gewas gebruik mag word indien dit so in die gebruiksaanwysings aangedui word. Dit sal ook terugverwys na die gedeelte waar die SANS 10118 bespreek word.

Verpligte byvoegings

Sommige plaagdoders word geregistreer om in kombinasie met ander toegevoegde te word ten einde effektief te wees. Daar is ook dikwels aanduidings om bevorderingsmiddels soos 'n benatter en kleefmiddels by te voeg. As die etiket dit aandui, moet dit so gevolg word.

Samevatting

Die etiket is amper belangriker as die plaagdoder; daarsonder kan die plaagdoder nie veilig of effektief aangewend word nie. CropLife Suid-Afrika beveel sterk aan dat produsente ernstig besin oor etikette, want versuim om dit te lees is so goed as om swak saad te plant of die omgewing doelbewus te vergiftig. Lees en word wys. Bykans alle etikette van alle plaagdoders is op Agri-Intel beskikbaar by www.agri-intel.com. ●

Vir verdere inligting hou gerus die webwerf www.croplife.co.za dop of skakel ons by 087 980 5163.

Biologiese produkte is produkte wat voordelige, natuurlik voorkomende mikro-organismes (bakterië, fungi of virusse) of mikrobiële afgeleides (ensieme, proteïene, plantgroeistimulante) as aktiewe bestanddele bevat om plantegroei, minerale en voedingstofopname te verhoog en siekte en plaag te beheer. MBFi het 'n beproefde biologiese produkreeks wat gerig is op stikstoffsasie in peulgewasse, fosfaatoplosbaarheid en siekte- en plaagbeheer op 'n groot verskeidenheid gewasse, siektes en plaag.



Tri-Cure WP™

RIZO-LIQ 
SOYBEAN

Foundation Pack



Tel: +27 (0) 82 738 0080

Tri-Cure WP - E8295 Act No. 36 of 1947 / A: *Trichoderma harzianum* 2 x 10⁹ spores/gram
RizoLiq Soybean - E8738 Act No. 36 of 1947 / A: *Bradyrhizobium japonicum*

OORWINTERING IN 2019:

Uitdagings en praktiese riglyne



Phillip Lee,
bestuurder: Veeboer-
dery-oplossings,
Hinterland



Pietman Botha,
SA Graan/Grain
redaksiespan

Alhoewel daar al baie oor die onderwerp van oorwintering geskryf is, bly dit 'n groot uitdaging vir elke produsent. Eensyds omdat voer in alle waarskynlikheid die grootste koste-inset vir die veeprodusent is en andersyds omdat geen twee wintertydperke ooit dieselfde is nie.

Voeg daarby kwessies soos die gehalte en hoeveelheid beskikbare veld wat met die wintertydperk gepaard gaan, veldbrande, ongewoon lang winters asook die produksieverwagting wat produsente van hulle vee het – en 'n mens het 'n resep vir 'n baie uitdagende winter.

Hierdie artikel fokus op sekere aspekte van oorwintering, met die klem op die slaggate, die moens en moenies van voervloei, voerbehoefte en sekere praktiese riglyne om oorwintering so prakties en ekonomies as moontlik aan te pak.

Waar word kleigetrap?

Produsente is geneig om reaktief op te tree, gewoonlik met negatiewe koste-implikasies. Beplanning vir oorwintering begin reeds in die lente vóór die winter, wanneer die winterbehoefte in terme van droëmateriaalbehoefte bepaal moet word (100 koei-speenkalfeenhede benodig nagenoeg 580 ton droëmateriaal per jaar).

Een van die foute wat gemaak word, is om te aanvaar dat een koei een grootvee-eenheid (GVE) is. Produsente oorskot ook hul voerbronne se produksies en onderskat hul vee se voerbehoefte. Verder word voerbronne dikwels verkeerd aangewend.

Sekerlik die grootste probleem is dat die vee te veel vir die hulpbronne is – maak dus seker hoeveel vee die hulpbronne in 'n normale jaar op die lang termyn kan dra. Bly binne die norme en baie transe sal gespaar word.

So hoeveel voer word benodig?

Voor die somme gemaak word, is daar 'n paar aspekte wat goed verstaan moet word, naamlik:

- » Grootvee-eenheid (GVE);
- » weidingskapasiteit (ha/GVE);
- » drakrag (ha/GVE); en
- » die veebeladingskoers (ha/GVE).

'n GVE word beskryf as 'n bees wat 450 kg weeg en 500 g/dag groei op weiding met 'n gemiddelde verterbaarheid van 55%. In hierdie geval het 'n GVE 75 MJ/dag nodig. Hieruit is dit duidelik dat 'n koei nie noodwendig 'n GVE is nie. Daar is ander aspekte wat 'n koei se GVE bepaal, naamlik haar raamgrootte asook die stadium van produksie.

Graan SA/Sasol fotokompetisie
– Amanda van Blerk 2015



Tabel 1 (op bladsy 71) gee die GVE volgens beestipe en produksiestadium.

Die stelsel waarin geboer word, bepaal ook die waarde wat 'n koei verteenwoordig. In **Tabel 2** (op bladsy 71) word die norme verskaf wat 'n mediumraamkoei in verskillende stelsels verteenwoordig.

Fokus op sekere aspekte van oorwintering, met die klem op die slaggate, die moets en moenies van voervloei, voerbehoeftes en sekere praktiese riglyne

Weidingskapasiteit (ha/GVE) verwys na twee aspekte, naamlik spesiesamestelling en die produksiepotensiaal van die veld. Weidingskapasiteit word gedefinieer as die oppervlakte weiding (ha) benodig om 'n spesifieke diereenheid in produktiewe of reprodutiewe kondisie te hou vir die normale weidingsperiode (maande) sonder om die weiding te laat agteruitgaan of gronderosie te veroorsaak. Weidingskapasiteit word gewoonlik in ha/GVE of kleinvee-eenheid (KVE) uitgedruk.

Drakrag (ha/GVE) van 'n plaas verwys na al die bronne wat voer vir 'n plaas verskaf. Dit kan insluit die veld, aangeplante weiding asook ander bronne en dit word uitgedruk in oppervlakte (ha) benodig om 'n spesifieke diereenheid in 'n goeie produksiekondisie vir 'n normale weidingstyd (maande) te onderhou sonder om die weiding te laat agteruitgaan of gronderosie te veroorsaak.

Die veebelading (ha/GVE) verwys na die oppervlakte weiding wat aan elke gespesifiseerde vee-eenheid toegewys word.

Die verskil tussen veebelading en weidingskapasiteit moet verstaan word: Weidingskapasiteit verwys na die optimum gebruik van die plantegroei en veebelading verwys na die oppervlakte:diereverhouding wat die mees ekonomies is.

Ten einde die voerbehoeftes van die vee en die voerbekikbaarheid van die verskillende voerbronne bymekaar te bring, is die terme droëmateriaal (DM) en droëmateriaalinname (DMI) geskep. Dit is die waarde van die voer waar die effek van vog en 'n paar ander aspekte uitgehaal is en die ruvoerinnome van die diere kan hiervolgens gebalanseer word.

Meissner *et al.* (1983) werk op 'n gemiddelde DMI van 2,5% van liggaamsmassa vir groeiende diere. Indien voginhoud en vermorsing van hooi ingereken word, is die gemiddelde ruvoerinnome (hooi) ongeveer 3% van liggaamsmassa. Vir lakterende diere is die gemiddelde DMI 3,0% (2,7% - 3,3%) van liggaamsmassa. Indien voginhoud en vermorsing van hooi ingereken word, is die gemiddelde ruvoerinnome (hooi) ongeveer 3,5% van die liggaamsmassa.

Indien die aanname gemaak word dat 'n koei 450 kg weeg en dat sy in die onderhoudsstadium is, benodig sy net 2,2% van haar liggaamsmassa per dag in voer. Dit beteken dat 10 kg hooi per dag of 300 kg hooi vir 'n maand benodig word. As aanvaar word 'n baal weeg 250 kg, sal 15 bale per jaar benodig word om hierdie koei te onderhou.

Nou moet daar besin word waar die hooi vandaan gaan kom. Die hooi kan vervang word met natuurlike veld, aangeplante weiding, oesreste of hooi wat self geproduseer of ingekoop is. Aangesien 'n diere se voedingsbehoeftes in kilogram droëmateriaal uitgedruk is en die produksie ook in droëmateriaal uitgedruk is, kan die behoefte en produksie gebalanseer word.

As die veld 'n drakrag van 3 ha/GVE het, beteken dit dat 3 ha veld genoeg kos vir een GVE vir 'n volle jaar sal produseer. ➔

Bio-stimulante is chemikalieë of mikro-organismes wat die groei van die plant en immuniteitsreaksie teen siektes aanhelp. Bio-stimulante los nie voedingstofstekorte op nie, maar vermeerder voedingstof beskikbaarheid, waterhoukapasiteit, metabolisme, produksie van chlorofil en in vivo plantpatogeen reaksie-immuniteite. MBFi het 'n getoetste en bewysde kombinasie van bio-stimulante en gewasbeskermsisteme om die gewasgesondheid en produktiwiteit te verhoog.



XPRESS FUNCTIONAL™

XPRESS MoB

Amlnex



Email: info@mbfi.co.za • Web: www.mbfi.co.za

XPRESS Functional - B3761 Act No. 36 of 1947 / A: Nitrogen(N)/Phosphorus(P)/Sulphur (S) /Boron(B)/Manganese(Mn)/Molybdenum(Mo)/ Zinc(Zn)
 XPRESS MoB - B4738 Act No. 36 of 1947 / A: Nitrogen (N)/Boron (B)/Molybdenum (Mo)/Zinc (Zn)
 Amlnex - K10409 Act No. 36 of 1947 / A: Nitrogen(N)/Organic Nitrogen/Phosphorus(P)/ Potassium(K)/Amiric Acid (AA)/Organic Carbon(OC)/Polyamine Beta Inc.

Kom ons gesels by NAMPO
oor ons pasmaakoplossings
vir jou boerdery.

**Besoek ons by die
Bayer netwerkhoekie
(perseel A22) asook
die Bayer (DEKALB)
produkstalletjie**

(Roodebank Saadkompleks nommer 2).



**DEKALB
Genetika**

Bioteegnologie



SeedGrowth

**Gewas-
beskerming**



**Digitale
toepassings-
tegnologie**



**Sien jou daar
vir 'n koffie
en geselsie!**

www.dekalb.co.za [DEKALB South Africa](#) [DEKALB SA](#) [dekalbsa](#) [@DEKALB_SA](#)

Facebook: Bayer Crop Science Division Southern Africa **Twitter:** @bayer4cropssa

**Vir meer inligting besoek ons webblad by www.cropscience.bayer.co.za/www.bayer.co.za
of laai ons App af.**

Bayer (Edms) Bpk. Reg. Nr. 1968/011192/07
Wrenchweg 27, Isando, 1601. Posbus 143, Isando, 1600. Tel: +27 11 921 5002



03/2019

OORWINTERING IN 2019

1 GROOTVEE-EENHEID (GVE) VIR BEESTE VAN VERSKILLENDE RAAMGROOTTE.

KLAS	KLEINRAAM		MEDIUMRAAM		GROOTRAAM	
	GEWIG	GVE	GEWIG	GVE	GEWIG	GVE
Bul	600	1,36	600	1,38	650	1,63
Koel, droog (drie jaar)	400	1,01	450	1,13	500	1,27
Koel, droog (volwasse)	500	1,10	525	1,21	550	1,32
Koel, dragtig (drie jaar)	400	1,01	450	1,13	500	1,27
Koel, dragtig (volwasse)	500	1,10	525	1,21	550	1,32
Koel, met kalf (drie jaar)	400	1,22	450	1,40	500	1,66
Koel, met kalf (volwasse)	500	1,42	525	1,55	575	1,82
Speenkalf	180	0,44	200	0,53	225	0,64
Os (18 maande)	300	0,75	350	0,90	400	1,09
Os (volwasse)	490	1,10	550	1,22	585	1,33

Bron: Meissner et al., 1983

2 BASIESE NORME VIR DIE HOEVEELHEID KOEIE WAT 'N PLAAS MET 'N DRAKRAG VAN 100 GVE MET VERSKILLENDE PRODUKSIESTELSELS KAN DRA.

STELSEL	EEN MEDIUMRAAMKOEI SE GVE	HOEVEELHEID KOEIE OP 'N 100 GVE-PLAAS
Speenkalfstelsel	1,8 GVE	54 koeie
Talliestelsel (18 maande)	2,2 GVE	45 koeie
Osstelsel (30 maande)	3,1 GVE	32 koeie

☛ Dit beteken dat die 3 ha veld ongeveer 4 927 kg hooi of 4 517 kg droëmateriaal produseer. Bereken hoeveel kilogram droëmateriaal die voerbron produseer, wanneer dit die voer produseer en hoeveel van hierdie voer vir gebruik beskikbaar sal wees om te bepaal hoeveel vee vir hoe lank op watter bron geplaas kan word.

Begin vroegtydig

Hierdie jaar met sy laat reën gaan verseker 'n voertekort veroorsaak. Bepaal hoeveel beeste daar op die plaas is. Bepaal die hoeveelheid kos wat daar nou op die plaas is en bereken die droëmateriaal wat dit behoort te lewer.

Weens die droogte en laat reën behoort die veld net die helfte van normale produksie te lewer. Bereken nou hoeveel kos beskikbaar is en hoeveel benodig word. As daar oangevul moet word, is 'n goeie duimreël: 'n Baal per kop per maand. As alle diere in berekening gebring word, moet daar genoeg voer op die plaas wees.

Nou kan besluit word: Moet vee verkoop word, moet daar voer ingekoop word of moet die bestaande voerbronne anders aangewend word? Dalk moet die voersorghum byvoorbeeld vroeg bewei word sodat daar nie baie stakke onbenut kan agterbly nie.

Ander aspekte wat in gedagte gehou moet word, sluit in die kuddegrootte, die stabiliteit van die kudde en die terughou van 'n groot persentasie vroulike diere met die oog op 'n kuddeboufasie. Kyk byvoorbeeld na mielies wat op baie plase een van die grootste bydraende faktore tot die voerbank is – gaan daar gestroop, gekuil of kopmeel gemaak word?

Unieke behoefte

Elke produsent se unieke behoefte en produksiestelsel sal hierdie vraag beantwoord, maar die antwoord het 'n bepaalde effek op hoeveel voer benodig gaan word. Indien speenkalfers afgerand word, sal kopmeel 'n goeie opsie wees, maar in 'n droogte tydperk waar volume verlang word, sal kullvoer dalk 'n beter keuse wees.

Wanneer daar gevra word hoeveel voer, is dit ook belangrik om na infrastruktuur te kyk. Is daar voldoende stoorgereë beskikbaar? Baie voer wat ten duurste geproduseer is, gaan verlore as gevolg

van swak en onvoldoende bergingspraktyke (nagenoeg 10% van ruvoer gaan verlore weens verwerking en windverliese). Net só is dit ook nie gewens dat duur toerusting buite in wind en weer staan terwyl die voer onder die afdakke gepak is nie.

Een van die belangrikste faktore as dit kom by hoeveel voer voorsien moet word, is die feit dat voerinnname die grootste drywer van veeproduksie is. Almal is bewus van die sterk korrelasie tussen liggaamskondisie en ekonomiese belangrike eienskappe soos konsepsie- en herkonsepsiesyfers, kalf- en speenpersentasies en speenmassa.

As die National Research Council (NRC) se riglyne gebruik word, blyk dit duidelik dat 'n droë koel van 400 kg nagenoeg 3,15 kg energie en sowat 0,375 kg proteïen per dag benodig vir onderhoudsdoeleindes. Let wel dat dieselfde koel se energiebehoefte met 25% styg twee maande voor kalf, wanneer daar ook 'n verdubbeling in haar proteïenbehoefte ontstaan. Onthou ook dat koele dikwels heelwat swaarder is as 400 kg en dat die nodige aanpassings gemaak moet word.

Handhawing van liggaamskondisie

Van kardinale belang in enige oorwinteringsprogram is die ekonomiese handhawing van liggaamskondisie. Winterweidings alleen kan nie aan diere se onderhoudsbehoefes voldoen nie. Korrekte, strategiese lekaanvullings is hier van onskatbare waarde. Tallie goeie voervloeiprogramme val juis hier plat, omdat daar nie aandag geskenk word aan die nodige proteïen- en/of energie-aanvullings nie, met nadelige gevolge vir reproduksie.

Mak dus seker dat enige lekprogram die tekorte tydlig aanspreek. Dit kan natuurlik wissel na gelang van die jaar en spesifieke produksiestelsel. ●

Vir meer inligting kontak Phillip Lee by Phillip.Lee@Hinterland.co.za of Pietman Botha by 082 759 2991.

MIELIE-OPKOMS:

Die groot impak van een dag

De Bruyn Myburgh, landboukundige, Pioneer

Ontkieming en opkoms is van die fases in 'n mielieplant wat die grootste invloed op opbrengs het. Om die stelling te verstaan, moet die fases verduidelik word. Nadat die pit geplant is, moet dit water opneem en ongeveer 30% - 35% in gewig toeneem – dié proses staan bekend as imbibisie. Soos wat ontkieming voortgaan, begin die koleoptiel na die grondoppervlak te beweeg as gevolg van die verlenging van die mesokotiel.

Wanneer die koleoptiel die grondoppervlak breek, het opkoms (VE) plaasgevind. Sonlig ontwig koleoptiel- en mesokotielverlenging, waartydens die posisie van die kroon en die eerste nodale wortels onder die grondoppervlak vasgestel word. Die diepte van die kroon en die eerste nodale wortels kom voor op 'n konstante diepte, tensy die plantdiepte uitsonderlik vlak is (minder as 4 cm).

Plantdiepte se invloed op opbrengs

Alhoewel daar baie dinge is wat opkoms beïnvloed, is plantdiepte een van die faktore waarvoor die produsent die meeste beheer het en is dit daarom 'n fokuspunt. Die ideale plantdiepte is 5 cm, want die variasie in grondtemperatuur in die eerste 5 cm van die grond het 'n groot invloed op die ontkieming en groei van 'n mieliepit.

Die minimum temperatuur vir ontwikkeling is 15°C en laer as dit kan die metaboliese proses tydens ontkieming nie meer plaasvind nie. Dit wil sê dat koleoptielverlenging tot stilstand kom omdat daar nie meer selvermeerdering plaasvind nie.

Sou grondtemperatuur weer bo 15°C wees, sal koleoptielverlenging weer plaasvind. Indien die pit baie vlak geplant word, veral in sanderige grond, sal dit tydens imbibisie en koleoptielverlenging

baie variasie in temperatuur en vog ondervind. Dit veroorsaak dat die prosesse sogenaamde aan- en aperiodes ondervind.

Groei en ontwikkeling vind plaas as die temperatuur en vog gunstig is en stop dan weer wanneer die temperatuur en vog ongunstig is. Die wisseling sal bydra tot die aantal dae wat dit sal neem vir die vlakker geplante pit om op te kom, in vergelyking met die pitte wat nader aan die optimale diepte geplant is.

In **Foto 1** word 'n verskil in die wortelmassa asook die verskil in die hoeveelheid blare tussen die verskillende plantdieptes aangedui. Hieruit kan afgelei word dat plante wat op die optimale diepte geplant is, die groeiseisoen beter gaan benut in groeilengtedae as die vlakker geplante mielies.

Het dit 'n invloed op opbrengs? In die mielieseisoen van 2017/2018 is 'n proef op Bergville, KwaZulu-Natal gedoen. 'n Land met 'n plantdatum van 30 November 2017 is op 'n daaglikse basis gemonitor tot en met die eerste koleoptiel die grond gebreek het op 5 Desember 2017. Die plant is gemerk as dag een van opkoms en so het dit aangegaan totdat alle pitte opgekom het. Die plante het almal opgekom teen 7 Desember 2017.

Al die plante se koppe is gestroop en geweeg. Die koppe se aantal rye is getel voor daar gestroop is. Die koppe van die mielieplante wat op 5 Desember 2017 opgekom het, het almal 18 rye per kop gehad, terwyl die koppe van die mielieplante wat 'n dag later op 6 Desember 2017 opgekom het, slegs 16 rye per kop gehad.

Die stand op die proef was hoër weens die optimale plantpopulasie van die variëteit in die Bergville-area. Daar sou 'n aansienlike verhoging in opbrengs wees, sou 20% van die land nie 'n dag later opgekom het nie. Die opbrengs met 20% van die pitte wat 'n dag later opgekom het, was 15,45 t/ha by 'n plantpopulasie van 90 000. Die opbrengs van die normale plante was 18,83 t/ha, wat beteken dat 3,38 t/ha verlore gegaan het met plante wat later opkom.


Produsente moet dus seker maak dat hulle nie te vlak plant nie. Gelukkig word hierdie monitering makliker met vandag se tegnologie. 'n Paar ander faktore wat die produsent ook kan bestuur, is om seker te maak dat die saadbedvoorbereiding reg gedoen is en dat gronde teen die regte vog bewerk word as die praktyk konvensioneel is.

Sou die produsent nie dié praktyk volg nie, moet daar gefokus word op die planter se tegnologie en seker gemaak word dat plantdiepte reg toegepas word. ●



1. Uitgehaalde plante met onegalige planthoogte.

Om te boer soos 'n *pro*
MOET JY BOKS
SOOS 'N PRO



Saam met jou van
DIE WOORD
"GO"

Ontdek die waarheid agter kostedoeltreffende laaiwerk. PROBOX™.

Tel: +27 12 683 5700 | www.rsa.pioneer.com | 
®, TM, SM Handelsmerke of diensmerke van DuPont,
Dow AgroSciences of Pioneer en hul geaffilieerde maatskappye
of onderskeie eienaars. © 2018 PHII

 **PIONEER.**

CONNECTIVITY IN THE AGRICULTURAL SUPPLY CHAIN

As competitive pressures continue to grow it is key for all businesses to consider how best they can benefit from connectivity in their supply chain, where can efficiencies be gained in their processes, and how technology can be utilised to improve the customer experience.



NETWORK BENEFITS

Quick, cost effective communication between trading partners is one of the key features of the 21st century business environment. The ability to communicate electronically, efficiently and autonomously with customers and supply chain partners is something that is vital in order to achieve the end goal of customer satisfaction.

Proagrica is already working with agricultural suppliers, manufacturers and distributors globally to implement solutions to improve communication, processes and promote ease of business. By being focused solely on agriculture Proagrica has developed a connectivity network that spans every sector of the market place, and developed solutions that address industry specific challenges.

Proagrica provided KWS, one of the world's leading plant breeding companies, with a robust solution for data integration into its SAP system, which enabled full visibility and traceability of inventory throughout the seed production cycle, as well as streamlining the order, delivery and logistics processes.

These solutions have enabled KWS to:

- Track seed batches and ensure all parties are operating with correct information
- Reduce errors caused by multiple keying of information
- Avoid elevated levels of inventory write-offs
- Track logistics and reduce time delays
- Make third parties more accountable and monitor their efficiency
- Increase customer satisfaction through offering reliable delivery dates

BENEFITS INCLUDE;



Connect once to your entire supply chain: With hundreds of supply-chain participants already connected locally and globally, simply connect once and Proagrica can link you to your customers and supply chain partners.



Cost-effective, scalable and reliable: By eliminating the requirement for point-to-point connections, Proagrica connects organizations to multiple customers and partners, reducing the cost and ensuring an ease of scalability.



Unlock the benefits from enhanced collaboration: Networking does not simply improve existing processes. Businesses can draw-upon the insights available from supply chain partners and identify previously unseen opportunities.



Cloud-based integration: Connecting to the Proagrica network reduces the management of processes, including sending, receiving, formatting and transforming of messages. It also reduces the requirement of infrastructure or servers – thus reducing the pressure on internal IT support.

It's never been easier for organizations to connect to the entire supply chain and benefit from the ever-growing Proagrica network.

Visit www.proagrica.com to learn more about how our supply chain solutions can enable your business to scale and save whilst significantly enhancing the customer experience

References:

- 1 [https://www.tcs.com/content/dam/tcs/pdf/Se nices/CES/Enabling-Digital-Supply-Chain-Collaboration-for-Smart-Enterprises.pdf](https://www.tcs.com/content/dam/tcs/pdf/Se%20nices/CES/Enabling-Digital-Supply-Chain-Collaboration-for-Smart-Enterprises.pdf)

DATA CONNECTIVITY to revolutionise Africa's agricultural supply chain

Peter Leppan, Proagrica

According to estimates from the UN's Food and Agriculture Organisation, the projected global population will reach 9.1 billion by 2050. To meet that demand, global food production would have to increase by 70%.

In Africa, business leaders in the agricultural sector are already taking steps to ensure that their technological infrastructure allows productivity to accelerate at these necessary rates, with results that benefit business and consumer alike.

During 2017, the African Centre for Economic Transformation (ACET) released its Agriculture powering Africa's economic transformation report, in which the need for interlinked supply chains was directly highlighted as a core necessity for a successful industry.

'Agricultural transformation incorporates two main processes: Transforming or modernising farming by boosting productivity and running farms as modern businesses and strengthening the links between farms and other economic sectors in a mutually beneficial process.'

Smallholder farms represent up to 80% of the food supply in Africa, yet many of those farms lack robust links to their local markets, let alone international suppliers. Within this space, agricultural retailers and suppliers can offer more, with data solutions able to forge and strengthen these relationships.

Agricultural retailers and manufacturers in particular are well positioned to take full advantage of data connectivity. This windfall of data now becoming available to the African Union is also providing unprecedented opportunities for business growth in the agricultural supply chain. How can you take full advantage? The answer is connectivity – a solution that links established company systems and data to your wider business network, creating faster access to data and smarter decision-making. All without the need to worry about compatibility or human error.

In its mission to guide the industry towards 100% connectivity, Proagrica proposes a transformative approach to data connectivity that rethinks conventional business practice and system architecture.

A great number of progressive businesses in the agricultural supply chain have not fully established connections between their new and older technologies at the same rate as other industries. They risk missing out if they don't seize the new capabilities provided by advances in connected systems and technology.

What does 100% connectivity mean for businesses?

Towards 100% connectivity concentrates on bringing advanced data capabilities to businesses in the agricultural supply chain, eliminating many common pitfalls and driving customer retention, satisfaction and business growth.

Automated ordering

Electronic transactions remove every stage of an order that could be potentially slowed down or distorted by human input. A major manufacturer/supplier calculated the benefit per EDI (electronic data interchange) order to be R512 – price converted from USD (Forrester Research).

Quick response

Customers can receive a much faster response, with real-time updates direct from trading partners. Leading businesses reported a 92% reduction in time spent processing an invoice (Aberdeen Group).

Improved efficiency

Eliminate the errors – and the resulting costs – incurred from manual data entry. No more wasted time or correcting the fallout from simple mistakes, with results showing costs falling by 70% to 90% for each order process (Gartner).

Increased customer loyalty

All of the above combine to drastically increase a business' value offering, greatly boosting return business and retention.

Proagrica global supply chain network

Combining the world leading expertise of one of the largest data analytics businesses in the world – RELX – and a deep understanding and experience of the agricultural industry, Proagrica is uniquely positioned to transform the agribusiness sector towards 100% connectivity and towards its productivity goals.

Our agricultural network is already utilised by many agricultural supply chain businesses across the world, with 7.5 million messages and R22 billion in trade transmitted via the network every year in South Africa alone. For new users, this means connecting your business instantly with a vast network, already populated by major players in the industry.

Essentially, the solutions are out there. Many of the annoyances and costs we take for granted in business simply don't have to exist. This isn't speculative. The technology exists and can change the agricultural supply chain in African countries. It's simple, it's powerful and it's scalable with whatever direction businesses may take.

Your business can become more informed, efficient and connected through improved data analytics. ●

Working towards 100% connectivity.



Klimaatverwagtings vir die VROEË WINTER

Cobus Olivier, wetenskaplike: Voorspellingsnavorsing, Suid-Afrikaanse Weerdiens

Die somerreënvalvoorspelling vir Desember, Januarie en Februarie van die 2018/2019-seisoen het aangedui dat daar goeie kanses vir bo normale reënval was. Ongelukkig was dit net sekere gedeeltes wat bo normale reën gekry het (Figuur 1).

Dit blyk of dit weer 'n laat somer was soos die afgelope paar jaar, waar reën meestal gedurende Februarie en Maart voorgekom het. Die meeste van die somerreënvalgebiede was wel in die normale reënvalkategorieë, alhoewel die reënval nie egalig deur die maande voorgekom het nie.

Groot reënneerslae en lang droë periodes tussenin het die 2018/2019-somerseisoen gekenmerk. Die oorsaak is net gewone natuurlike variasie – die El Niño wat in werking was, het nie 'n beduidende invloed op Suid-Afrika gehad nie as gevolg van 'n gebrek aan tipiese oseaan-atmosfeerinteraksie in die Stille Oseaan.


Vroeëwinterverwagtinge

Winter is amper hier en die fokus skuif nou na die suidelike en suid-westelike gedeeltes van die land in terme van klimaatverwagtings, spesifiek reënval.

Die mees opvallende seisoen op hierdie oomblik vanaf die voorspellingsstelsel is April, Mei en Junie – die vroeëwintertperiode. Daar is tans betroubare voorspellings vir winterreënvalgebiede (Figuur 2) om bo normale reënval te kry, insluitend die suidelike kusgebiede. Ongelukkig is daar nie enige aanduiding of hierdie bo normale reënval die hele winter sal duur nie, aangesien die voorspelling vir Mei, Junie en Julie (Figuur 3) onduidelik is en daar nog nie voorspellings vir middel en laat winter is nie. (Dit sal in die volgende maand en die daaropvolgende maand uitgereik word.) ▶


1a

Verwagte neerslagomstandighede vir Desember, Januarie en Februarie 2018/2019




1b

Persentasie van normale reënval vir Desember (Gebaseer op voorlopige data. Normale periode 1981 - 2010)




1c

Persentasie van normale reënval vir Januarie (Gebaseer op voorlopige data. Normale periode 1981 - 2010)




1d


Persentasie van normale reënval vir Februarie (Gebaseer op voorlopige data. Normale periode 1981 - 2010)




Figuur 1: Reënvalvoorspelling vir Desember, Januarie en Februarie 2018/2019 (1a), Desember 2018 gemete reënval (1b), Januarie 2019 gemete reënval (1c) en Februarie 2019 gemete reënval (1d).



Figuur 2: Reënvalvoorspellings vir Suid-Afrika vanaf April tot Junie 2019, gegewe die mees waarskynlike uitkoms kragtens bo en onder normale reënval. Die middelste grafiek wys waar die voorspellingsstelsel nie voldoende vaardigheid het om betroubare voorspellings te maak nie (verwys na wit kleur). Die grafiek aan die regterkant wys die normale klimatologiese reënval vir April, Mei en Junie in mm.



Figuur 3: Reënvalvoorspellings vir Suid-Afrika vanaf Mei, Junie en Julie 2019, gegewe die mees waarskynlike uitkoms kragtens bo en onder normale reënval. Die middelste grafiek wys waar die voorspellingsstelsel nie voldoende vaardigheid het om betroubare voorspellings te maak nie (verwys na wit kleur). Die grafiek aan die regterkant wys die normale klimatologiese reënval vir Mei, Junie en Julie in mm.



Figuur 4: Minimumtemperatuurvoorspellings vir Suid-Afrika vanaf Maart, April en Mei 2019, gegewe die mees waarskynlike uitkoms kragtens bo en onder normale reënval. Die middelste grafiek wys waar die voorspellingsstelsel nie voldoende vaardigheid het om betroubare voorspellings te maak nie (verwys na wit kleur). Die grafiek aan die regterkant wys die normale klimatologiese maksimum temperatuur vir April, Mei en Junie in °C.

Capturing #LoveFarming with animals

SA Graan/Grain editorial team

Animals are part of a farming enterprise – whether it is the livestock or poultry component of the operation or just the family pets. Photographing these magnificent creatures can be challenging, although pets are an easier subject to capture.

The trick to a good pet photo is to capture its personality. This can be achieved by communicating with the animal, such as simple commands to a dog. Another way is to put it through a favourite routine or their 'party trick' that keeps you amused. Try barking and capture your dog's expression.

Although farm animals do not show much in the way of personality, images of them in their surroundings can be quite serene and picturesque. Horses are good subjects in stables or out galloping through open fields, while pigs can make for humorous images.

Here are a few more tips

- » When photographing animals, look for a plain background. The background can make or break how a viewer perceives the photo. Background issues can be caused by trees, branches, wires, or any objects that may look as though they are cutting through the animal's head or body.
- » It is important to keep your distance – do not impose upon the animals' space. Move slowly into position avoiding eye contact

as they will run away and leave you missing out on capturing a #LoveFarming moment.

- » Get up close and on their level. Although a group of animals makes a pretty picture, it is not nearly as compelling as getting closer to capture a certain expression. It may even get you that winning picture. Kneel or lie down if necessary and wait until the animal forgets you are there.
- » Try to avoid 'half animals' on the edges of the photograph.
- » Take a lot of shots. Keep shooting until you get a decent shot or two and delete the rest. ●

Sources

- ¹ <https://timbercreekfarm.com/tips-for-taking-better-animal-photos/>
- ² <https://www.slrphotographyguide.com/how-to-photograph-animals/>
- ³ www.schoolofphotography.com/23-how-to-photograph-animals/




PREVIOUS WINNER

Chrismari van der Westhuizen from Loeriesfontein was the winner of the February competition and won the prize money of R1 500 with a photograph of sheep enjoying the water trough.



Klimaatverwagtings vir die VROEË WINTER



Figuur 5: Minimumtemperatuurvoorspellings vir Suid-Afrika vanaf April tot Junie 2019, gegewe die mees waarskynlike uitkoms kragtens bo en onder normale reënval. Die middelste grafiek wys waar die voorspellingsstelsel nie voldoende vaardigheid het om betroubare voorspellings te maak nie (verwys na wit kleur). Die grafiek aan die regterkant wys die normale klimatologiese maksimum temperatuur vir April, Mei en Junie in °C.

» April, Mei en Junie spesifiek lyk goed wat reënval betref, aangesien die minimum temperatuur (Figuur 5) wys dat daar betroubare voorspellings is vir onder normale temperature vir die suidelike en suid-westelike gedeeltes van die land. Hierdie voorspelling kan dui op meer intense en meer gereelde kouefrontverskynsels gedurende April, Mei en Junie. Natuurlik kan onder normale temperature ook 'n risiko vir boerderye wees, afhange van die intensiteit – so dit sal ook in ag geneem moet word. Weer eens is dit nie 'n aanduiding dat die hele

winterseisoen kouer as normaal sal wees nie, aangesien die temperatuurvoorspellings vir Mei, Junie en Julie weer bo normale temperature wys.

Minimum temperature vir die somerreënvalstreke gedurende Maart, April en Mei (Figuur 4 op bladsy 77) en April, Mei en Junie (Figuur 5) wys dat bo normale temperature verwag kan word en dus is die kans skaars dat daar vroeë ryp sal wees. ●



Winner


2

2nd

3

3rd

1. The winning photograph in the March competition was taken by Danette Newton from Vaalwater in Limpopo. The title, 'Water is life', shows the importance of water in any farming enterprise. She receives R1 500 for her winning entry. 2. Water is also the topic of the second-place winner, Vida van Schalkwyk from Fichardtspark in Bloemfontein. One of her #LoveFarming moments is early mornings at the dam. 3. Passion for farming is transferred from one generation to the next, as this photograph shows. Tiani Claassen from Reitz captured an important moment between her husband and son, Neil and Cado.



GRAIN SA/SASOL PHOTO COMPETITION

#LOVEFARMING

This year amateur photographers have the opportunity to show why they love farming through their unique photographs...#LoveFarming. Is it the smell of wet soil after a rain shower or maybe the green ears of wheat blowing in the wind that tug at your heartstrings? Or does looking at a newborn calf or watching your son on the tractor make you #LoveFarming? Share your #LoveFarming photographs with us.

Win every month

From January 2019 a winner will be named by a panel of judges for twelve editions. Each winner will receive a cash prize of R1 500. The twelve finalists will be eligible for the big prizes: R15 000 (winner), R10 000 (runner-up) and a third prize of R5 000 – with compliments from Sasol.

COMPETITION RULES

1. Entries should portray the theme, #LoveFarming.
2. Only amateur photographers (in other words people who do not make a living from taking photos) may enter the competition.
3. The photographers must provide captions for the photos as well as their postal address and telephone number/s.
4. People on the photos must be identified (provide a name and surname).
5. Only emailed entries will be accepted. The photos must be in JPG format, not smaller than 1 MB and no bigger than 10 MB each.
6. Photos entered must be unique and should not portray the same theme as photos entered for other competitions. Photos entered must not have been published previously.
7. Manipulated photos will not be accepted. Unacceptable manipulation of photos essentially entails adding visual elements that were not in the photo originally (e.g. clouds or plants); as well as elements in the image that change the context or theme of the photo (e.g. an unattractive and substantial element somewhere in the photo). Acceptable manipulation entails the following: Changing the photograph's original dimensions (cropping – given that it doesn't change the context or theme), adjustments to underexposed or overexposed parts (exposure adjustments) and adjustments to the room temperature (the general colour tint of the photo – col-

our temperature correction). If in doubt about the extent of manipulation, judges may request that the original photo be made available.

8. Participants may enter a maximum of three photos (with varying subjects) per edition. If more than three photos are entered, the first three photos received will be considered for the competition.
9. A participant who is announced as a monthly winner may not enter the competition for the following three editions.
10. Photographers may enter their photographs up until the deadline each month. Entries received after this date will be entered for the following month's competition.
11. Grain SA reserves the right to reject photos that are blurry and/or do not adhere to the competition rules.
12. A panel consisting of two professional photographers, a representative each from SA Grain/Grain and Sasol, will judge the photos each month.
13. All entries become the property of Grain SA. The photos will be stored in a data bank and Grain SA and Sasol may use it for future promotions, marketing and publication purposes. By entering the competition, the entrant agrees to this and no third-party claims for copyright violation may be submitted.
14. Employees of Sasol, Grain SA and Infoworks may not enter the competition.

GRAAN
SAGRAIN

Please send photos to elmien@infoworks.biz. Remember to include your name, contact details and a caption for each photo with your entry.

CLOSING DATES:
May 2019: 9 May
June 2019: 5 June



Boeredag in EXTRAVAGANZA omskep

Mariëtta Cronjé, SA Graan/Grain medewerker

Tydens die pas afgelope Pannar Extravaganza Boeredag op Delmas is verskeie uitstekende produkte, wat met die mees innoverende teeltnieke in die wêreld ontwikkel is, onder die loep geneem. Al hierdie produkte is wyd getoets en goed aangepas vir plaaslike sukses.

"Hierdie produkte word onderskryf deur ons toewyding om ten nouste met ons kliënte saam te werk deur oplossings te bied wat aan produsente se veranderde behoeftes voldoen," sê Pannar se besigheidsbestuurder, mnr Nick Grobler. "Te midde van al die huidige onsekerhede kan elke produsent op Pannar reken vir produkte, dienste en tegnologieë wat aan sy spesifieke gewasvereistes en boerderypraktyke voldoen ten einde volhoubare landbou te verseker."

Met die Pannar Extravaganza is daar 'n unieke vorm van opwinding in hierdie suksesvolle dag se gebeure ingebou. Die doel was nie net om produsente op hoogte van sake te bring oor Pannar se nuutste produkte nie, maar om ook agronomiese kwessies te bespreek. Tydens die geleentheid het produsente ook die geleentheid gekry om aan Pannar se Bonanza-program deel te neem en vir opwindende items te kwalifiseer.

Die verskeidenheid items, wat binne kategorieë val aan die hand van die geldwaarde van 'n saadbestelling, het gewissel van 'n staalbandkoelhouer, opwindende buitelandse vakansies tot 'n John Deere Gator. Die goeie nuus is egter dat produsente tot en

met 30 April die geleentheid het om aan hierdie Bonanza deel te neem. Bestellings kan óf direk by Pannar geplaas word óf tydens een van die opvolg-Extravaganzas waarvan die datums op Pannar se webblad aangedui word.

Volgens mnr John Odendaal, bemarkingsbestuurder by Pannar, word Pannar se produkte hoog aangeskryf deur produsente. John moedig produsente aan om van Pannar se kundigheid gebruik te maak. "Ons is passievol en stel persoonlik belang in die sukses van elke produsent se plaas. Boonop is ons trots om eerlike en betroubare tegniese advies, 'n volledige saadaanbod en bestuursriglyne vir optimale gewasproduksie te bied," sê hy.

Hy het weer eens klem geplaas op die volgende bestuurskwessies om opbrengsdoelwitte te help bereik:

- » Kennis van jou grond en dienooreenkomstige bestuur
- » Goeie wisselbou
- » Effektiewe bestuur van water
- » Grondontledings ('n noodsaaklike praktyk)
- » Goeie bewerkingspraktyke
- » Plant van kwaliteitsaad
- » Regte plantdatum, saaidigtheid en diepte
- » Korrekte planterspoed
- » Gewasmonitering deur die seisoen
- » Noukeurige en tydige onkruid-, insek- en siektebeheer.



1. Personelede van die Departement van Landbou, Bosbou en Visserie het hulleself persoonlik kom vergewis van Pannar se puik reeks produkte: Tumelo Ramukhithi, Lufuno Pashwana en Agnes Moroaswi.

2. Basie Roux en Kobus Müller is twee produsente van Frankfort wat getrekteer is op smullekker kos tydens die Pannar Extravaganza op Pannar se proefplaas naby Delmas. 3. Hierdie toekomstige jongboere van Hoërskool Heidelberg het vol jeugdige geesdrif die Pannar Extravaganza kom ondersteun: André Groenewald, Christiaan van der Merwe, Luke Balford, Justin McLare, Japie Groenewald en Adriaan Olivier.



Nuwe mieliebasters vind byval

Tydens die Delmas Extravaganza het produsente groot belangstelling in die volgende nuwe mieliebasters getoon.

PAN 3R-573R: Hierdie is 'n ultravinnige witbaster met glijfosaattoleeransie en die stalmaat van PAN 3A-173. Albei basters is goed aangepas by die hoëpotensiaal- oostelike droëlandproduksiegebiede (Mpumalanga, Oos-Vrystaat en KwaZulu-Natal) en word teen hoë plantbevolkings van 45 000 plante/ha tot 60 000 plante/ha aanbeveel. As besproeiingsbaster is PAN 3R-573R die eweknie van die geel ultravinnige basters en dit pas goed in by 'n dubbeloesproduksiestelsel. Dit word vir alle produksiegebiede onder besproeiing aanbeveel teen hoë plantbevolkings van 80 000 plante/ha tot 100 000 plante/ha.

PAN 5B-491B en PAN 5R-891BR: Die twee mediumvinnige witbasters beskik oor die MON89034-stronkboorderweerstandsgene en het dieselfde genetiese agtergrond as PAN 5R-791BR. Hulle is baie sterk meerkoppig. Albei basters is goed aangepas vir al die droëlandproduksiegebiede. Hulle word sterk aanbeveel as die kern van 'n witpakket, veral in die westelike produksiedeel van die Noordwes-Vrystaat en Noordwes Provinsie en is bestem om baie gewild te word.

PAN 4A-156: 'n Vinnige geelbaster wat veral goed aangepas is vir KwaZulu-Natal, Mpumalanga en die Oos-Vrystaat se hoëpotensiaalgronde. Dit word teen 'n hoë plantbevolking aanbeveel en is geneig om enkelkoppig te wees. Dit is 'n goeie spanmaat vir PAN 4A-172 en PAN 5A-182 en het goeie verdraagsaamheid teen blaarsiektes en veral *Phaeosphaeria*.

PAN 4R-672R: Hierdie vinnige geelbaster is die stalmaat van PAN 4A-172 wat die afgelope twee jaar koning kraai in basterevaluasieproewe, in die besonder in die Oos-Vrystaat. Hierdie twee basters is 'n uitstekende keuse vir die oostelike Hoëveld van Mpumalanga en die Oos-Vrystaat.

PAN 4R-728BR: Goeie verdraagsaamheid teenoor bruinroes en 'n uitstekende opbrengspotensiaal word gewys deur hierdie geelbaster in die vinnige groeiklas. Dit is goed aangepas vir die hele oostelike produksiegebied. Hierdie agronomies goed gebalanseerde baster is geskik vir hoë plantpopulasies.

PAN 5R-590R: Dié geelbaster in die mediumvinnige groeiklas pas perfek in onder droëland vir Mpumalanga en die Oos-Vrystaat. Die groot planttipe van die baster maak dit besonder geskik vir kuilvoerproduksie. Dit is

enkelkoppig met goeie staanvermoë en goeie algemene siekteverdraagsaamheid.

PAN 5R-554R: 'n Mediumvinnige geelbaster met goeie opbrengsstabiliteit en aanpasbaarheid. Hy handhaaf 'n redelik vaste kopgrootte met 'n mooi, diep-oranje graantipe. PAN 5A-154 is 'n stabiele spanmaat vir PAN 5A-182. ●

SO MUCH IS OUT OF YOUR CONTROL, YOUR PROFIT SHOULDN'T BE.

TAKE CONTROL

PROTECT YOUR PROFIT. DEFEND GRAIN QUALITY. SPEED THROUGH HARVEST.

STORAGE + CONDITIONING + MATERIAL HANDLING + STRUCTURES



T: +27 011 794 4455
E: sales@gsiafrica.co.za

GSIAFRICA.CO.ZA

Swart ekonomiese bemagtiging

- DEEL 2: Gewysigde agri-SEB-sektorkode

Johann van Huyssteen, Van Huyssteens Kommersiële Prokureurs

In die Maart-uitgawe (Deel 1) is 'n uiteensetting gegee van verskeie praktiese en volhoubare oplossings rakende eienaarskap wat in die landbousektor toegepas kan word. Aangesien daar nog nie duidelike riglyne vir grondhervorming is nie, moet deelnemers in dié sektor hulself intussen vereenselwig met die raamwerk van swart ekonomiese bemagtiging (SEB) – dit mag dalk net relevant word.

Die kennis en oplossings moet daárin gevind word om volhoubaarheid te verseker in die spesifieke landboubesigheid. Alvorens 'n behoorlike uiteensetting van al die moontlike oplossings (soos kortliks in Deel 1 van die SEB-artikel bespreek is) behandel kan word, is dit belangrik om die agri-SEB-sektorkode, soos gewysig, beter te verstaan.

Met voortdurende wysigings wat afgekondig word, is die generiese, algemene SEB-kodes al 'n gerulme tyd op alle besighede van toepassing. Behalwe die generiese kodes is daar spesifieke sektorkodes. Die gewysigde agri-SEB-kode is in Desember 2017 aangekondig. Dié kode benodig verduideliking voordat gekyk kan word na die herstrukturering van 'n landboubesigheid.

Dit moet egter gemeld word dat die landbousektor tot op hede traag was om SEB toe te pas. Die rede kan waarskynlik gevind word in die feit dat SEB soos BTW werk – die een besigheid hou die ander dop om te sien wat hulle doen.

Sodra daar min beweging is om SEB toe te pas van die een kant af, verminder dit die druk op die ander kant om diensooreenkomstig 'n SEB-oplossing vir die besigheid te vind. Die nadeel wat hierdie optrede natuurlik inhou, is dat wanneer die regering besluit dat transformasie te stadig plaasvind, daar radikale wysigings ingestel kan word. Die resultaat kan byvoorbeeld gesien word in die voorgestelde grondhervormingsbeleid en die sterk moontlikheid van onteiening sonder vergoeding.

Dit is vanselfsprekend dat die huidige regering, veral met die druk van meer radikale persone en politieke partye, toenemend die kwessie rondom grondhervorming sal gebruik om kiesers tevrede te stel. Landbougrond en die eienaarskap daarvan gaan 'n warm patat bly totdat daar einde ten laaste 'n oplossing gevind kan word. Hierdie patat gaan nie sommer afkoel nie en blankes, tans in besit van die meerderheid van landbougrond, gaan die druk toenemend voel.

Soos in Deel 1, gaan ons enkele van die aspekte verder in meer besonderhede in die artikels wat hierop volg, bespreek. 'n Kort bespreking van die agri-sektorkode is daarom van belang.

Toepassing van die agri-SEB-sektorkode

Die agri-SEB-sektorkode is van toepassing op ondernemings wat meer as 50% van hul omset kry uit:

- » Die primêre produksie van landbouprodukte;
- » die verskaffing van goedere en dienste aan ondernemings wat landbouprodukte produseer;
- » waardedoewoening tot landbouprodukte, hetsy in primêre of sekondêre vorm; en
- » die stoor, verspreiding en/of verhandeling in aanverwante aktiwiteite tot onverwerkte landbouprodukte.

Let daarop dat landbouondernemings met 'n jaarlikse omset van minder as R10 miljoen vrygestel is van voldoening aan die land-

bousektorkode en hulle word geag 'n vlak 4-SEB-onderneming te wees. Landbouondernemings wat 51% in swart besit is, maar 'n omset van minder as R50 miljoen het, sal outomaties 'n vlak 2-SEB-onderneming geag word. Ondernemings onder 'n R50 miljoen-omset, maar 100% in swart besit, is outomaties 'n vlak 1-SEB-onderneming.

Berekening van die agri-SEB-status

Vyf sleutelemente vorm die gewysigde telkaart by agri-SEB-ondernemings:

- » Eienaarskap (stemreg en grondeienaarskap);
- » bestuursbeheer;
- » vaardighedsontwikkeling;
- » ondernemer- en verskaffersontwikkeling; en
- » sosio-ekonomiese ontwikkeling.

Eienaarskapsvereiste

Die doel van die eienaarskapselement is die bevordering van blanke toegang en deelname in die eienaarskap van 'n onderneming asook die ontsluiting van entrepreneuriese potensiaal in die landbousektor. Die regering het ten doel om uiteindeelik hierdeur volhoubaarheid in die sektor te verseker. Die regering besef egter terdeë dat finansiering van herstrukturering, ten einde eienaarskap te verseker en bevorder, 'n geweldige uitdaging is. Die agri-sektor se onderneming aan die regering was dat hulle graag wil bydra deur swart deelname te laat groei en eienaarskap in die sektor te bevorder. Dit behels nie net dat swart mense ekonomies vooruit moet kan gaan nie, maar ook dat hul stem gehoor moet word. Hierdie mag die verkoop van eienaarsbelang en bates en/of vennootskappe met plaaswerkers en ander swart entrepreneurs insluit. Diensooreenkomstig was die regering se onderneming om 'n wetlike omgewing te skep wat swart eienaarskap bevorder en SEB-fondse beskikbaar stel en fasiliteer.

Bestuur

Hierdie element se doelwit is om die deelname van swart mense (insluitend swart vroue) op bestuursvlak in landbouondernemings te bevorder. Meganismes moet dus in plek gestel word om swart persone in bestuursposisies te bevorder om sodoende hul vaardighedsvlakke uit te brei by wyse van sekondêre en tersiêre opleiding, beide binne die onderneming asook deur middel van ander ontwikkelingsprogramme.

Vaardighedsontwikkeling

Ten einde die landbousektor kommersieel lewensvatbaar te hou, is die volgende noodsaaklik:

- » Produktiwiteit;
- » hoë vlakke van entrepreneurskap; en
- » 'n langtermynverbintenis tot vaardigheid- en hulpbronontwikkeling.

Transformasie verels dat die sektor so spoedig moontlik veranderinge moet maak om 'n omgewing te skep waarin menslike hulpbronne behoorlik aangewend kan word deur in mense te investeer om arbeidsgelykheid te skep en institusionele transformasie te laat plaasvind.

Pêrels vir die Vrou

Marisa Badenhorst,
Revive Our Hearts South Africa



Spesifieke (en kritieke) vaardighede in die landbousektor moet geïdentifiseer word sodat die onderwys- en opvoedingstelsel daarop kan fokus om sodoende aan die mark en landbousektor se vereistes te kan voldoen.

Onderneming- en verskaffersontwikkeling

Meer swart entrepreneurs en nyweraars moet geïdentifiseer en in hulle eie ondernemings gevestig word. Elke tweede jaar gaan die agri-SEB-sektorraad die situasie beoordeel ten einde uitspraak te lewer of daar aan die vereistes voldoen word.

Die beoordelingsvereistes is dat daar voorkeurverskaffing asook onderneming- en verskafferontwikkeling moet plaasvind. Die algemene beginsel is om swart ondernemings te ondersteun waar sulke ondernemings aan die landbousektor verskaf. Die doelwit is om die nywerheidsbasis in kritieke sektore van 'n produksie- en waardetoevoeging by vervaardiging, te ondersteun en uit te brei.

Plaaslike aankope moet die kapasiteit uitbrei en deur middel van die verskaffingsontwikkelingsprogramme en ander aanspoerings kan kapasiteit verhoog word. Geleenthede moet dus geïdentifiseer word ten einde die aankope by geselekteerde verskaffers te bevorder.

Daar word beoog om sulke swart-beheerde ondernemings so gou moontlik tot die hoofstroomekonomie te bevorder. Die landbou-industrie het onderneem om proaktief 'n verskaffings- en aankopestrategie en -beleid te implementeer. Daar sal ook jaarliks gerapporteer word wat die spandering op voorkeurverskaffing was.

Konsensus tussen georganiseerde landbou en die regering is bereik dat die operasionele en finansiële kapasiteit van swart entrepreneurs so spoedig moontlik versterk moet word en dat daar behoorlike mentorprogramme moet wees. Deel van die opheffing is dat die infrastruktuur en markte oopgemaak moet word. Die toepassing van tegnologie is wesenlik tot die sukses daarvan.

Sosio-ekonomiese ontwikkeling

Sosio-ekonomiese ontwikkeling verwys na die bydraes binne die landbousektor ten einde swart mense toegang tot die ekonomie te gee. Die inisiatiewe moet ten doel hê om aan swart mense sosiale en ekonomiese geleenthede te verskaf en prioriteit moet daaraan gegee word om die toegang te implementeer.

Die doelwit is weer eens dat die uiteinde hiervan die skep van 'n volhoubare lewensbestaan moet wees. Ondernemings gaan moet bewys dat hulle gekonsulteer het met die begunstigdes om aan hulle verwagtinge te voldoen.

Wat die kode nie ten doel het nie, is dat sosio-ekonomiese ontwikkeling aan lone gebind moet wees – dit het eerder ten doel om swart persone deel te maak van die hoofstroomekonomie. Deel hiervan is inisiatiewe waar plattelandse werkers en lede van die landbousektor toegang moet hê tot goeie behuising, skoon water en sanitasie, elektrisiteit, ontspanningsfasiliteite, behoorlike gesondheidsprogramme asook onderwys en opleiding.

Soos die lesers sal merk, is hierdie slegs 'n kort opsomming van die landbousektor-SEB-kode en sal die kode, soos afgekondig op 8 Desember 2017, in meer besonderhede nagegaan moet word. Aandag moet veral gegee word aan die samestelling van die telkaart. Na die lees van hierdie artikel behoort die leser egter met beter insig na die opvolgartikels te kan kyk. ●

Vir navrae hieroor, kontak Johann van Huyssteen by 012 349 2306 of besoek www.vanhuyssteens.co.za.

Is jy opgewonde oor die groot Oesdag?

Sal ek ooit my kinderjare gedurende oestyd vergeet? Dit is asof ek nog die reuk van droë mielies in die wa ruik. Opgewonde het ons halflif in die mielies gespeel. Saans na badtyd het ons goed les opgesê as Ma ons pienk brandvelletjies dik met kamferroom moes smeer. Oestyd was pure plaaskind-vreugde!

Oestyd is 'n tyd van afwagting! Elke produsent en sy vrou kyk met verwagting uit na die oes op die land. Vir sommige is dit 'n vreugdefees, vir ander 'n tyd van groot teleurstelling en selfs hartseer.

Soos elke produsent, kyk die Vader ook met verwagting na die vrug op ons land, want daar kom 'n finale Oesdag. Paulus skryf in Galasiërs 6:8 oor die tipe saad wat ons kies om te saai en die vrug wat dit oplewer. "Wie op die akker van sy sondige natuur saai, sal van die sondige natuur dood en verderf oes. Maar wie op die akker van die Gees saai, sal van die Gees die ewige lewe oes." Baie eenvoudig gestel, beteken dit dat wie mielies saai, nie 'n sonneblomoos kan verwag nie. Watter saad is in jou grond? Maak die vrug op jou lewensland God opgewonde of hartseer?

In Galasiërs 5:22 en 23 word die vrug van die Gees beskryf. Kom ons toets ons eie lewensland. Is die vrug van opregte liefde vir God en onvoorwaardelike liefde vir ander daar? Het ons die vrug van 'n diepe innerlike vreugde, ten spyte van groot uitdagings? Sien God sy vrede in ons, selfs in die middel van die storm? Hoe lyk die vrug van geduld wanneer God nie antwoord nie? Dan is daar nog vriendelikheid en goedhartigheid selfs teenoor die wat dit nie "verdien" nie. En getrouheid, nederigheid en selfbeheersing. Dit is die saad en vrug van die Gees in ons lewens wat God opgewonde maak oor die oes.

In baie dele van ons land staan die oes ryp op die lande. Die NAMPO Oesdag is om die draai. Laat dit ons herinner aan die finale Oesdag wat kom en laat dit ons aanspoor om vrug te dra. Dan sal ons met opgewondenheid uitsien na die groot Oesdag! ●





Die fees van die opwekkers

Beste Grootneef

Ons het so 'n tydjie gelede by die familie in die stad gaan kuler. Om daar uit te kom bly 'n stryd – die oorval poale, taxi's en tollenaars maak dit ook nie makliker nie. Min het ons geweet wat in die stad op ons wag. Hoe dit ook al sy – dit is tog altyd lekker om die ou bekendes met aankoms te sien en te beleef. En om op te vang wat waar met wie gebeur het.

Die aand om die etenstafel het die ligte geflikker en toe heel gedoof. Die aanvanklike stilte is oomblikke later versteur deur 'n gekug van een of twee, en weldra 'n gedreun van vele in die buurt. Dit was 'n fees vir opwekkers – groot en klein, met kanne petrol en diesel wat opgeslurp is.

Die huise sonder 'n kragopwekker kan gou uitgeken word met 'n dowwe glans van gas- of paraffienlampe – pure plaas in die middel van die stad. So teen laataand het die gedreun van die opwekkers getaan soos een vir een afgeskakel is of drooggeloop het. Hul fees was verby.

Ou Neef, die volgende oggend was die waangebied egter een groot verkeersknoop. Die meeste robotte was steeds so uit soos 'n kers. Ubuntu en al die mooi goed van 'n reënboognasie was by die laaste uitlaattyp uit, met net eiebelang wat elke kar aangedryf het. Hier en daar met swetsende bestuurders wat hul nerwe verloor het.

Die dag het heel skeef vir die meeste stadsbewoners begin deur laat by skool of kantoor op te daag. Steeds was dit egter het einde niet. Van die kitsbanke het gestaak en het op geen kaart of skakel reageer nie. Van die petrolstasies kon nie pomp nie. Vele winkelsentrums se ligte was gedoof met wagte wat besoekers by ingange weggekeer het. Die slaghuis se snitte was gedaan met 'n saag en 'n blokman wat lusteloos rondgestaan het. Van die woonbuurte se waterkenks het leeggeloop tot daar net lug in die pype was. Op die vraag wanneer 'n nuwe stroom krag weer deur die stelsel sou vloei, was daar onsekerheid by almal.

Die beste deel van die besoek aan die stad, was die pad terug Vrystaat toe.

Ou Neef, dalk is ons dieper in die jêrn met Eskom se deurmekaar sake as wat ons gedink het, met geen profeet wat hulle weer sal kan opwek nie. Bale besighede se voortbestaan hang aan 'n kragdraadjie. Indien kragtoevoer hulle sou pootjie, is daar nie alternatiewe nie. Eie kragvoorsiening met 'n opwekker of 'n sonpaneel is steeds 'n baie duur opsie. Eintlik is algar in en om die stad afhanklik van die kragstrome van Eskom.

Só van afhanklikheid en alternatiewe gepraat. Dit bly mos enige mens se strewe om onafhanklik te bly, jou eie ding te doen en die wêreld te verken. Soos 'n opa Willem wat op 91 by sy kinders kom ouers vra het om weer te trou.

Die verbasing was groot oor die nuwe wending. Oupa is nou wel deur die Boereoorlog en die rebellie, maar om op 91 weer vrou te vat? Die vraag was natuurlik waar hy loop kuler het om weer die vonk van danigheid te laat opvlam. Toe verduidelik opa dat hy op Donderdae by Huls Silwerkroon op die dorp gaan kuler het. En van die jongetjies van so tussen 60 jaar en 70 jaar wat daar rondsit en tee drink. En almal van hulle wat dink hy is nog 'n ramkat wanneer hy daar met sy eie kar voor die deur stop. Jy kan maar sê hy het sy pad oor 'n kan tee aangepuier tot by 'n nuwe lewensmaat. So het hul dan die laaste jare saam

geslyt totdat hy op 97 die laaste aftog geblaas het.

Ou Neef, buurman Dawie het by Graan SA se Kongres vertel dat Kanada nie 'n plek is nie, maar dat dit in jou hart is. So ook is ouderdom bloot 'n nommer met 'n jaartal. Hou die vlam aan die brand met 'n gees van verkenning en die behoud van die goeie. Moet nooit permanent kamp opslaan of op 'n steep bly sit nie. Want die wêreld is wyd – en daar is nog soveel om te sien, met of sonder Eskom.

Groete aan Koster se manne. Met 'n opregte dank vir die vars gestookte wittejies. Dié sal in die wintermaande (à la Jan Spies) 'n poort deur die koue wees.

Kleinneef

Lesers is welkom om 'n e-pos na Kleinneef te stuur by kleinneef@graingrowers.co.za.





raak ontslae van al die gewone verdagtes

Kompetisie deur grasonkruidte verhoed kleingrane om hul volle opbrengspotensiaal te kan bereik. Voorkom dat dit gebeur met AXIAL®

1. Beheer 3 van die belangrikste grasonkruidte: wilde hawer, kanariegras en raaigras
2. Is ten volle sistemies wat verhoogde effektiwiteit en betroubaarheid verseker
3. Help om onkruidweerstand in jou lande te bestuur

AXIAL®. Die slim manier om grasonkruidte te beheer en verhoogde effektiwiteit en betroubaarheid te verseker.



LEES DIE ETIKET VIR VOLLEDIGE BESONDERHEDE.

AXIAL® bevat pinoxaden (Reg. nr. L8517, Wet nr. 36 van 1947). VERSIGTIG
AXIAL® is 'n geregistreerde handelsmerk van 'n Syngenta Groepmaatskappy.
Syngenta Suid-Afrika (Edms) Beperrk, Privaatsak X60, Halfway House, 1685. Tel. (011) 541-4000. www.syngenta.co.za
© Syngenta Ag, 2000. Kopiereg op hierdie dokument word voorbehou. Alle ongemagtigde reproduksie word verbied.



JOU “EENSTOPSAADVERSKAFFER”



PANNAR bied 'n gedugte koringpakket vir produksie onder droëland en besproeiing. Die uitstekende resultate in die LNR-Kleingraaninstituut se nasionale proewe bevestig die uitstekende opbrengspotensiaal, stabiliteit en aanpasbaarheid in die verskillende produksiegebiede.

VEELSYDIGE KORINGKULTIVARS

		Besproeiing				Droëland, Somerreënvalgebied		
Kultivar		PAN 3400	PAN 3471	PAN 3541	PAN 3497	PAN 3368	PAN 3161	PAN 3111
Groeiklas		Lentetipes				Intermediêre Tipe	Egte Wintertipes	
± Dae tot 50% bom	Warmer Areas	94	99	98	101	140	149	152
	Koeler Areas	104	109	108	111	130	135	140



PANNAR®

Saam boer ons
vir die toekoms™

infoserve@pannar.co.za
www.pannar.com